# HOOFSTUK II.

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE KLEUTERSKOOLGEDAGTE IN SUID-AFRIKA.

### 1. DIE INFANT SCHOOL IN SUID-AFRIKA:

a) Die kleinkinderskoolgedagte van Robert Owen het reeds in die twintigerjare van die vorige eeu in die Kaapkolonie posgevat. Van Schalkwyk[1] maak melding van die stigting van 'n kleinkinderskool vir nie-blankes in S.A. deur dr. Philip in die eerste helfte van die 19de eeu. Hierdie navorser motiveer egter ongelukkig nie sy inligting nie. Niemand anders as lede van die nou reeds bekende Skotse Buchanan-familie sou egter direk verantwoordelik wees vir die aanvanklike sukses wat daar op hierdie gebied in die Kaapkolonie behaal is nie. Die volledige verhaal daarvan is opgeteken deur Barbara Buchanan, kleindogter van die kleinkinderonderwyser James Buchanan, in haar „Buchanan Family Records" wat in 1923 gepubliseer is. In „Lantern" [2] is die beskrywing van die geboorte van kleinkinderskole in die Kaap uit genoemde verslag soos volg kortliks weergegee:

> „Toestande in Engeland was nie te maklik na die Napoleontiese oorloë nie, en in 1829 het die oudste en jongste seuns (van James), William (21) en David (10), na Australië vertrek. Terwyl hulle in Tafelbaai aan wal was, het 'n sterk suidooster hulle gedwing om skuiling te soek in 'n saal waar 'n openbare vergadering aan die gang was met die doel om 'n kleinkinderskool in Kaapstad te stig. Dit was duidelik dat die kennis oor die onderwerp maar skraal was en William het dit gewaag om sy sienswyses te lug en die metodes van sy vader te verduidelik. Die gevolg was dat hy gevra is om aan die Kaap agter te bly en met die skool te begin. Dit het hy dan ook gedoen, gehelp deur die jong David. Die skool was hoofsaaklik bedoel vir die kinders van slawe."

Dit is hieruit duidelik dat die inisiatief vir die stigting van 'n kleinkinderskool en die byeenroep van die

openbare/.......

---

1. Van Schalkwyk, G.F. : „'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van die kleuterskool in Europa, Brittanje en Suid-Afrika tot 1946", pag. 89.

2. „Lantern", tydskrif vir volksopvoeding, jaargang 7 nr. 1, Oktober 1957, pag. 86.

openbare vergadering deur iemand anders geneem moes gewees het. Die owerhede was egter spoedig met die saak gemoeid. Op 12 Desember 1831 stel William Parker die destydse goewerneur aan die Kaap, Sir Lowry Cole, in kennis dat die Society for Promoting Christian Knowledge eenduisend pond sterling bewillig het t.b.v. die kerkboufondse te Port Elizabeth, Bathurst, Wynberg en Simonstad en vir die stigting van kleinkinderskole en industriële skole.(3)

In 1833 het 'n nuwe afdeling vir blanke kinders bygekom en is behartig deur Ebenezer Buchanan.(4) In 1839 is James Buchanan, op weg na Nu-Seeland om daar met kleinkinderskole te begin, aan die Kaap deur William omgepraat om hom hier te vestig. Watter rol James self in die ontwikkeling van die kleinkinderskoolgedagte verder hier te lande gespeel het, is nie duidelik nie. Op navraag van die Koloniale kantoor stuur Henry Pottinger op 6.2.1847 aan Earl Grey 'n hoogs bevredigende verslag oor James, opgestel deur sy seun William.(5) Sy dogter, Agnes, het egter haar talente in dié opsig op onderskeidende wyse beoefen, reeds kort na haar aankoms in die Kaap en later ook in Natal, tot na haar sewentigste lewensjaar.(6)

Kleinkinderskole na die patroon van die Engelse Infant School het also aan die Kaap en in Natal inslag gevind. Vir die jaar 1845 word aan die Kaap reeds vir £852 (R1,704) meer begroot.(7) In 1856 ontvang die Britse koningin twee „memorials":

„praying/........

---

3. Despatches Received (11 Aug. 1831 - 28 Maart 1832): Kaapse Argief, G.H. 1/18, nr. 1298.
4. „Lantern", tydskrif vir Volksopvoeding, Jaargang 7 nr. 1. Oktober 1957, pag. 86.
5. Despatches Received: op cit., Kaapse Argief, G.H. 1/34, C.O. 1336, nr. 176.
   Despatch Book, Jan. - Dec. 1847: Kaapse Argief, G.H.23/17 nr.5.
6. „Lantern": op cit., pag. 86.
7. Despatches to Secretary of State, General: Kaapse Argief, G.H. 23/15.

„praying her Majesty to withhold any sanction from a Crown Grant to a portion of land which has been set apart for the purpose of an infant school." (8)

'n Jaar later meld Anne Read, dogter van die sendeling, in 'n skrywe aan die goewerneur aan die Kaap dat sy die kleinkinderskool op Philipstown bestuur en doen aansoek om 'n regeringstoelaag, daar sy slegs £24 (R48) per jaar ontvang en by een geleentheid selfs sowat 200 leerlinge moes behartig. (9)

b) Bemoeienis met en steun aan enige vorm van georganiseerde voorskoolse onderrig moet bepaald hier te lande tot die Engelse owerhede of Engelsgeoriënteerde inisiatief beperk gebly het. Navorsers in die Geskiedenis van die Opvoedkunde in Suid-Afrika (10) maak dan ook nie melding van enige reëling in dié verband onder die Afrikaanssprekende inwoners van die Kaapkolonie of onder die Voortrekkers nie. Ook word tevergeefs gesoek na verwysinge na of bepalinge i.v.m. voorskoolse onderrig in die onderwyswette wat daar in die tweede helfte van die vorige eeu in die Boererepublieke uitgevaardig is. Hierdie toedrag van sake moet noodwendig en hoofsaaklik uit die volgende oorweginge verklaar word:

i) Daar moes gedurende die Groot Trek en daarna weinig, indien enige, behoefte aan sodanige georganiseerde reëling bestaan het: Die kleinkinderskool, as uitvloeisel van die liberale en filantropiese beweginge, moet gesien word in teenstelling met die oorwegend gereformeerd-godsdienstige beskouinge van die Pionier. Ook was dit juis die politieke en godsdienstige teenstander van die Pionier onder wie se bewind hierdie gedagte na

die/......

---

8. Secretary of State Despatches: K.A.,23/26, pag. 481.

9. Private Secretary Office; Miscellaneous: K.A., G.H. 22/9 nrs. 23, 24 en 25.

10. Vgl. bv. Coetzee, prof. dr. J.Chris: „Onderwys in Suid-Afrika, 1652 - 1956";
Luchtenburg, A.H.: „Geskiedenis van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900";
Malherbe, E.G.: „Education in South Africa, 1652 - 1922".

die Kaap oorgebring is.

ii) Die vestiging in die binneland het 'n tydperk van maatskaplike, staatkundige, kerklike en selfs opvoedkundige opbou en konsolidasie meegebring in die reëling waarvan noodwendig die klem vir die Afrikaner op die vir hom dringendste onmiddellike behoeftes sou val. Verspreidwoning en die afwesigheid van groot stede met agterbuurtes, moes dan sodanige georganiseerde reëling as praktiese onderwyspolitiek of selfs sosiale behoefte by die Afrikaner uitgeskakel het.

2. ENKELE OPMERKINGS OOR DIE KINDERGARTEN IN SUID-AFRIKA:

a. Dit sou dan ook weer tydens en na die Tweede Vryheidsoorlog (1899 - 1902) wees dat die Britse veroweraar georganiseerde voorskoolse onderwys vir die Afrikaner ingevoer het, in 'n tyd toe die sgn. Free Kindergarten in Engeland die oorwegende vorm van kleinkinderonderwys was.(11) Bruwer gee in sy verhandeling(12) 'n mooi beskrywing van hoe in die Oranje-Vrystaat onder militêre bestuur 'n aantal kleinkinderklasse deur die destydse onderwysdepartement in die lewe geroep is onder beheer van gekwalifiseerde Engelssprekende kindertuinonderwyseresse en wys voorts daarop dat die Vrystaatse Onderwyswet van 1910 'n heldere begrip van die Froebelskool weerspieël:

> „This act stressed the importance of methods employed and the conventional primary school syllabus with its emphasis on the four R's was banned from the first years course. The holistic conception of education was to be observed in all activities which were to bring about the harmonious development of the whole of the child's faculties."

Belangrik is dit dat die doel van dié onderwys en die

informele/.......

---

11. Vgl. hierdie verhandeling hoofstuk 1, 3(a), pag. 12.

12. Bruwer, J.P.J.: „Education in the Orange Free State", pag. 85. (Onderstreping deur my)

informele karakter daarvan in die eerste jaar, soos hierbo omskryf, reeds dui op verband met die vernuwing en gisting van gedagtes wat in dié opsig nagenoeg dieselfde tyd in Engeland aan die gang was.[13] By verre kan dit egter nie vergelyk word met die nuwe benadering van die McMillan-susters nie. Dit was 'n Froebel-skool, hoofsaaklik as aanhangsel van die laer skool, en 'n deeglike begrip daarvan. Die „catch them young" -politiek sou in die poging tot anglisering van die Afrikaner in die voorsiening van hierdie tipe onderwys, sekerlik ook geen geringe oorweging gewees het nie, vandaar die onopvoedkundige gebruik van 'n vreemde voertaal (afgesien van die moontlikheid dat geen opgeleide Afrikaanssprekende kindergartenonderwyseresse beskikbaar was nie) en die noodwendige vir die Afrikaner vreemde „klimaatsverandering" in die gees van sy tradisionele skoolwese,[14] juis deur die gebruik van volksvreemde onderwyseresse.

Die kindergarten sou van owerheidsweë nie die nodige steun geniet nie en spoedig uit die amptelike onderwysprogramme van die provinsies geweer word; in die Oranje-Vrystaat reeds in 1920[15] en, soos uit die verslag van die Onderwyskommissie van 1926[16] afgelei kan word, hoofsaaklik om finansiële redes. Die destydse Unieregering het ooreenkomstig sy finansiële verhoudingswet van 1921[17] ook geen voorsiening gemaak vir die betaling van subsidies t.o.v. kinders/......

---

13. Vgl. hierdie verhandeling Hoofstuk I,3(d) pag. 15 verder.
14. Vir die doel van die Engelse veroweraar en die C.N.O.-stryd van die Afrikaner vgl. bv. Greyling, E., „Godsdiensonderwys in die Skool", pag. 79 en 94 verder.
15. Bruwer, J.P.J. : „Education in the Orange Free State", pag. 85
16. Rapport van die Onderwyskommissie van Ondersoek aangestel deur die Administrasie van die Provinsie Oranje-Vrystaat, 1926; par. 45 - 48.
17. Rapport van die Onderwyskommissie: op cit.

kinders benede die ouderdom van sewe jaar nie.

b) Ten opsigte van die beginsel en latere organisasie van voorskoolse onderwys is die reeds aangehaalde verslag van die Vrystaatse onderwyskommissie egter ook ŉ belangrike dokumentêre getuienis van sy tyd. Uit die bewoording en gees van die verslag kan die volgende belangrike afleidinge gemaak word:

i) Die kommissie aanvaar die beginsel van kindergartens as nuttig en van suiwer opvoedkundige waarde vir die latere ontwikkeling van die kind.

ii) Om veral finansiële redes word die kommissie verhinder om dit as grondslag van alle onderwys, daarom integrale deel van die onderwysstelsel en as ten volle staatsverantwoordelikheid te aanvaar en aan te beveel.

iii) Die aanvaarding van die beginsel vir <u>veral</u> stede en dorpe kan op praktiese oorweginge dui, maar die begrippe „<u>groot</u> stede en dorpe" en „wesenlike behoefte" dui daarop dat die Kommissie bepaalde maatskaplike toestande wat in groot stede en dorpe, hetsy by afwesigheid van sekere noodsaaklike bevorderlike opvoedingsfaktore <u>of</u> teenwoordigheid van skadelike faktore, stremmend op die latere ontwikkeling van die kind mag inwerk in gedagte moes gehad het. Dié tipe onderwys word dus hier aanbeveel as ŉ nuttige opvoedkundige hulpdiens in omgewings waar bepaalde maatskaplike leemtes mag bestaan, a.g. waarvan die primêre funksies van die ouer en ouerhuis nie „normaal" beoefen word nie.

In die aanbeveling van die Kommissie dat

> „waar wesenlike behoefte aan ŉ kindergarten bewys is, en ŉ samelewing bereid is om ŉ geskikte lokaal en ander benodigdhede vir die doel te verstrek, die Administrasie die stigting daarvan kan aanbeveel en steun deur

die/........

die salaris van die onderwyseres gedeeltelik of ten volle te betaal"

lê die kiem van 'n stelsel van staatsondersteunde voorskoolse onderwys opgesluit en dit sou ongetwyfeld as spoorslag dien in die latere reëling van kleuteronderwys in die Oranje-Vrystaat. Die aanbeveling van die ten volle of gedeeltelike betaling van onderwyseresse se salarisse sou later en tot op hede in effens gewysigde vorm konkrete uitdrukking vind in die beleid en praktyk van die Oranje-Vrystaat.

iv. Dit is opvallend dat hier nog geen verwysing is na die benaming of begrip „kleuterskool" nie, in dié sin soos vertolk deur die McMillans en Owen en soos dit in die twintigerjare geleidelik besig was om sig in Engeland te vestig nie. Dit mag wees dat die kindergarten en kleuterskool nie gesien is as twee wesensverskillende inrigtings nie.[18] Dit mag ook wees dat die Froebelskool, soos dit as erkende en ervaarde suiwer opvoedkundige inrigting vroeër in die Oranje-Vrystaat toegepas is, hier in gedagte was.

c) Volgens prof. Nel het daar in 1941 reeds etlike jare kindergartenskole of -klasse in die land bestaan.[19] Hulle is egter inrigtinge vir formele onderrig. In die amptelike lyste van geregistreerde skole van die Onderwysdepartemente van Natal en die Kaapprovinsie word ook nog die name „Infant School" en „Kindergarten" teegekom, maar dit is ook inrigtings (skole of -klasse) vir formele onderrig/........

18. Vgl. die skrywe van die Dir. van Onderwys, Oranje-Vrystaat, aan die Administrateur van daardie provinsie op 5 Julie 1944, waarin dit gestel word dat die Onderwyskommissie van 1925 reeds baie ernstig die kwessie van kleuterskole"ondersoek het: Stukke van die O.D.O.V.S., "Lêer Z 443/2.

19. Nel, B.F. : „Waarom Kleuterskole - en veral Afrikaanse Kleuterskole?", artikel in „Koers", dl. IX, nr. 1, Aug. 1941, pag. 1.

onderrig en hou geen verband met kleuterskole as sodanig nie.

## 3. DIE ONTSTAAN VAN DIE KLEUTERSKOOL IN SUID-AFRIKA:

### a. GEBOORTE UIT SOSIO-EKONOMIESE NOOD:

Die stelling dat sosio-ekonomiese faktore bepalend is vir die onderwysstelsel van 'n volk, sou al te waar blyk te wees in die geval van die kleuterskool-gedagte in Suid-Afrika, die ontstaan, ontwikkeling en toepassing daarvan. In die sosio-ekonomiese struktuur van die groot stede, en veral Johannesburg, onmiddellik in die jare voor en tydens die depressie (1932 - 1933), het daardie maatskaplike faktore verskuil gelê wat sou aanleiding gee tot ontstaan en inslag van hierdie gedagte.

Die stedelike skakelbeampte van die Pretoriase Stadsraad berig dat volgens dr. H. Nelson die kleuterskoolbeweging in Pretoria reeds laat in die twintigerjare begin het [20]

Die Johannesburgse Stadsraad sou eerste wees om belangrike aanvoorwerk te doen in die opvoeding van die behoeftige voorskoolse kind met sy besluite van 26 Augustus 1930,[21] waardeur die beginsel van die stigting van Nursery Health Classes aanvaar is, wat sou lei tot die aanvang van hierdie klasse op 1 November 1930[22] onder beheer van die Gesondheidsdepartement van die Raad. Uit die naam hierbo en uit die notule van die Raad (26 Aug. 1930) is dit duidelik dat die eerste oogmerk sou wees die fisiese versorging van kinders tussen die ouderdomme van 2 tot 7 jaar, vir wie van owerheidsweë tot dan toe geen sodanige amptelike voorsiening gemaak is nie en dan vir kinders in die eerste plek in die westelike gebiede van die stad, wat om sy swak behuisings- e.a. toestande bekend was. Dit is ook duidelik dat die/........

20. Persoonlike korrespondensie : Die Stadsklerk van Pretoria aan ondersoeker : HB/RC 1, 22 Mei 1962.

21. Stadsraad van Johannesburg: Notule van die 533ste sitting van die Stadsraad, 26 Augustus 1930, pag. 706.

22. Stadsraad van Johannesburg: op cit., pag. 706 verder.

die Nasionale Vroueraad deur besluite en aanbiedinge aan die Raad 'n praktiese moontlikheid geskep het. In 1934 het die Stadsraad 3 Nursery Health Classes met 'n gesamentlike hulptoelae van £900 (R1,800) gesteun.(23) Teen 1936 het die getal aangegroei tot 6 met 'n totale inskrywing van 300 kleuters.(24)

Die eer kom egter die Stadsraad van Pretoria toe vir die stigting van die eerste kleuterskool, reeds in 1931. Hierdie skool het 'n toelaag van £300 (R600) van die Raad ontvang,(25) daar die Raad steeds van mening was dat kleuterskole 'n belangrike rol speel „in die versorging van die kind, veral onder huidige omstandighede."

Wat gesien kan word as direkte uitvloeisel van die verslag van die Onderwyskommissie van 1926, waarna reeds verwys is, het die Proviniale Administrasie van die Oranje-Vrystaat kragtens artikel 60 van Onderwysordonansie nr. 15 van 1930, amptelik voorsiening gemaak vir die ondersteuning van kindergartens in woonbuurte waar die huislike omstandighede swak is, deur die voorsiening van gekwalifiseerde onderwyseresse op voorwaarde dat 'n deur die Administrasie erkende liefdadigheids- of openbare liggaam die gebou en uitrusting voorsien en in stand hou.(26) Daarmee het die Vrystaat nie alleen die voortou onder die Provinsies geneem met die daarstelling van wetgewing i.v.m. kleuterskole nie, maar ook die opvatting van die nut van kleuterskole alleen vir minderbevoorregtes gewettig. Dat die behoeftes in die Vrystaat in dié opsig gering was, moet daaruit afgelei word

dat/........

23. Die Onderwysburo, T.O.D. : „Verhandeling oor die Beleid en Praktyk van Kleuterskole (Transvaal) met besondere verwysing na die vraag van hulptoelaes", pag. 17, par. 37.
24. Pretoria and Johannesburg Preschool Child Committee of Enquiry: Notule van die komitee van 19.5.1936, par. 9; stukke van die K.S.V. van S.A.
25. Persoonlike korrespondensie: Stadsklerk van Pretoria aan ondersoeker, HB/RC. 1, 22 Mei 1962.
26. O.D.O.V.S. : Afskrif van Art. 60 van Onderwysordonansie nr. 15 van 1930 in lêer Z.443/1.

dat tien jaar later net twee, en albei aan Weeshuise verbonde, kragtens genoemde ~~ordonnansie~~ gesteun is, terwyl die eerste van die twee skole waarskynlik eers in 1937 tot stand gekom het.

Die vooropstelling van die belangrikheid van deeglike gesondheidsorg in die voorskoolse jare vir die opvoeding van die kind word ook gevind in 'n besluit wat die S.A. National Council for Child Welfare in 1933 geneem het.(27)

Daarin word uiting gegee aan die gedagte van gesistematiseerde gesondheidsversorging van alle kinders, nie net minderbevoorregte kinders nie, tussen die ouderdomme 3 tot 6 jaar en word die inskakeling van voorskoolse gesondheidsklasse as integrale deel van die onderwysstelsel bepleit.

b. STEUN VANUIT OPVOEDKUNDIGE OORD EN DIE KOÖRDINERING VAN KRAGTE:

In Julie 1934 vind die sitting van die Suid-Afrikaanse konferensie van die New Education Fellowship (N.E.F.) te Kaapstad en Johannesburg plaas.(28) Die besoek van 'n groot aantal oorsese geleerdes by hierdie geleentheid word deur prof. J. Chris Coetzee(29) genoem as een van die faktore wat bygedra het tot vernuwing van die onderwys in Suid-Afrika. Vir die vestiging van die gedagte van voorskoolse onderwys in Suid-Afrika was hierdie konferensie van deurslaggewende belang. Tydens die konferensie is vyf voordragte (waarvan drie deur oorsese sprekers) oor voorskoolse onderwys gelewer en is ook 'n komitee vir die Afdeling voorskoolse onderwys saamgestel onder voorsitterskap van mnr. Handel Thompson.(30)

Op/.......

27. Webber, Vera: „The Development of Nursery Education in South Africa with particular reference to Nursery Schools, 1930 - 1958"; Appendix 4 no. 4.
28. Malberbe, dr. E.G. (ed.) : „Educational Adaptations in a Changing Society", hoofstuk 9 (pag. 228) en pag. 541.
29. Coetzee, prof. dr. J. Chris. : „Die Moderne Opvoeding", pag. 50.
30. Malherbe, dr. E.G. (ed.) : op cit., hoofstuk 9, pag. 228 verder. N.E.F. Preschool Child Section: Notule van spesiale vergadering; stukke van die K.S.V. van S.A.

Op 26 Julie 1934 is 'n buitengewone vergadering belê en bygewoon deur persone wat die byeenkomste van die Afdeling vir Voorskoolse Onderwys van die konferensie bygewoon het, met die doel om die daarstelling van 'n nasionale organisasie vir die voorskoolse kind te oorweeg. 'n Komitee van 18, bestaande uit lede gelykverteenwoordigend van die twee stede Pretoria en Johannesburg en terselfdertyd nege verskillende beroepe wat direkte belang by die versorging en opvoeding van die voorskoolse kind kon hê, is saamgestel „to enquire into the desirability or otherwise of the formation of a National Pre-school Child Association". 'n Breedopgesette opdrag is aan die komitee gegee:

„1. To survey the field, and to study what is being done in South Africa and in other countries.

2. To provide a channel for the co-ordination of various efforts in this field in South Africa.

3. To promote interest in the whole question of the Pre-school child, through existing organisations.

4. To enquire into the possibility of education of workers in this field.

5. The setting up of standerds.

6. To direct the development of a national program.

7. To consider the financial aspects of the question."[31]

Hierdie komitee, aanvanklik bekend as die Pre-School Association Joint Committee en later as die Pretoria and Johannesburg Pre-school Child Committee of Enquiry, het onmiddellik aan die werk gespring en die opdragte onder verskeie sub-komitees verdeel waarvan die eerste reeds op 13 September 1934 'n onderhoud met die Administrateur oor die wetlike aspekte van steun aan kleuterskole deur die provinsie gehad het.[32] Op 17 September lewer hierdie sub-komitee reeds verslag/.......

31. N.E.F. Preschool Child Section : Notule van spesiale vergadering; stukke van die K.S.V. van S.A.

32. Preschool Association Joint Committee : Notules van 13.8.1934 en 17.8.1934; stukke van die K.S.V. van S.A.

verslag aan die Committee of Enquiry van die goedgesindheid van die Administrateur en sy aanbeveling dat die guns van die Provinsialeraadslede in Johannesburg en Pretoria gewen word ten einde die inisiatief vir 'n voorstel van finansiële steun deur die Administrasie van kleuterskole en die steun daarvan in die Raad te verkry.

Hierdie wenk is gevolg en die komitee het 'n voorligtingstuk(33) ter inligting van Provinsialeraadslede saamgestel, bevattende besonderhede en aanbevelinge oor 'n beleidsverklaring van die komitee, die doel en funksies van kleuterskole, noodsaaklike kenmerke van kleuterskole, terrein en geboue, grootte van skole, personeelvoorsiening en die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse. Hierdie stuk kan met reg beskou word as die eerste dokument wat in Suid-Afrika oor kleuteronderwys saamgestel is en is nie alleen belangrik vanweë die feit dat dit tot inligting en beïnvloeding van Provinsialeraadslede moes en sou dien nie, maar veral ook omdat dit as beknopte standaard vir kleuterskool en Provinsiale Owerheid kon dien, in breë trekke die patroon verteenwoordig waarop die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika later sou voortbou in sy beleid en propagering en dat hierin in die omskrywing van die doel en funksie van die kleuterskool, naas die fisiese versorging van die voorskoolse kind, ook klem gelê word op die opvoedkundige aspek van kleuteronderwys.

Heel duidelik om taktiese redes is daar in die omskrywing van die doel van die kleuterskool ingevoeg:

> „care and training of young children, aged 1½ years to school going age, whose attendance at such a school is necessary and desirable for their physical and mental development; where accommodation is not equal to the demand, selection of pupils to be made on the principal of greatest need."

want in die notule van die komitee van 17 September 1934

lees/........

33. Die volledige stuk is vervat in die Notuleboek van die Pretoria and Johannesburg Pre-school Child Committee of Enquiry; stukke van die K.S.V. van S.A.

lees ons:

> „The chairman pointed out that for financial reasons it would be impossible to provide schools for all children of pre-school age and advised the Committee to work for a small beginning, and that they would get more sympathy if at first they aim at admitting the poorer children on a voluntary basis - the Scheme to be extended later if sucessful."

Daarmee is die gedagte van die kleuterskool vir die minderbevoorregte verder beklemtoon en, parallel met die ontwikkelinge in Brittanje, hoofsaaklik om finansiële redes. Die beleid van 'n „small beginning" moes bepaald meehelp om hierdie kenmerk tiperend te maak van kleuteronderwys in Suid-Afrika, sodat selfs in die ontwikkelinge jare later, onderwysowerhede en sommige lede van die algemene publiek moeilik, indien ooit, tot ander insigte gebring is of kon word.

## C. DIE AANVANG VAN PROVINSIALE BELANGSTELLING IN TRANSVAAL:

Deur persoonlike beïnvloeding en die voornoemde inligtingstuk is die steun van Provinsialeraadslede van Pretoria en Johannesburg verkry om op 23 Oktober 1934, 'n dag voordat die Raad in sitting sou gaan, 'n buitengewone vergadering in Pretoria by te woon oor die saak van finansiële steun aan kleuteronderwys deur die Provinsie. Gevolg hiervan was dat die volgende voorstel van mnr. Handel Thompson die volgende dag, di. 24 Oktober 1934, deur die Provinsiale Raad van Transvaal aanvaar is:

> „That in the view of the desirability of establishing and subsidising classes for pre-school children in the Province, the Executive Committee be requested to formulate a scheme in co-operation with the Union Health Department and Local Authorities for carrying this into effect." (34)

Ingevolge hierdie besluit is 'n omvattende departementele komitee aangewys, bestaande uit verteenwoordigers van die Transvaalse Onderwysdepartement, die Pretoria and Johannesburg/.......

34. Pretoria and Johannesburg Preschool Child Committee of Enquiry: Verslag van dr. Ruth Arndt in die notuleboek van die Komitee; stukke van die K.S.V. van S.A.
T.O.D. : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1935.

Johannesburg Pre-school Child Committee of Enquiry, die Unie-Onderwysdepartement en die N.E.F., die Departement van Volkswelsyn en die Stadsrade van Pretoria en Johannesburg, wat in 1935 in die vorm van 'n memorandum 'n basis vir die organisasie van voorskoolse onderwys vir die Provinsie neergelê het.[35] Die Departement van Onderwys het die saak egter nie as van dringende belang beskou nie[36] en was slegs bereid om finansiële steun te verleen op dieselfde basis as vir ondersteunde privaatskole, nl.

„make a grant not exceeding half of the expenditure on the salaries of the teaching staff in aid of such Schools . . ."

In die Direkteursverslag van 1935 lees ons egter: „Daar die voorwaardes soos uiteengesit in die voorgelegde skema (Memorandum 6), <u>die aanspreeklikheid van die Provinsie beperk, word aanbeveel dat die beginsel van voorskoolse onderrig aangeneem word</u>."[37]

Eers nadat weereens mnr. Handel Thompson, op aandrang van die Committee of Enquiry, op 18 Maart 1936 'n voorstel dat 'n buitengewone bedrag van £1,200 (R2,400) vir die boekjaar 1936/37 vir voorskoolse onderwys bewillig word, suksesvol deur die Provinsiale Raad geloods het, het die U.K. op 8 April 1936, na aanleiding van bg. Memorandum nr. 6 en die aanbevelinge van die Departement van Onderwys, die beginsel van subsidiering van kleuterskole aanvaar en die voorwaardes waaronder dit vanaf 1 Julie 1936 sou geskied neer-

gelê/.......

35. T.O.D. Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1935, memorandum 6.
Die Onderwysburo, T.O.D. : „Verhandeling oor die Beleid en Praktyk van kleuterskole (Transvaal)", pag. 16. par. 34.

36. Vgl. die memorandum van die destydse Direkteur van Onderwys, mnr. G.A.C. Kuschke aan die Administrateur op 5 Junie 1935 in die notuleboek van die Pretoria and Johannesburg Preschool Child Committee of Enquiry: stukke van die K.S.V. van S.A.
Vgl. ook Pretoria and Johannesburg Preschool Child Committee of Enquiry: Notule van 12.9.1935; stukke van die K.S.V. van S.A.

37. T.O.D. : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1935. (Onderstreping deur my.

gelê.[38]

Teen die einde van 1936 is reeds 7 kleuterskole en -klasse met altesaam 303 kleuters op die basis van £3 (R6) per kleuter per jaar, soos deur die U.K. neergelê, ondersteun. In die Direkteursverslag van dieselfe jaar lees ons:

„die erkenning van kleuterskole is ongetwyfeld 'n stap vorentoe. Die noodsaaklikheid van sulke skole, veral in die agterbuurtes, is herhaaldelik deur verskeie liggame en persone beklemtoon."[39]

Soos die Oranje-Vrystaat in sy onderwysordonansie van 1930, was Transvaal dan van die begin af bereid om kleuteronderwys onder bepaalde voorwaardes te steun, is die kleuterskool nie as integrale deel van die onderwysstelsel van dié provinsies aanvaar nie en het die oorwegende klem geval op bediening van die mindergegoede kind.

4. DIE VESTIGING EN UITBREIDING VAN BELANGSTELLING IN KLEUTERONDERWYS:

a. ONDERWYSKOMMISSIEVERSLAE:

i) Na die Onderwyskommissie van die Oranje-Vrystaat (1926), waarna reeds verwys is, het verskeie onderwyskommissies ingegaan op die saak van kleuteronderwys en aanbevelinge te dien effekte gedoen wat nie slegs in meerdere of mindere mate die Provinsiale beleide in dié opsig sou beïnvloed nie, of die rigting van die praktyk sou bepaal nie, maar noodwendig ook sou bedra tot wyer inslag van die gedagte en die voorstanders daarvan tot groter aktiwiteit sou aanspoor.

ii) In die Verslag van die Onderwyskommissie van Natal (1937)[40] wys die kommissie daarop dat die onderwysbeleid

in/........

38. Pretoria and Johannesburg Preschool Child Committee of Enquiry : Notule van 19 Mei 1936; stukke van die K.S.V. van S.A.
T.O.D. : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1936.
39. T.O.D. : op cit. (onderstreping deur my.)
40. Verslag van die Onderwyskommissie 1937, gepubliseer by Provinsiale Kennisgewing No. 60, 1938, in die Offisiële Koerant van die Provinsie Natal op 5 Februarie 1938, par. 123 en 318.

in Natal nog nooit enige verantwoordelikheid vir kinders onder skoolgaande ouderdom aanvaar het nie en spreek die gedagte uit dat dit ook nie behoort te gebeur nie alvorens die onderwysstelsel nie baie meer ontwikkel is nie. Die enigste vorm van voorskoolse opvoeding waarna in die verslag verwys word is „pleegskole" (crèches) en hoewel hulle 'n baie nuttige diens aan die gemeenskap kan bewys, word bevind dat hulle „nie binne die sfeer van die kinderwelvaart" en daarom nie uit die begrotingspos onderwys behoort ondersteun te word nie.

In die verslag van 'n volgende Onderwyskommissie van dieselfde provinsie (1946)(41) word egter na breedvoerige motivering tot die slotsom gekom dat die tyd aangebreek het vir die staat om die terrein van die voorskoolse onderwys te betree, om finansiële hulp onder bepaalde voorwaardes te verleen vir die stigting van kleuterskole in sekere gebiede en om beheer uit te oefen. Die Kommissie beveel selfs aan „that where the circumstances demand the establishment of nursery schools they should be attached to Infant Schools."

iii) In die verslag van die Nicol-kommissie van Transvaal (1939)(42) is egter vir die eerste maal breedvoerig ingegaan op die hele saak van kleuterskole. Onder die hoof „Noodsaaklikheid vir Kleuterskole" word gewys op die waarde van sodanige inrigtings vir voorkoming en/of genesing van herstelbare fisiese gebreke in 'n belangrike lewenstadium van die kind, vir die vorming van goeie en gereelde gewoontes, vir die sosiale vorming en voorbereiding tot inskakeling in die laer skoolgemeenskap, vir die opvoedkundige ontwikkeling/........

41. Verslag van die Onderwyskommissie 1946, benoem by Provinsiale kennisgewing nr. 59 gedateer 10 Febr. 1944.

42. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (Nicol-kommissie) benoem ingevolge Administrateurskennisgewing nr. 124 van 3 Maart 1937; T.P. no. 5 - 1939.

ontwikkeling van belangstellinge, beheer en die volle persoonlikheid. Die Kommissie is oortuig dat die kleuterskool deur die uiterstes van lewensomstandighede in stede vereis word en van groot vormende waarde kan wees vir kinders wat (1) nie kwalifiseer vir toelating tot versorgingsoorde nie, nie nodig het om vir 'n volle dag van hulle moeders verwyder te wees nie, maar tog vir 'n gedeelte van die dag weggeneem kan word uit die onwenslike omgewing waarin hulle ouers verplig is om te verkeer; (2) in woonstelle ingehok word. Die Kommissie stel teenoor die argument van die gevaar van verwydering van die kind van sy huis op 'n tydstip wanneer sy belangstellinge om die huislike omgewing gesentreerd behoort te wees, die oogmerk van die kleuterskool om deur noue kontak met en voorligting aan die ouer die ouer-kind-verhouding in die opvoeding te verbeter.

Verdere gedagtes en opvattinge van die Kommissie oor kleuterskole kan soos volg saamgevat word:

1) Die kleuterskool in Suid-Afrika verkeer in 'n eksperimentele stadium, die terrein is nog nie helder omlyn en beskryf nie; daarom behoort eerste voorsiening daarvoor vir minderbevoorregtes in digbewoonde gebiede gemaak te word, terwyl eksperimentering daarmee in plattelandse dorpe, waar getalle dit regverdig, nuttig mag wees. (par. 235)

2. Bywoning van kleuterskole behoort nie verpligtend gemaak te word nie. Die mate van hulle gewildheid moet self hulle inskrywings bepaal. (par. 236)

3. Die onderwyseres behoort in staat te wees om die kind aan te spreek in daardie landstaal wat beste bekend is aan die kind. Die voertaalkwessie is 'n bykomstige rede waarom die Provinsie hom met kleuteronderwys behoort te bemoei. (par. 237)

4. Die opvoedkundige voordele van die kleuterskool vir die kind is nie finaal bepaal nie, maar die waarskynlike voordele spreek so sterk dat finansiële steun deur die Provinsie vir dié werk geregverdig is. Die waarde daarvan uit welsynsoogpunt behoort deur die Unieregering erken te word. (par. 238)

Die/.......

Die Kommissie beveel daarom in paragrawe 239, 240 en 160 van die verslag aan:

I) „dat indien en wanneer die Unieregering bereid is om die kleuterskoolonderwys te subsideer met die oog op sy waarde as welsynswerk, en wanneer die munisipaliteite oor die algemeen bereid is om dit uit die gesondheidstandpunt te ondersteun, die Provinsie die verantwoordelikheid moet aanvaar om die hele skema as 'n gereelde gedeelte van die onderwysstelsel te finanseer en te beheer;" (par. 239)

II) dat die huidige stelsel vir die hede behou en ontwikkel word; dit sal nie nodig wees om die hoofdelike bydrae van £3 (R6) per jaar te verhoog nie. (par. 240)

III) dat 'n tweejarige kursus vir die opvoeding van kleuterskoolonderwyseresse aan een of twee Normaalkolleges ingestel word, wanneer die behoefte sig mag voordoen. (par. 160.)

iv) Die Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys (1948) [43] het in sy verslag kleuterskole in die voorgestelde nasionale onderwysskema ingesluit uit hoofde van die meerderheidsoortuiging van die Kommissie „dat die Staat bereid behoort te wees om verantwoordelikheid vir georganiseerde voorskoolse onderwys te aanvaar." (par. 244). In die lig van die nadruk wat in hoofstuk IV van die verslag op die bewaring van menslike hulpbronne en die daarstelling van gesonde menslike verhoudinge dwarsdeur die onderwysstelsel gelê word, voel die Kommissie dat „'n ontsaglike hoeveelheid menslike verkwisting uitgeskakel kan word deur onderwysfasiliteite vir diegene tussen 3 en 6 jaar, wie se opvoeding tuis gebrekkig is, te verskaf." (par. 245) en verder dat „onderwysowerhede die feit onder die oë moet sien dat die maatskaplike ontwikkeling van die voorskoolse kind/.......

---

43. **Verslag** van die Kommissie i.s. Tegniese en Beroepsonderwys (de Villiers-Kommissie) Staatsrukker, Pretoria. N.G. 65/1948; Afdeling B, hfst. 5, par. 244 - 248.

kind van die uiterste belang is by die vasstelling van die indiwidu se vermoë om gesonde persoonlike verhoudings in sy latere lewe aan te lê, en dat moderne gesinslewe in 'n steeds toenemende aantal huise nie voorsiening maak vir die opdoen van die ondervinding wat tot gesonde maatskaplike ontwikkeling gedurende die voorskoolse jare lei nie." (par. 246). Voorts stel die Kommissie dit dat die beroepsopvoedkundige veral belang stel „in die voorkomingsmaatreëls in verband met verstandelike en liggaamlike gesondheid, wat volgens onlangse sielkundige navorsing 'n dringende behoefte geblyk het in verband met die onderwys van 'n groot aantal van die volk se voorskoolse kinders." (par. 247).

Die Kommissie vestig in par. 248 die aandag van onderwysowerhede op die aanbeveling van die South African Teachers' Association wat die Kommissie volmondig ondersteun en wat soos volg lui:

> „Die Kleuterskool of - klasse moet 'n deel uitmaak van die Nasionale onderwysstelsel. Bywoning behoort opsioneel te wees. Daar behoort geen formele onderrig vir die kinders van 3 plus tot 5 plus te wees nie. Die oogmerk behoort te wees om gesonde liggaamlike, verstandelike en geestelike groei te ontwikkel, om geskikte liggaamlike en verstandelike gewoontes te bestendig en om spontane skeppende belangstellings te wek en sodoende hierdie kinders vir die „gewone" skool voor te berei. Die onderwysowerhede behoort onmiddellik toereikende voorsiening vir die opleiding van kleuterskoolonderwysers te maak en om 'n bepaalde skaal van salarisse op te stel."

In 'n minderheidsverslag (44) het mnr. Sinton van die aanbeveling dat die kleuterskool 'n deel van die Nasionale Onderwysstelsel moet uitmaak verskil en die standpunt gehuldig dat dit hom voorkom of „'n poging aangewend word om ouers van hul plig teenoor hul kinders te onthef", terwyl dit „miskien nodig (kan) wees in die geval van moeders wat, weens ekonomiese noodsaaklikheid, verplig is om elke dag te werk", in welke geval, volgens mnr. Sinton, hul kinders deur die Departement van Volkswelsyn versorg behoort te word en

hulle/........

44. Verslag van die Kommissie i.s. Tegniese en Beroepsonderwys, aanhangsel A.

hulle die hele dag in 'n crèche behoort deur te bring waar hulle drie maaltye kry, i.p.v. die een maaltyd wat by die kleuterskool verskaf word. Mnr. Sinton bereken verder dat die toevoeging van drie jaar, vir kinders van 3 tot 6 jaar, aan die onderwysstelsel 'n bykomstige las van tenmiste £6 miljoen vir die staat sal meebring.

v) Nadat die Onderwyskommissie van die Oranje-Vrystaat in sy verslag van 1951(45) breedvoerig ingegaan het op die oorsake vir die ontstaan van die staat se verantwoordelikheid vir die voorskoolse kind (par. 215-216), die oogmerke van kleuteronderwys omskryf het (par. 217 - 218), kortliks die ontwikkeling van beleid en praktyk in die O.V.S. geskets het (par. 219 - 223), die personeelposisie oorsien het (par. 224) en die argumente teen en vir kleuterskole opgesom het (Par. 225 - 6), beklemtoon die Kommissie in par. 228 - 230 die erkende voordele van die kleuterskool en kom dan tot die oortuiging dat die kleuterskoolbeweging op die lange duur nie gekeer kan word nie, dat hulle in 'n werklike behoefte voorsien, maar dat bywoning nie verpligtend moet wees nie. Die Kommissie beveel daarom aan (par. 232):

„ 1. dat die Administrasie die beginsel aanvaar dat die kleuterskool mettertyd deel word van die provinsiale onderwysstelsel van die O.V.S.;

2. dat intussen voortgegaan word met die stelsel soos bepaal in Art. 60 van Ordonansie nr. 15 van 1930, soos gewysig deur Art. 60 van 1945 met dien verstande dat:-
   (a) kleuterskole in gegoede buurtes toegelaat word om ook nie - skoolgeld-betalende kinders uit behoeftige gesinne in te skryf;
   (b) die skoolgeld wat gegoede ouers betaal vir leerlinge/.......

---

45. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951; benoem onder Administrateurskennisgewing No. 62 van 27 Maart 1946; par. 215 - 232.
O.D.O.V.S. : Kommentaar op die verslag ; Lêer Z 443/5.

leerlinge wat opgeneem word in kleuterskole, verhoog word tot £7 per kind per jaar, waarvan 'n bedrag van £4 oorbetaal word aan die Administrasie;

(c) 'n toelaag aan kleuterskole in minder gegoede buurtes £2 i.p.v. die teenswoordige £1 sal wees;

(d) aan kleuterskole onder die voedingskema dieselfde Provinsiale toelaag as aan ander skole by die laer onderwys toegeken word;

(e) die Administrasie die oprigting van geboue vir kleuterskole ondersteun; en

3. dat daar 'n kursus vir die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse aan die Opvoedkundige Fakulteit van die U.O.V.S. ingestel word."

In sy kommentaar oor bespreking van die verslag het die Direkteur van Onderwys in die O.V.S. al die aanbevelinge van die Kommissie gesteun, behalwe dié vervat in par. 232 2(e), op grond van die destyds bestaande groot bouprogram vir die gewone skool.(46)

vi) SAMEVATTENDE OPMERKINGE:

Tussen die twee verslae van die twee Natalse Onderwyskommissies lê daar aansienlike verandering in benadering van die gedagte van voorskoolse onderwys en kan die aanvang van daadwerklike steun aan kleuterskole onder bepaalde voorwaardes deur die Natalse Administrasie beskou word as uitvloeisel van die Verslag van 1946.

Waar die Nicol-kommissie, (1939) onder die oortuiging dat kleuterskole in 'n eksperimentele stadium verkeer, nog oorwegend klem laat val het op die wenslikheid van kleuterskole vir mindergegoedes en dit nog nie as deel van 'n Nasionale Onderwysstelsel aanbeveel nie, daar het, na die demoniese geweld van 'n Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) met sy noodwendige ontwrigtinge op maatskaplike en ekonomiese gebied/.......

---

46. O.D.O.V.S. : Kommentaar op die Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (1951); lêer. Z. 443/5.

gebied, gepaardgaande met die verskeuring van gemoedere, verhoudinge en die diepgaande beïnvloeding van morele opvattinge, die De Villierskommissie (1948), in die oorsiening van 'n Nasionale Onderwysprogram as middel tot na-oorlogse geestelike heropbou, die kleuterskool in sy volle konsekwensie as noodsaaklike deel van 'n Suid-Afrikaanse Nasionale onderwysstelsel bepleit. Die eerste aanbeveling van die Onderwyskommissie van 1951 van die Oranje-Vrystaat neig in dieselfde rigting op provinsiale vlak. Tog het in die praktyk tot op hede, soos later hopelik sal blyk, die hele posisie van beheer ooreenkomstig die konsekwente beleide van die Provinsies - in 'n mindere mate in die Vrystaat - nog nie veel verder gevorder as 25 jaar gelede nie.

Uit die motiveringe en aanbevelinge van die kommissies word enkele wesenskenmerke van die Suid-Afrikaanse kleuterskool aanbeveel of geken, soos:

I) die organisasie daarvan berus hoofsaaklik op partikuliere inisiatief;

II) die informaliteit van kleuteronderwys is grondliggend;

III) die kommissies voel konsekwent dat hierdie tipe onderwysdiens opsioneel moet bly;

IV) die leemte aan en noodsaaklikheid van voldoende deeglik opgeleide personeel word beklemtoon;

V) die kleuterskool beoog ten minste 'n drie-ledige funksie, nl. opvoedkundige leiding, verstandelik, emosioneel en sosiaal; mediese toesig en sorg; algemene liggaamlike welsyn.

Sonder om pertinent te probeer bepaal watter van hierdie funksies oorwegend is, word die kleuteronderwys tog deurgaans aan die voete van die Onderwysdepartement gelê en moet daaruit afgelei word dat die kommissies die opvoedkundige belangrikheid en waarde daarvan voorop stel en die ander funksies as natuurlike newe-aspekte van hierdie diens aanvaar. Om kleuteronderwys as integrale deel van 'n Nasionale Onderwysstelsel aan te beveel is om die opvoedkundige belangrikheid daarvan voor alles te erken.

Belangrik is dan die minderheidsverslag van mnr. Sinton in die de Villiers-verslag. Waardering kan uitgespreek word vir 'n standpunt dat die ouer nie aangemoedig behoort te word om sy verantwoordelikheid te laat vervang, in die eerste plek terwille van die ouer of omstandighede self nie. Die kleuteropvoeding/ -skool behoort juis in sy oogmerk, inhoud en funksionering eerste binne die raamwerk van die enkele beginsel van ouerlike verantwoordelikheid gesien en beoordeel te word. In daardie mate wat hierdie beginsel in sy wese nadelig aangetas sal word, hetsy deur uitskakeling of inkorting daarvan, in daardie mate sal kleuteropvoeding of 'n bepaalde kleuterskool oorwegend welsynsdiens verrig.(47)

b. DIE AANDEEL VAN DIE ONDERWYSHOOFDE:

i) Die Provinsiale Raadplegende Komitee het van tyd tot tyd die saak van kleuterskole op sy vergaderings bespreek „gewoonlik na anleiding van memoranda of verslae wat voorgelê is deur die Komitee van Hoofde van Onderwysdepartemente."(48) In 1940 het lg. Komitee 'n uiters belangrike verslag vir voorlegging aan die Raadplegende Komitee opgestel.(49) Hierdie verslag toon duidelike tekens van die invloed van die algemene beskouinge en voorgestelde beleid t.o.v. kleuterskole van die destyds pas gestigte Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika. (1939) Daar dien in dié verband gelet te word op die feit dat dr. E.G. Malherbe, voorsitter van die Uitvoerende Komitee van bg. Vereniging, op die Komitee wat die verslag saamgestel het gekoöpteer is.

Die/........

47. Vgl. ook hierdie verhandeling hfst. IV(1)(b), pag. 216 verder.

48. Die Onderwysburo, T.O.D. : „Verhandeling oor die Beleid en Praktyk van Kleuterskole (Transvaal)", pag. 17, par. 38.

O.D.O.V.S. : Lêers 443/1 en 444/3 (Kleuterskole bv. bespreek op die vergaderinge van 8 Januarie 1942 en 10 - 12 Augustus 1946.

49. O.D.O.V.S. : Afskrif van verslag in lêer 443/1.

Die besondere belangrikheid van die verslag moet veral in die volgende gesien word:

1. Die kleuterskool, in teenstelling met die bewaarskool (versorgingsoord) word hierin in die eerste plek as opvoedkundige inrigting gesien (par. II), waarvoor die behoefte ontstaan het deur die onvermydelike konsekwensies van die toenemende industrialisasie (veral in groot stede) in die moderne samelewing en as sodanig van staatsweë (veral in Europese lande) gebruik word om toestande die hoof te bied (par. IV). Die kleuterskool word hier in wese gesien as remediële middel (vgl. ook die de Villiersverslag); ŉ middel om te probeer herskep wat deur ontwikkelende omstandighede versteur is, verdwyn het of besig is om te verdwyn.
2. Die drievoudige aspek van kleuteronderwys word onderskei (par. VI).[50] Hierin spreek die Komitee onomwonde sy standpunt uit dat die kleuterskool in die eerste plek ŉ opvoedkundige inrigting is.
3. Die vinger word in die verslag wel deeglik op die feit gelê dat die kleuterskool nog nie in Suid-Afrika (L.W. in 1940) as noodsaaklike diens van staatsweë op dieselfde grondslag as die ander onderwysinrigtings erkenning geniet nie en dat geen duidelike beleid uit ŉ nasionale oogpunt beskou bestaan nie (par. V. f). Hierin word dan ook in soveel woorde uitgewys dat by gebrek aan beheer die tuiste van verantwoordelikheid vir hierdie tipe onderwys hier te lande nie finaal en afdoende bepaal is nie. Daarom dat die Komitee, wat die diens as een van nasionale belang beskou en uit die hele losse toestand moes bevind het dat „ŉ spesiale herindeling van hul funksies en finansiële verantwoordelikheid derhalwe nodig (is) ", ter aanbeveling in par. VII ŉ prakties-uitvoerbare basis neerlê vir die subsidering en administrasie van kleuterskole.
4. Wat daar in paragrawe VII en VIII van die verslag oor die organisasie van die kleuterskool uiteengesit en aanbeveel is, kan kortliks soos volg saamgevat en geïnterpreteer word:

a. Stigting/.........

50. Vgl. ook T.O.D. : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1936, memorandum 6.

a. STIGTING: Die kleuterskool wat vir 'n provinsiale subsidie in aanmerking kom moet deur 'n Munisipaliteit of 'n deur die provinsie goedgekeurde openbare liggaam gestig en bestuur word en aan die spesifieke standaarde vir die sertifisering van kleuterskole, soos geformuleer deur die Suid-Afrikaanse Kleuterskoolvereniging, voldoen. Dus die toepassing van 'n stelsel van staatsondersteunde privaatskole.

b. SUBSIDERING: Die Unieregering bewillig 'n spesiale toelaag van £5 (R10) (as 'n minimum) per jaar vir iedere kind in 'n erkende kleuterskool wat tesame met enige provinsiale bydrae ten minste 50% van die totale onderhoudskoste behoort uit te maak en uitbetaal word aan die besturende liggaam - wat ook self die res deur plaaslike of vrywillige optrede moet bybring - op die basis van die gemiddelde jaarlikse inskrywing van 'n kleuterskool Daar word dan ook verwag dat die aansienlike las wat also op die plaaslike publiek gelê sal word 'n outomatiese remming in die uitbreiding van hierdie diens sal teweegbring. 'n Rekbare provinsiale beleid, inagnemende die voorwaardes deur die Unietesourie daargestel, word aanbeveel. Laastens is die Kommissie nie geneë om aan te beveel dat behoeftigheid 'n sine quo non moet wees vir 'n Unietoelae aan kleuterskole nie.

c. BEHEER: Hoewel nie duidelik so beskryf nie, is dit tog af te lei dat elke skool deur sy plaaslike organisasie of bestuur ooreenkomstig die regulasies wat die Provinsies mag neerlê beheer sal word.

5. Die aanbevelinge in dié verslag was bepalend vir die daarstelling van beleide en praktyk t.o.v. kleuterskole deur die Provinsies, terwyl die beginsel van subsidering deur die Unietesourie via die Minister van Onderwys die daaropvolgende jaar (1941) in praktyk sou kom, hoewel nie op die presiese basis soos deur die Komitee aanbeveel nie. (Vgl. par. C hieronder.)

ii) In Augustus 1946 het die Provinsiale Raadplegende Komitee sake rakende die stigting van kleuterskole, geboue, toerusting en speelterreine, beheer, minimum en maksimum ouderdom van leerlinge, aanstelling van personeel, kwalifikasies van onderwysers en inspeksie na die Onderkomitee

van/.......

van Onderwyshoofde vir oorweging en aanbevelings verwys, waarop lg. Komitee hom op 8 Januarie 1947 ten gunste van die verdere uitbreiding en uiteindelike inskakeling daarvan by die openbare skoolstelsel uitgespreek het. Dié Komitee het voorts aanbeveel dat onder die destyds heersende omstandighede voortgegaan moet word met die stelsel van per kapita subsidiëring, dat dit sover moontlik volgens die £-vir-£ stelsel sal geskied en dat die stelsel van skoolvoeding na kleuterskole uitgebrei word.[51]

Op sy vergadering van 15 Januarie 1947 het die Provinsiale Raadplegende Komitee die aanbevelings van die Onderwyshoofde aanvaar, met die verstandhouding dat verder op die saak ingegaan sou word en dat beraadslagings met die Departement van Volkswelsyn sal plaasvind oor die duidelike afbakening van die funksies van bewaarskole (versorgingsoorde) en dié van kleuterskole. Dit is in 1947 gedoen.

iii) In 1951 het die Provinsiale Raadplegende Komitee verklaar dat nie een van die Provinsies bereid is om hulle steun aan kleuterskole uit te brei nie en dat met die oog op die verskillende beleide in die vier Provinsies aanbeveel word dat die reëling van voorskoolse onderwys aan elke provinsie self oorgelaat moet word.

iv) Daarmee is die „status quo" tussen die Provinsies gehandhaaf, bestaan dit nog en het daar van die aanbevelinge van die Onderkomitee van Onderwyshoofde sowel as dié van die de Villierskommissie (1948) t.o.v. die inskakeling van kleuteronderwys as integrale deel van die onderwysstelsel tot datum niks in praktyk gekom nie.

c./........

---

51. O.D.O.V.S. : Afskrif van verslag in lêer 443/1.

52. O.D.O.V.S. : Verslag van die Onderkomitee van Onderwyshoofde; Lêer 443/1.
(Vgl. ook die briefwisseling tussen die Sekretaris U.O.D. en die Provinsiale Sekretaris, O.V.S., gedateer 9.4.1941; 25.4.1941 (E. 53/7/13); lêer 443/1).

c. DIE AANDEEL VAN DIE UNIEREGERING:

Die hierbo genoemde belangrike verslag van die Onderkomitee van Onderwyshoofde is op 24 Januarie 1941 voor die Provinsiale Raadplegende Komitee gelê. Na aanleiding van 'n aanbeveling van lg. Komitee en na raadpleging van die Minister van Finansies het die Minister van Onderwys besluit dat die totale subsidie wat jaarliks deur die Unie-Onderwysdepartement aan al vier die provinsiale administrasies t.o.v. kleuterskole betaal sou word met die oog op heersende omstandighede tot £2,000 (R4,000) beperk sou wees.[52] Die toelaag is op 'n pro-rata-basis volgens die getalle leerlinge in goedgekeurde kleuterskole verdeel, maar die toelaag het van die begin af ontoereikend geblyk te wees en is in 1944 tot £3,000 (R6,000) per jaar verhoog, sonder veel verbetering in die toestand. Die voordeel wat die drie provinsies, Kaapland, Vrystaat en Transvaal, op daardie stadium t.o.v. kleuterskooluitgawes uit die Unietoelaag getrek het, het in al drie gevalle heelwat minder as die deur die Komitee van Onderwyshoofde aanbevole 50% van die werklike uitgawes verteenwoordig.[53]

Sedert die aanname van die Finansiële Verhoudingswet van 1945[54] dra die sentrale regering jaarliks 50% tot alle provinsiale onderwysuitgawes by, ook t.o.v. kleuterskole.

d. DIE ROL EN STREWE VAN DIE KLEUTERSKOOLVERENIGINGE:

i) DIE KLEUTERSKOOLVERENIGING VAN SUID-AFRIKA (1939):

I. Die Pretoria and Johannesburg Preschool Child Committee (Vgl. 3 b. hierbo) het na aanleiding van besluite op 19 Augustus 1938 en 25 September 1939[55] die inisiatief geneem/........

52. O.D.O.V.S. : Verslag van die Onderkomitee van Onderhoofde; lêer 443/1.
(Vgl. ook die briefwisseling tussen die Sekretaris U.O.D. en die Provinsiale Sekretaris, O.V.S., gedateer 9.4.1941; 25.4.1941 en 16.8.1941 (E.53/7/13); lêer 443/1).

53. O.D.O.V.S. : Afskrif van 'n memorandum voorgelê aan die Provinsiale Raadplegende Komitee; lêer 443/1.

54. Konsolidasie en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, nr. 38 van 1945, art. 6(1): „Die Uniewette 1910-1947.", deel II, pag. 416.

55. Pretoria and Johannesburg Preschool Child Committe of Enquiry: Notules van 3 Okt. en 23 Mei 1939; stukke van die K.S.V. van S.A.

geneem om op 27 en 28 November 1939 'n nasionale konferensie van belanghebbende en belangstellende owerheidsliggame, organisasies en persone te belê met die doel om 'n Nasionale Kleuterskoolvereniging in die lewe te roep wat as gesaghebbende liggaam die onderwysowerhede van advies kon bedien, as koördinerende liggaam kon optree vir alle liggame wat sig met kleuterskole bemoei en die kleuterskoolgedagte in Suid-Afrika daadkragtig kon propageer.

Uit genoemde konferensie, wat deur 95 afgevaardigdes verteenwoordigende 65 liggame vanoor die hele land bygewoon is, is die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika as kroon op die onvermoeide ywer van die Pretoria and Johannesburg Preschool Child Committe of Enquiry gebore.(56) Ooreenkomstig die konstitusie van die nuutgestigte vereniging is 'n Nasionale Komitee van 40 lede op 'n verteenwoordigende basis gekies, ten einde die groot verskeidenheid belange by kleuteronderwys te betrek, terwyl uit die Nasionale Komitee 'n Uitvoerende Komitee van 9 lede saamgestel is, bestaande uit 4 ampsdraers, nl. 'n voorsitter, onder-voorsitter, ere-sekretaresse en ere-tesourier, en vyf addisionele lede.

Wat die wese en koers van die kleuterskoolgedagte vandag in Suid-Afrika verteenwoordig, moet in geen geringe mate aan die werk en besieling van die manne en vroue van hierdie Vereniging toegeskrywe word, voortbouend op die aanvoorwerk van die „Committee of Enquiry" met sy koördinering van kragte, beïnvloeding van die Transvaalse Onderwysowerheid tot erkenning van kleuterskole vir gesubsudie-doeleindes en die daarstelling van die vroegste

standaarde/.......

56. Vgl. die notule van die Nasionale konferensie van 27 en 28 November 1939; stukke van die K.S.V. van S.A.

standaard vir kleuterskole.

Onder daardie lede wat die grondslag van die Vereniging in wese geformuleer het en vir jare die bolwerk daarvan gevorm het of steeds nog vorm, moet die volgende uitgesonder word:

Dr. E.G. Malherbe, destyds Direkteur van Sesnsus en Statistiek en tans rektor van die Natalse Universiteit, onder wie se leiding die N.E.F.-konferensie in 1934 hier te lande plaasgevind het en wat nie alleen lid was van die „Committee of Enquiry" nie, maar ook die eerste voorsitter van die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika;

Dr. Ruth Arndt,(57) 'n Amerikaansgebore opvoedkundige van naam, wat vanaf die vroegste begin in Transvaal belang gestel het, lid van die „Committee of Enquiry" was, vanaf stigting ere-sekretaresse van die K.S.V. van S.A. was, totdat sy in 1948 Presidente van dié Vereniging geword het en dit nog is. Deur haar wetenskaplike vorming, insig en kennis van veral die Amerikaanse kleuterskool, was sy hoofsaaklik verantwoordelik vir die aanvanklike wesenlike omskrywinge van die kleuterskool hier te lande, sou sy menige wyfelaar oortuig tot haar liberaal-progressiewe siening van die kleuterskool en het sy veral deur haar presidensiële redes (58) die koers van haar Vereniging en die ontwikkeling van die kleuterskoolgedagte in Suid-Afrika ongetwyfeld beïnvloed;

Prof. J.C. Bosman, vroeër professor in die opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria, wat ook een van die vroegste yweraars was, vanaf 1939 tot 1944 as ere-tesourier van die K.S.V. van S.A. opgetree het en sedertdien die Vereniging as ere-sekretaris dien;

Mej. Vera K. Webber,(59) eertydse inspektrise in diens

van/........

57. Vgl. vir 'n vollediger beskrywing V.K. Webber „The Development of Nursery Education in South Africa", bylae 2.
58. Kyk bibliografie B. III (2) (d), pag. 252.
59. Skryfster van die reeds aangehaalde verhandeling „The Development of Nursery Education in South Africa . . ."

van die U.O.D. wat ook as sodanig kleuterskole namens die K.S.V. van S.A. geïnspekteer het, vanaf stigting lid was van die Uitvoerende Komitee van dié Vereniging en sedert 1952 as prinsipale van die Opleidingskollege vir Kleuterskoolonderwyseresse in Johannesburg steeds 'n vormende invloed op die kleuterskoolgedagte in die algemeen in Suid-Afrika moes laat geld.

II. Om enigsins 'n begrip te vorm van die omvang, invloed en die funksionering van hierdie Vereniging, word die volgende opsommenderwys aangestip:

(1) <u>STANDAARDE VIR EN SERTIFISERING VAN KLEUTERSKOLE</u>: (60)

Onmiddellik na stigting is deur die Kleuterskoolvereniging die vereiste standaarde neergelê waaraan kleuterskole vir erkenning moes voldoen. Daardie standaarde is aanvanklik deur die Provinsies geheel en al as norm vir subsidietoekenning aanvaar en word dit tans nog in groot mate also gebruik.(61) Die Komitee van Onderwyshoofde het reeds in sy verslag van 1940, par. viii a, aanbeveel:

> „Die beherende komitee van die kleuterskool behoort by die betrokke Provinsiale Administrasie aansoek te doen om erkenning van die skool vir subsidiedoeleindes. Die Administrasie verwys die saak dan na die S.A. Kleuterskoolvereniging vir 'n verslag".

Die Transvaalse Onderwysdepartement het bv. 'n dienooreenkomstige besluit geneem(62). Dit het 'n stelsel van inspeksie van kleuterskole vir die Verenging meegebring.(63) So is dan op die vergadering van die U.K. van die Vereniging op 16 April 1941 besluit om, met die oog op Sertifisering by die Provinsiale owerhede, eerste-,

tweede-/........

---

60. Arndt, dr. Ruth: „The Nursery School in the Atomic Age", presedensiële rede, Pietermaritzburg, 2 Okt. 1958; stukke van die K.S.V. van S.A.

61. Vgl. ook hierdie verhandeling 5(b)(i) pag.110 hier onder.

62. T.O.D. : Memo Dir. van Onderwys, I 6 (T.O.A. 23/2) van 19.12.1957.

63. K.S.V. van S.A. : Notule van die U.K., 12.6.41, par. IId; stukke van die K.S.V. van S.A.

tweede- en derdeklas sertifikate aan kleuterskole wat op versoek ondersoek word uit te reik, ooreenkomstig die status wat sodanige skool (-le) m.b.t. die neergelegde standaarde bereik het. Daarby is in 1942 gevoeg 'n stelsel van voorlopige of provisionele sertifisering, waarby skole wat nog nie die vereiste standaarde bereik het nie, maar wat bevredigend in daardie rigting gevorder het, ook by die Provinsies vir toekenning van 'n subsidie aanbeveel is.(64)

(2) <u>MEMORANDA, GETUIENISSE EN PERSOONLIKE ONDERHOUDE</u>:

Deur weloorwoë memoranda, getuienisse voor Onderwyskommissies, en deur persoonlike beïnvloeding, het die kleuterskoolvereniging onvermoeid oor verskeie aspekte rakende kleuteronderwys aan die deure van onderwysowerhede geklop en met die gloed van die oortuiging van sy voorstanders gestry om erkenning van die kleuterskool as 'n opvoedkundige inrigting, probeer beïnvloed om aanvaarding daarvan as integrale deel van die land se onderwysstelsel, periodiek gepleit om verhoging van die provinsiale subsidies en die posisie van kleuterskoolonderwyseresse probeer verbeter.

(3.) <u>JAARVERGADERING</u>:

Aansluitend by die voorgaande het die Vereniging sy jaarvergaderinge om die beurt in die vier provinsies gehou. Die presidente van die Vereniging het die jaarvergadering beskryf as „the Annual Meeting of the <u>Council</u> of the Nursery School Association". Waar die kleuter-

skoolvereniging/......

---

64. K.S.V. van S.A.: Notule van die U.K., 3.3.1942, par 3.3.1942, par III; stukke van die K.S.V. van S.A.

skoolvereniging 'n federasie is van kleiner, lokale kleuterskoolverenigings, wat by eg. geaffilieer is, daar is dit die taak van die Council, volgens die uiteensetting van die presidente, om adviserend en koördinerend op te tree en die beleid van die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika te formuleer.(65)

En oor die afgelope 22 jaar het die jaarvergaderinge van hierdie Vereniging 'n magdom besluite aangaande kleuteronderwys in Suid-Afrika geneem wat vir afhandeling aan die Uitvoerende Komitee („The 'hand-maiden' of Council") van die Kleuterskoolvereniging opgedra is.

(4.) PROPAGERING VAN DIE KLEUTERSKOOLGEDAGTE EN VOORLIGTING:

Naas die werksaamhede in die vorige twee paragrawe beskryf, waardeur die behoeftes van die voorskoolse kind - sy intellektuele, emosionele, sosiale en fisiese behoeftes - van tyd tot tyd teen die agtergrond van die beskouinge en beleid van die Vereniging onder aandag van die hoogste provinsiale en nasionale regeringsliggame gebring is, het die Vereniging ook duidelik besef dat „pre-school education as it continues to develop throughout South Africa will be largely determined by the general level of public opinion concerning it -" en het as adviserende liggaam die belangrike oogmerk gehad „to make people understand the need for nursery school education for all children in to-day's crowded tense and hectic living."(66) Belangrike taak was dus om enersyds openbare oortuigingswerk te doen en andersyds aan diegene,

wat/........

65. Arndt, dr. Ruth : Presidensiële rede gelewer voor die jaarvergadering van die K.S.V. van S.A., Port Elizabeth, 14 Julie 1949; stukke van die K.S.V. van S.A.
(Die federasie van kleuterskoolverenigings word gevorm deur kleuterskoolverenigings te Springs, Johannesburg, Durban, Kaapstad, Oos-Londen, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Pretoria, Port Elizabeth, Kroonstad, Welkom, Sasolburg en Kimberley.
66. Arndt, dr. Ruth : „The Nursery School in the Atomic Age", presidensiële rede, Pietermaritzburg, 2 Okt. 1958; stukke van die K.S.V. van S.A.

wat die skoen van kleuteronderwys aangetrek het, praktiese voorligting te gee. Daarvoor is die volgende gedoen:

a) Die Kleuterskoolhandboek,(67) onder gesag van die Vereniging saamgestel, het reeds drie uitgawes beleef en dien steeds as belangrike handleiding vir onderwyseres, student en kleuterskoolbesture.

b) 'n Tydlank is goedgunstiglik van „Child Welfare Magazine" en daarna „Childhood" as amptelike organe gebruik gemaak. Een bladsy is gereeld in genoemde tydskrifte aan die Vereniging afgestaan vir artikels in Afrikaans en Engels.(68)

c) Die volgende brosjures het die lig gesien:(69)

„Why Nursery Schools," ook in Afrikaans.
„Jannie gaan Kleuterskool-toe."
„Looking After Young Children."
„Kleuterskole in Suid-Afrika," ook in Engels.
„How to start a Nursery School." ook in Afrikaans.
„The Need for Nursery Schools."
„Hoe om 'n Kleuterskool te begin."

d) Vanaf 1940 is verskeie kere literatuur oor kleuterskole vanuit Engeland en Amerika bestel en versprei.(70)

e) In 1953 het die Vereniging 'n tydelike Skakelkomitee saamgestel wat verantwoordelik was vir die reëling van 'n Nasionale konferensie oor die Kleinkind te Pretoria. Die konferensie is deur 150 afgevaardigdes bygewoon, verteenwoordigende beroepe, nasionale organisasies, opvoedkundige en kerklike liggame, regeringsliggame/........

---

67. K.S.V. van S.A., opgestel deur : „Kleuterskool Handboek - Nursery School Handbook", 1947.
„Kleuterskool Handboek - Nursery School Hand Book", 1960.
(Die heel eerste uitgawe van die handboek (1942) is deur die Vereniging self waargeneem.)

68. K.S.V. van S.A. : Notules van vergaderings van die Uitvoerende Komitee van die Vereniging, 28 Nov. en 5 Des. 1939; 13 Febr. en 16 Mei 1940; stukke van die K.S.V. VAN S.A.
Arndt, dr. Ruth : „The Nursery School in the Atomic Age", presidensiële rede, Pietermaritzburg, 2 Okt. 1958; stukke van die K.S.V. van S.A.

69. Almal verkrygbaar by die K.S.V. van S.A. Posbus 673, Pretoria. Vgl. die Bibliografie. (70.) Vgl. die Notules van die U.K. van die K.S.V. van S.A. van 16 Mei en 23 Okt. 1940, 27 Apr. 1942, 1 Febr. en 1 Sept 1944; stukke v.d. K.S.V. v S.A.

regeringsliggame, hospitale, munisipaliteite en verskeie plaaslike verenigi nge.

f) In 1954 is 'n „Kleuterskoolweek" geloods.

g) Die Vereniging is deur die Regering versoek „to act as the national Committee" van die „World Council for Early Childhood Education" (O.M.E.P.) en het so integrale deel geword van 'n wêreldorganisasie.(71)

III) So het die Kleuterskoolvereniging as vrywillige, adviserende organisasie op nasionale basis steeds op hoogte gebly van die jongste wetenskaplike ontwikkelinge op die gebied van die voorskoolse onderwys in die buiteland en op hoë vlak die plaaslike pogings probeer koördineer ten einde sy doeleindes, soos vervat in art. 2 van sy konstitusie, ten beste te probeer bereik, nl:

„ . . . to promote the interests of pre-school children irrespective of race or class, politics or creed, and more specially:-

(1) to focus public attention on sound methods of pre-school education;

(2) to promote the establishment of nursery schools,

(3) to assist in creating and maintaining high standards for nursery schools."(72)

IV) Uit die notules van die Uitvoerende Komitee, die Presidensiële redes en jaarverslae van die Vereniging kan nou die opvattinge en beleid van die Kleuterskoolvereniging t.o.v. kleuteronderwys soos volg afgelei en saamgevat word:

(I) Die kleuterskoolbeweging, soos dit vandag in die

beskaafde/.......

---

71. Arndt, dr. Ruth : Presidensiële rede, Bloemfontein, 9 Okt. 1950; stukke van die K.S.V. van S.A.
Vgl. ook hierdie verhandeling hoofstuk 1 4(b) pag. 23 .

72. K.S.V. van S.A. : „Constitution of the Nursery School Association of South Africa, as amended in July, 1960"; stukke van die K.S.V.

beskaafde wêreld bestaan, is die baba van meer as 'n halwe eeu se wetenskaplike navorsing op baie terreine. Die kleuterskool is daarom, in die huidige lewensituasie, voor alles bewys 'n opvoedkundige inrigting te wees vir die intellektuele, emosionele, sosiale en fisiese vorming van alle kinders, ongeag ras of lewensbeskouing of sosiale of ekonomiese stand.(73)

(II) Die kleuterskool, bedoel vir kinders van 2 jaar tot skoolgaande ouerdom, is in wese geen plaasvervanger vir die ouerhuis of moeder nie - omdat daar geen plaasvervanger vir hierdie fundamentele opvoedingsinstelling is nie - maar „the good nursery school can help a good home to carry out its function more successfully, and can even help a not-so-good home to some extent to make good its lacks on failures." (74) Sonder 'n huis om op te bou, kan die kleuterskool nie sy ware funksie vervul nie. Wat vandag nodig is, is 'n hoër standaard van kindersorg en opvoeding.

(III) As aanvulling tot die huislike opvoeding moet die kleuterskool daarom menige kenmerk van die normale huis vertoon.

(IV) Die bywoning moet opsioneel wees.

(V) Informaliteit kenmerk alle kleuterskoolaktiwiteite.

(VI) Alle kleuterskoolaktiwiteite word op die spelbeginsel gebou.

(VII) Die Vereniging beveel aan dat kleuteropvoeding „vir sover dit die indiwiduele kind beïnvloed, deur middel

van/........

---

73. Arndt, dr. Ruth : „The Meaning and Value of the Nursery School", presidensiële rede, Bloemfontein, 5 Julie 1961; stukke van die K.S.V. van S.A.

74. Arndt, dr. Ruth : Presidensiële redes van 9 Okt. 1950 te Bloemfontein en 5 Julie 1960 te Durban; stukke van die K.S.V. van S.A.

van die kind se moedertaal gegee moet word." Is egter bykbaar voorstander van dié kleuterskool van gemengde nasionaliteite, op grond van die feit dat die Suid-Afrikaanse bevolking daardie patroon vertoon.(75)

(VIII) Geen bepaalde lengte van die skooldag word voorgeskryf nie - daar is slegs sprake van enkele ure per dag; die bestaan van halfdag- en voldagkleuterskole word ooreenkomstig die plaaslike omstandighede en eis aanvaar en goedgekeur.

(IX) Die Vereniging beskou gereelde mediese ondersoek en toesig asook die voeding van kleuters by kleuterskole as noodsaaklike kenmerke van die hedendaagse kleuterskole.

(X) Die indiensneming van professioneel hoogs gespesialiseerde personeel is noodsaaklik, daar „personnel must be considered the most important single factor in the well-run nursery school."(76)

(XI) Die Staat behoort, uit hoofde van die wetenskaplik bewese belangrikheid van alle voorskoolse opvoeding vir enige latere persoonlikheidsontwikkeling, ten volle verantwoordelikheid vir voorskoolse onderwys te aanvaar en dit integrale deel van die onderwys te maak.

v) Dit is egter ook nodig dat daar by wyse van nadere ondersoek en beoordeling van die Vereniging op enkele ander beginsels, hetsy gebrek aan onderliggende beginsels, hier gewys word:

Die/........

---

75. K.S.V. van S.A. : „Kleuterskool Handboek" (1947) pag. 4. Ook geblyk uit 'n onderhoud gevoer met die sekretaris van die Vereniging. (L.W. Die K.S.V. van S.A. het hom nêrens spesifiek ten gunste van die **suiwer** moedertaalkleuterskool uitgespreek nie.)

76. Arndt, dr. Ruth : „The Meaning and Value of the Nursery School", presidensiële rede, Bloemfontein, 5 Julie 1961, pag. 7; stukke van die K.S.V. van S.A.

Die Kleuterskoolvereniging het in die praktyk nog altyd 'n oorwegend Engels-georiënteerde organisasie geblyk te wees en sterk onder invloed van die ontwikkelinge op dié gebied in veral Engeland en die V.S.A. gestaan, terwyl daar ook uit die konstitusie en strewe van die Vereniging 'n gees van liberalisme en internasionalisme, indien nie holisme nie, spreek: Die Vereniging is nie onomwonde voorstander van die moedertaalkleuterskool nie; het sig uitgespreek teen doelbewuste, godsdienstige onderrig of leiding in die kleuterskool, is daarom nie uitgesproke voorstander daarvan dat godsdiens die grondslag van die kleuterskool moet vorm nie; het ook nie in sy konstitusie duidelik die kwalifikasies van sy lidmaatskap begrens nie - dit skep die indruk dat ook nie-blankes daartoe deur die bestuur toegelaat mag word en op die bestuur mag dien; dit is ook nie uitgesproke beleid van die Vereniging om te pleit dat kleuters in die kleuterskool onder leiding sal staan van onderwyseresse of selfs die bestuur met dieselfde lewensbeskouing as wat deur die ouers van die kleuters gehuldig word nie. Uit die beskouinge van die Vereniging spreek veeleer 'n gees van neutraliteit en dit impliseer liberalisme. Die deurslaggewende beginsels by die bevordering van kleuteronderwys is vir die Vereniging nie in die eerste plek die van nasionaliteit en godsdiens nie, maar eerder die van die moderne sielkunde en mediese wetenskap, soos veral ontwikkel in Amerika.

Die Vereniging kan daarom verwag om van veral die Nasionaalgesinde en Calvinistiese Afrikaner louheid teenoor die beginsels van die Vereniging of selfs teenkanting en verset te ondervind:

In 'n insiggewende artikel in „Koers" van Augustus 1941 (77) tipeer dr. B.F. Nel die destydse kleuterskoolbeweging in/.........

77. Nel, dr. B.F. : „Waarom Kleuterskole - en veral Afrikaanse Kleuterskole?", „Koers", Deel IX, nr. 1 van Augustus 1941, pag. 1 verder.

in Suid-Afrika al as deurdronge te wees van 'n Engels-Amerikaanse gees en waarsku hy teen die wesenlike gevaar van denasionalisering van die Afrikaanse kind in dié skole deur subtiele toepassing van die dubbelmediumstelsel. Die Universiteit van Pretoria het dan ook reeds die vorige jaar 'n begin gemaak met die opleiding van veral Afrikaanse kleuterskoolonderwyseresse.

Op 25 Maart 1946 het mnr. J.H. Greybe aan die Sekretaris van die Vrystaatse Onderwysdepartement in 'n skrywe meegedeel dat hy in April 1942 die Federale Raad van Suid-Afrikaanse Onderwysersverenigings op die Nasionale Komiteevergadering van die K.S.V. van S.A. verteenwoordig het, dat sy voorstel dat lidmaatskap van die Vereniging slegs tot blankes beperk moes word met 'n groot meerderheid afgestem is en dat hy deur bemiddeling van die Transvaalse Onderwysersvereniging die medewerking van die drie Afrikaanse Kerke, die S.A.V.F. en die F.A.K. verkry het vir die stigting van 'n Afrikaanse Kleuterskoolvereniging[78]. Uit die skrywe van mnr. Greybe blyk dit voorts dat die volgende oorweginge vir 'n Afrikaanse vereniging in Transvaal gegeld het:

1) Die Kleuterskoolvereniging van S.A. erken nie die kleurverskil as kwalifikasie vir lidmaatskap nie.

II) Die Vereniging erken nie die beginsel van moedertaalonderwys nie en pas in die praktyk 'n stelsel van gemengde klasse van Afrikaans- en Engelssprekende kleuters toe, in welke geval eersgenoemde bevele in 'n vreemde taal moet ontvang omdat die onderwyseresse net Engelssprekend is.[79]

III) Die Afrikaner verwag dat 'n onderwyseres in staat behoort te wees om aan sy kinders godsdienstige

onderrig/.......

---

78. O.D.O.V.S. : Brief in Lêer Z. 443/2.

79. Dit moet die toestand in 1942 - 46 gewees het. In sy handboek van 1947 het die Vereniging die beginsel aanvaar „in soverre dit die indiwiduele kind beïnvloed." Kyk ook voetnote 67 en 75.

onderrig te gee en om vir hulle Afrikaanse liedere te leer.

Ook nog in 1948 lê die Instituur vir Christelik-Nasionale Onderwys van die F.A.K. in sy „Christelik-Nasionale Onderwysbeleid"(80) o.a. neer:

„Ons glo dat die Christelike en Nasionale lewens- en wêreldbeskouing ewe geldend vir kleuterskole as vir die laer en middelbare skole is. Ons glo dat godsdiensonderrig na die bevatting van die kind die belangrikste deel van die leerplan in die kleuterskool moet uitmaak. Ons glo dat die medium van onderrig in die kleuterskool uitsluitlik die moedertaal moet wees en dat in geen omstandighede 'n vreemde taal gebesig mag word nie. Ons glo dat die leerkragte besonder goedopgeleide en gevormde mense met 'n gesonde Christelike en Nasionale lewens- en wêreldbeskouing moet wees."

'n Duideliker weerspieëling dat die Vereniging voorstander is van 'n kleuterskool waarin lewens- en wêreldbeskouinge geneutraliseer moet word tot kleurlose/gelykheid is moeilik elders te vind as in die byna onverdraagsame veroordeling van bg. geloofsoortuiging van die I.C.N.O. vir die Afrikaner deur Vera K. Webber in haar ongepubliseerde verhandeling.(81) Dan word genoemde beginselverklaringe ook nog by implikasie gekoppel aan Nazïsme en Fascisme, sonder nadere motivering.

Die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika was egter ongetwyfeld die lewenskragtigste en invloedrykste van die kleuterskoolverenigings wat daar tot dusver in Suid-Afrika ontstaan het.

ii) <u>DIE TRANSVAALSE VERENIGING VIR KLEUTEROPVOEDING (T.V.K.)</u>

Hierdie Vereniging het in die veertigerjare ontstaan, waarskynlik as resultaat van die aksies waarvan mnr. Greybe meegedeel het, soos in die vorige paragraaf vermeld. Dit kan egter nie met sekerheid beweer word nie.

Mev. E. Hauptfleisch/........

80. I.C.N.O. van die F.A.K. : „Christelik-Nasionale Onderwysbeleid", Deel II, art. 10, pag. 22.

81. Webber, Vera K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", pag. 135 verder.

Mev. E. Hauptfleisch beweer dat sy reeds in 1940 die eerste kleuterskool onder die Vereniging gestig het. Die Vereniging het, volgens die verslag in die lêers van die Kaaplandse Vereniging vir Kleuteropvoeding, reeds in 1945 erkenning van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang.

Anders as die K.S.V. van S.A., wat as nasionale liggaam advies en koördinasie as vername doeleindes het, stig en beheer die Transvaalse vereniging self kleuterskole in Transvaal. Volgens mededeling van mev. Hauptfleisch het in 1961 38 kleuterskole onder beheer van hierdie Vereniging gestaan. Die Vereniging verkeer in noue voeling en samewerking met die S.A.V.F., maar die siel van die hele beweging berus eintlik net in een persoon, nl. mev. E. Hauptfleisch van Pretoria.

Indien die T.V.K. ontstaan het uit die belangstelling en samewerking van die organisasies soos hierbo vermoed, dan het die grondslae van veral die Transvaalse Onderwysersvereniging, die Afrikaanse kerke en die F.A.K. allermins daarin vergestalting gevind. Dit is geen vereniging op verklaarde Christelik-Nasionale grondslag nie. Daarvan spreek ook baie duidelik die manier waarop die kleuterskool gestig en die bestuur daarvan saamgestel word, die feit dat die Vereniging ook voorstander is van die sogenaamde „gemengde" en daarmee neutrale kleuterskool wat ook wesenlik in praktyk gebring word en ook die oorwegende klem wat gelê word op die behoeftes van omstandighede, soos duidelik uit mev. Hauptfleisch se handboek spreek.(82)

By die stigting van 'n kleuterskool is dit die Vereniging wat die inisiatief neem om die gedagte te propageer en

'n openbare/........

---

82. Hauptfleisch, E. : „Praktiese Handboek vir Kleuterskole";

ŉ openbare vergadering van belangstellendes te belê,[83] waarop die voortreflikhede van die kleuterskool volgens opvattinge van die Vereniging uiteengesit en ŉ bestuur deur al die teenwoordiges, hetsy toekomstige of aspirant-kleuterskoolouers of nie, gekies mag word, gewoonlik verteenwoordigend van verskeie beroepe en organisasies. Daar word uitgegaan van die gedagte dat die kleuterskool ŉ gemeenskapskool uit en vir die gemeenskap is. Die Vereniging stel dan die sosiale aspek van die kleuterskool voorop deur veral kleuterskole daar te stel met voldagprogramme, ter wille van die behoeftes van werkende moeders. Om die samewerking en steun van die plaaslike owerheid, waar dié bestaan, te bekom, word direkte verteenwoordiging daarvan op die bestuur verkies. Mev. Hauptfleisch tree as voorsitster van die Vereniging ook ex officio as voorsitster van alle kleuterskoolbesture onder die Vereniging op. Die bestuur het dan verder die taak om ŉ geskikte gebou en terrein te vind, inskrywings te werf en/of ŉ opname te maak, die personeel aan te stel, te besoldig, die nodige fondse in te samel en die skool te bestuur.

In beginsel verskil dié Vereniging nie veel van die voorgaande nie sodat skynbaar ŉ onnodige oorvleueling met die terrein van die K.S.V. van S.A. geskep word. Daarbenewens val die oorwegende klem sodanig op die behoeftes van omstandighede dat hierdie vereniging se skole herinner aan versorgingsoorde met kleuterskoolmetodes.

iii) <u>DIE KAAPLANDSE VERENIGING VIR KLEUTEROPVOEDING (K.V.K.; 1945)</u>:

Die K.V.K. is op 24 Junie 1945 gestig onder voorsitterskap van dr. W.J.B. Pienaar en die naam „Die Afrikaanse

kleuterskoolvereniging/.......

83. Die stigtingsvergadering van die tans bestaande „Sing-Spring-Kleuterskool" is deur die ondersoeker te Rustenburg bygewoon op 3 Augustus 1961.

Kleuterskoolvereniging van Kaapland." (A.K.V.K.)[84] Die stigting van hierdie Vereniging het as direkte voorloper gehad die besef van ouers te Oranjezicht, Vredenhoek en Tamboerskloof dat geen Afrikaanse Kleuterskool in daardie omgewings bestaan het nie en die stigting van die Afrikaanse kleuterklas Groote Schuur te Claremont en kleuterskole te Oranjezicht en Bellville.[85]

Die K.V.K. het vanuit die staanspoor die ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie geniet: Die bedrag van £50 (R100) is aan die K.V.K. geskenk, die oprigting van 'n afsonderlike Afrikaanse opleidingsentrum vir Kleuterskoolonderwyseresse is aanbeveel, ruimte vir artikels oor die vereniging of kleuteronderwys in „Die Unie" is aan die K.V.K. afgestaan en met die 42ste Kongres van die S.A.O.U. te Aliwal-Noord op 25 tot 28 Junie 1946 is nie alleen die referaat „Die Opvoeding van die Voorskoolse Kind", wat getuig van kennis en insig, deur mej. M. Kriel gelewer nie, maar ook die volgende belangrike beskrywingsdeur die Kongres in beginsel aanvaar:

„Die Kongres onderskryf die standpunt van die hoofbestuur i.s. kleuteropvoeding en beveel aan:

a. Dat kleuterskole as volle deel van ons onderwysstelsel onder ons Departement van Onderwys sorteer mits;
   i) sulke skoolbesoek tot op ouderdom 6 nie verpligtend is nie, en
   ii) die moedertaalmediumskool ten volle gewaarborg word.

   OF

b./........

84. „Die Unie", orgaan van die S.A.O.U., 41ste jaargang nr. 10, 1 April 1946, pag. 222.
L.W. Die naam van die Vereniging is in 1946 verander na die „Kaaplandse Vereniging vir Kleuteropvoeding." Vgl. daarvoor die beknopte verslag in die lêer van die Vereniging oor die aanvoorwerk vir die stigting van 'n Uniale Afrikaanse Kleuterskoolorganisasie.

85. Stukke van die K.V.K. : Verslag in sekretariële lêer.

b. Indien a) nie dadelik uitgevoer kan word nie dat kleuterskole groter steun ontvang en wel o.a.:

i) dat die salaris van kleuterskoolonderwyseresse betaal word;

ii) dat skoolmediese en voedingsdienste ook aan kleuterskole gelewer word;

iii) dat toestemming verleen word, waar daar beskikbare ruimte is, om kleuterskole op skoolpersele op te rig."(86)

In 1946 en 1947 het in „Die Unie" die volgende artikel oor kleuterskole en -onderwys verskyn veral aan die hand van persone wat direk met die K.V.K. geassosieer was en wat daarop gemik was om die kleuterskool in sy wese, funksie en waarde veral in bepaalde omstandighede bekend te stel en die doeleindes van die K.V.K. te bevorder:

„Die Afrikaanse Kleuterskool," deur mev. J. Hofmeyer, 1 Apr. 1946.

„Die Moontlikhede en Beperkings van Kleuterskole - soos gesien deur 'n psigo-analis," 'n samevatting van 'n artikel van Anna Freud deur J.G.M., 1 Aug. 1946.

„Kleuterskole en die Opvoeding van die Voorskoolse Kind," deur mej. M. Kriel, 1 Sept. 1946.

„Die Opvoeding van die Kleuter deur die Eeue," deur prof. J.F. Burger, 1 September 1947.

Die aktiewe begin van die K.V.K. moet ook gesien word teen die agtergrond van veral die eerste drie oogmerke van die Vereniging, soos neergelê in art. II a, b en c. van sy eerste konstitusie en wat soos volg gelui het:

„a. Om die doel en strewe van die Afrikaanse voorskoolse kind deur Christelike en Nasionale kleuteronderwys te bevorder.

b. Om die belangstelling van ouers, kerke en ander liggame en persone in die opvoeding van die kleuter in die oprigting van Afrikaanse Kleuterskole op/........

86. Redaksie van „Die Unie", 42ste jaargang nr. 2, 1 Aug. 1946, pag. 27 verder en nr. 3, 1 Sept. 1946, pag. 63 verder.

op te wek.

c. Om ouers te dien van raad in verband met die behandeling en opvoeding van die voorskoolse kind." (87)

Dit moes vir die regdenkende Afrikaner in die betreding van 'n nuwe terrein van die opvoeding, 'n prinsipieel aanvaarbare rigting aangedui het.

In die voorsitter se jaarverslag vir die tydperk April 1949 en Maart 1950 is die beleid en strewe van die K.V.K. verder aangedui en die geloof in kleuterskole as middel tot koördinering van alle dienste aan voorskoolse kinders uitgespreek.(88)

In 1947 is op kongresse van die A.T.K.V. en die Vrou- en Moederbeweging d.m.v. besluite die gedagte van Afrikaanse kleuterskole gesteun, terwyl ook die A.C.V.V. morele steun aan die K.V.K. toegesê het. Lg. Vereniging het ook reeds in 1945 die versoek aan die F.A.K. gerig om 'n Federasie van provinsiale Afrikaanse kleuterskoolverenigings te bewerkstellig. Toe niks daadwerkliks gebeur nie, het die K.V.K. in 1947 besluit om self handelend op te tree in dié verband en 'n subkomitee is as aksiekomitee benoem, ook met die opdrag om 'n konsepkonstitusie saam te stel. Lg. taak is uitgevoer: daarin is voorgestel dat die Federale liggaam sou heet S.A. Bond van Verenigings vir Kleuteropvoeding en dat die grondslag daarvan sou wees:

a. Die Christelike grondslag van ons beskawing as fondament van die Opvoeding.

b. Die grondslag van 'n eie Suid-Afrikaanse Volksbestaan.

c. Die moedertaal as voertaal van alle kleuteropvoeding.

d. 'n Gesonde wetenskaplike-opvoedkundige grondslag.(89)

Van/......

---

87. Stukke van die K.V.K. : Afskrif in sekretariële lêer.

88. Redaksie van „Die Unie", 46ste jaargang nr. 2, 1 Aug. 1950, pag. 33 verder.

89. Stukke van K.V.K. : Konsepkonstitusie in die Sekretariële lêer. (Vgl. ook die beknopte verslag oor die aanvoorwerk vir 'n Uniale Afr. Kleuterskoolorganisasie, opgestel deur die Sekretaris onder datum 18 Oktober 1947 in dieselfde lêer.)

Van hierdie mooi aanvoorwerk het niks tereggekom nie. Dit moet in 'n groot mate toegeskrywe word aan die feit dat daar destyds, en ook tans nog, in nie een van die ander provinsies 'n kleuterskoolvereniging op dieselfde grondslag as die K.V.K. bestaan het nie, of wat bereid sou wees om bg. voorgestelde grondslae te aanvaar nie.

Wat meer is, selfs die K.V.K. het steeds 'n worstelende bestaan te voer gehad en het in die jongste tyd(90) sodanig begin kwyn dat die lede daarvan wel die vraag begin stel of die bestaan van die Vereniging nog geregverdig is. Deur al die jare is daar bv. ook nie in geslaag om veel meer as die aanvanklike drie kleuterklasse en -skole te stig en beheer nie. Ook is die ideaal „Om 'n inrigting of inrigtings vir die opleiding van Afrikaanse kleuterskoolonderwyseresse op te rig en te bestuur of om te help met die oprigting en bestuur van sodanige inrigting of inrigtings", soos beoog in art. II (e). van die Vereniging se eerste konstitusie, nie verwesenlik nie. Hierdie doelstelling het dan ook in die jongste konstitusie(91) weggeval, waarskynlik omdat op goeie voet saamgewerk word met die Barklyhuis Kleuteropleiding-kollege, onder beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

Bestuurslede van die Vereniging is oortuig daarvan dat die verklaarde grondslag van die Vereniging nie verantwoordelik is, in die eerste plek, vir die krisistydperk wat deurgemaak word nie. Daar moet in gedagte gehou word dat 'n sterk en aktiewe Kaaplandse tak van die Kleuterskoolvereniging van S.A. in Kaapstad bestaan, asook 'n Hebrew Nursery School Association wat in en om Kaapstad alleen sowat 14 kleuterskole beheer. Die feit dat slegs 'n geringe

aantal/........

---

90. Soos geblyk het uit 'n onderhoud met die huidige sekretaresse, mev. Burger, gevoer op 12 April 1962. Deur die oortuiging en besieling van die voorsitter, mnr. J.N. Smit, bly die Vereniging egter aktief.
91. Stukke van die K.V.K. : Afskrif in sekretariële lêer.

aantal Afrikaanssprekende studente hulle vir opleiding as kleuterskoolonderwyseresse aanmeld en dat geen kleuterskoolonderwysersvereniging op dieselfde grondslag as die K.V.K. bestaan nie, moet as geen geringe faktore in versterking van die probleme van die Vereniging in die praktiese volvoering van sy strewe beskou word nie.

Al berus hierdie Vereniging nie en stig dit nie kleuterskole op Christelik-Nasionale grondslag nie, maar wel op „Christelike en Nasionale grondslag,"(92) wat in wese 'n gans ander benadering, samestelling en organisasie as die eersgenoemde beduie, en klaarblyklik ook om daardie rede telkens die tipering „Afrikaanse voorskoolse kind" en „Afrikaanse kleuterskool" in sy jongste Konstitusie laat wegval het, sal dit te betreure wees as dié vereniging, enig van sy soort in Suid-Afrika, a.g.v. gebrek aan belangstelling en steun van Afrikaanse kant, verplig sal wees om te verdwyn.

e. SEKSIONELE INSTANSIES EN KLEUTERSKOLE:

i) Twee Afrikaanse kerke, nl. die N.H. of G. Kerk en die N.H. Kerk, het hulle op die terrein van die voorskoolse onderwys begewe, en dan met die uitsluitlike doel van die opvoeding en versorging van weeskinders in inrigtings van genoemde kerke. So staan die kleuterskole verbonde aan die Ons Kinderhuis en Charlie Theron-kinderhuis in die O.V.S. en die Abraham Kriel-kinderhuis in Transvaal onder direkte beheer van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk (N.H. of G. Kerk), terwyl die Tink-Tinkie-kleuterskool verbonde is aan die weesinrigting van die Nederduits Hervormde Kerk (N.H. Kerk) in Pretoria. In al die gevalle word aparte geboue of lokale, wat na die eise van omstandighede redelik goed toegerus is, vir dié doel gebruik. Tewens, die Tink-Tinkie-kleuterskool beskik oor 'n moderne gebou en toerusting/.......

92. Stukke van die K.V.K. : Afskrif in sekretariële lêer, art. II (a).

toerusting, wat tesame met die deeglike kleuterskoolmetodiek wat hier toegepas word, kan dien as 'n modelskool vir 'n weesinrigting. Daar bestaan alle aanduidings dat die hoofde en personeel van hierdie skole, deur skakeling met bestaande kleuterskoolverenigings en deur die raadpleging van literatuur, op hoogte bly van die jongste ontwikkelinge op die gebied van die kindersielkunde en kleuterskoolmetodiek. Daarbenewens moet gemeld word dat die twee kleuterskole in die Vrystaat as die twee oudstes in daardie provinsie beskou kan word en die eerste was wat ooreenkomstig die regulasies in art. 60 van die Onderwysordonansie nr. 15 van 1930 gestig is.

Die godsdienstige leiding van kleuters neem in hierdie skole 'n vername plek op die rooster in.

Al vier dié kleuterskole word ook deur die betrokke provinsiale owerhede erken en gesteun.

Hier verdien ook gemeld te word dat 'n afvaardiging van die U.K. van die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika, bestaande uit mej. Naudé en dr. Nelson, lede van die S.K.O.O. van die N.H. of G. Kerk op 4 Mei 1954 te Pretoria ontmoet het insake kleuterskole. Die daaropvolgende dag het dr. D. Moorrees van die S.K.O.O. die volgende aanbevelinge, voortspruitend uit voorgenoemde onderhoud, aan die Sinodale Vergadering voorgelê, wat al die aanbevelinge aanvaar het en vir uitvoering aan die S.K.O.O. terugverwys het:

(I) Die Sinode aanvaar die beginsel van kleuterskole en die noodsaaklikheid hiervan.

(II) Die Sinode verleen toestemming aan die S.K.O.O. om hom in samewerking met ander belanghebbende liggame vir kleuterskole te beywer.

(III) Verdere druk moet op die staat uitgeoefen word vir sterker steun en verantwoordelikheid t.o.v. kleuterskole.

(IV) Om die onderwysdepartemente te nader om hoër professionele status aan opgeleide kleuteronderwyseresse

te/.......

te verleen, en om te probeer om vir hulle professionele voorregte te verkry, soos bv. deeglike en vasgestelde salarisse en pensioene.(93)

ii) Seksionele organisasies wat seker die grootste aantal kleuterskole beheer is ongetwyfeld die South African Board of Jewish Education (S.A.B.J.E.) met hoofkantoor in Johannesburg en die Hebrew Nursery School Association (H.N.S.A.), Kaapstad. Noue samewerking bestaan tussen dié twee in opvoedkundige sake.

Hoofdoel van beide hierdie organisasies is om die Joodse leer, Judaïsme, in die skole tuis te bring. So lees ons in die verslag van die Superintendent-Generaal van Onderwys van Kaapland aan die Uitvoerende Komitee oor Joodse Kleuterskole op 10 Julie 1957:(94)

„The Hebrew Nursery School Association which controls the nine nursery schools in question is conducted under the aegis of the Union of Jewish women. According to the constitution of the Association its aims and objects are inter alia, to train teachers for Hebrew Nursery Schools, to provide practical training for pupil-teachers and to instil in children a spirit of Judaïsm on a Hebrew basis."

Verder lui dit in 'n brief van die United Hebrew Institution of Port Elizabeth aan Inspekteur le Roux soos volg:

„Our schools follow the normal nursery school education in every respect, the only difference being that as and when our religious festivals occur, our teachers during the course of the normal school activities try to introduce a Jewish atmosphere related to these festivals." (95.

In die verslag van die South African Board of Jewish Education(96) word vermeld:

„As a result of sustained effort and encouragement by this department, there is a distinct improvement in celebrations of the Shabbat and Jewish festivals in all

schools/........

93. K.S.V. van S.A. : Verslag van die onderhoud met die S.K.O.O. en die Sinodale besluite; stukke van die K.S.V. van S.A.

94. K.O.D. : Lêer 856 - uitbr. 145, paragraaf 4.

95. K.O.D. : Lêer 856 - uitbr. 145.

96. S.A.B.J.E. : „Reports, Balance Sheet and Accounts, October 1960", pag. 8.

schools."

In die verslag van die Natal Regional Committee, wat by bg. verslag ingesluit is[97] word aangaande kleuterskole meegedeel:

„The Hebrew language, religious observance and practice and the celebration of Shabbat and all festivals are an integral part of the school's activities."

Die wese van die Joodse lewensbeskouing word in die verslag oor die King David High School deur die hoof tekenend soos volg saamgevat:[98]

„Nothing is allien to the Jewish spirit, no facet of life is unacceptable. It all forms part of the Jewish "Holistic" attitude. With this pattern in our educational structure, the child will emerge with a synoptic view of life, where love for the Torah, and identification with one's people and land will have it's rightful place."

By die South African Board of Jewish Education was in 1960 36 kleuterskole met 'n totale inskrywing van 2,047 kleuters geaffilieer, terwyl die Hebrew Nursery School Association in 1961 14 kleuterskole met 691 kleuters onder beheer gehad het, dus 'n totaal van 50 Joodse kleuterskole met 2,738 kleuters.[99]

Die toelating van nie-Joodse kinders is in hierdie kleuterskole nie verbode nie!

In Transvaal en Natal word die oorgrote meerderheid Joodse kleuterskole gesubsideer, terwyl in Kaapland die Joodse kleuterskole, op grond van die Administrasie se beleid om net nie-sektariese kleuterskole te steun, uitsluitlik onafhanklike kleuterskole is.

By die S.A.B.J.E. is ook die enigste opleidingsentrum vir Joodse onderwysers(-esse) geaffilieer.[100]

In/........

97. S.A.B.J.E. : „Reports, Balance Sheet and Accounts, October 1960", pag. 23.
98. S.A.B.J.E. : op cit., pag. 23.
99. S.A.B.J.E. : op cit., pag. 29.
K.O.D. : Lys van geregistreerde privaat skole in die Kaapprovinsie soos op 30 September 1961 (Art. 240 van die Onderwysordonnanssie, 1956.)
100. S.A.B.J.E. : op cit., pag. 42.
Kyk ook hierdie verhandeling, pag. 92 .

In die verslag van hierdie Raad word die beginsel „that the Nursery School should resemble the home where the child can have individual attention and where he has not constantly to be organised" beskou as „the most important of Nursery School principles."

Verdere skakels en bedrywighede van die Raad is die volgende:

(I) Van tyd tot tyd word vergaderings van kleuterskool-onderwyseresse gehou waarop Joodse liedere geoefen word en godsdienstige feesaangeleenthede bespreek word.

(II) In samewerking met die „J.N.F. Education Department of the South African Zionist Federation is 'n liedereboek vir die Joodse Kleuterskool saamgestel.

(III) Skole word deur die kleuterskoolafdeling van die S.A.B.J.E. so dikwels moontlik geïnspekteer.

(IV) Die genoemde Kleuterafdeling voorsien inligting waar nodig aangaande onderwysers, planne vir geboue, veranderings of aanbouing by bestaande skole en aangaande uitrusting.

(V) Na raadpleging met die onderwyseresse en die owerhede is 'n salarisskaal vir kleuterskoolonderwyseresse opgestel.

(VI) Die kleuterafdeling is verteenwoordig op die K.S.V. van S.A., die Johannesburgse Kleuterskoolvereniging, die J.N.F. Education Department of the S.A. Zionist Federation en op die bestuur van die L.K. Hurwitz-kleuterskool.[101]

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die S.A.B.J.E. en die H.N.S.A. doelbewus strewe na bevordering van die Joodse Kleuterskool. Dit is 'n bevoorregte posisie wat hulle deur/........

101. S.A.B.J.E. : „Reports, Balance Sheet and ~~Accounts~~, October 1960", pag. 29 en 30.

deur niemand nog in Suid-Afrika misgun is nie.[102]

iii) Die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika onderhou en bestuur ook kleuterklasse in sommige kloosterskole. Volgens die eerste opname wat daar gemaak is,[103] is die opsteller bewus van die bestaan van ten minste 12 sodanige kleuterklasse. Omdat egter geen positiewe resultaat verkry is op die tweede vraelys wat aan die betrokke kloosterskole gestuur is nie, kan ook geen duidelik geldige afleidinge gemaak word m.b.t. die ware posisie, opvattinge en beleid van die Roomse Kerk in Suid-Afrika oor die kleuterskool en -onderwys nie. Uit bykomstige inligting wat deur informante in die eerste vraelys verstrek is, blyk dit dat waar sodanige kleuterklasse bestaan, hulle:

I) in sommige gevalle deur Engels- sowel as Afrikaanssprekende kleuters bygewoon word, maar in alle gevalle hoofsaaklik deur Engelssprekende kleuters;

II) in 6 uit die 12 gevalle op plekke bestaan waar ook ander kleuterskole bestaan.

Sover bekend ontvang geen Roomskatolieke kleuterskool of -klas enige subsidie van 'n provinsiale owerheid nie, dus bestaan ook geen provinsiale kontrole van watter aard ookal oor sodanige skole of klasse nie.

f. NIE-OPVOEDKUNDIGE LIGGAME EN KLEUTERONDERWYS:

Die afgelope dertig jaar reeds het 'n toenemende aantal liggame, wat nie in die eerste plek opvoedkundige liggame is of was nie, die saak van kleuterskole op vergaderings of kongresse bespreek, d.m.v. besluite steun daaraan toegesê, bepaalde skole geldelik ondersteun of selfs oorgegaan tot die stigting en instandhouding van kleuterskole.

Die/.......

---

102. Vgl. hiervoor ook die Opvoeding van Joodse kleuterskoolonderwyseresse, h (iii) pag.92 hieronder.

103. Kyk bylae 1, die Inleiding van hierdie verhandeling en tabel X op pag.136 hieronder.

Die S.A. Nasionale Raad vir Kindersorg het sedert 1933 op verskeie kongresse van die Raad besluite te dien effekte geneem.[104] So ook het takke van die S.A. Nasionale Vroueraad hulle in hulle omgewings met die stigting van versorgingsoorde en/of kleuterskole bemoei.[105]

Die drie Afrikaanse vrouewelsynsorganisasies in Transvaal, Oranje-Vrystaat en Kaapland, nl. respektiewelik die S.A. Vroue Federasie, Oranje Vrouevereniging en Afrikaanse Christelike Vrouevereniging, stig reeds sedert jare self kleuterskole in die onderskeie provinsies[106] as deel van hulle kinderwelsynsprogramme en is tans nog direk verantwoordelik vir die toesig oor etlike skole, soos o.a. die geval met die kleuterskole van die S.A.V.F. te Nelspruit, Standerton, Vanderbijlpark, Vereeniging en Zeerust, die van die O.V.V. te Kroonstad en die van die A.C.V.V. te Soutrivier, Kaap, om maar enkeles te noem. Hierdie skole is hoofsaaklik vir die kleuters van mindergegoedes en werkende moeders bedoel en in meerderheid gevalle word 'n voldagprogram gevolg. Die skoolgelde wat per kleuter gevorder word, word dan ook ooreenkomstig die inkomste van die ouer bepaal.

In 1947 is op die kongres van die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (A.T.K.V.) besluit:

> „Die Kongres besluit om hom aktief te beywer vir die stigting en registrasie van kleuterskole op Afrikaanse lees geskoei." (107)

In dieselfde jaar het ook die Vrou-en-Moederbeweging besluit dat hy:

> „hom voortaan vir die stigting van Afrikaanse kleuterskole sal beywer deur of steun te verleen aan reeds bestaande Afrikaanse liggame wat die stigting van Afrikaanse kleuterskole beoog of waar nodig self oor te gaan tot die stigting van skakelkomitees wat

direk".........

---

104. Webber, V.K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", appendix 4.
105. K.S.V. van S.A. : Notule van die U.K. van 29.8.1945, par. 5(a); stukke van die K.S.V. van S.A.
106. Vgl. die „Verslag van die Komitee insake Opvoeding van Volwassenes", Staatsdrukker, Pretoria; U.G. nr. 35 - 1945; Vgl. ook hierdie Verhandeling Hoofst. III 6(b) pag. 176.
107. K.V.K. : Uittreksels van Kongresverslag in die Sekretariële Lêer.

direk op die stigting van dergelyke skole sal afstuur." (108)

Verskeie Munisipaliteite maak jaarliks geldelike toekennings aan kleuterskole in hulle gebiede.[109] Sover vasgestel kan word, bestaan daar in die land slegs drie stadsrade wat self kleuterskole stig, onderhou en beheer, t.w. die te Kaapstad en Oos-Londen in die Kaapprovinsie[110] en die van Johannesburg, wat as deel van sy gesondheidsprogram t.b.v. veral die inwoners in mindergegoede buurte van die stad tans 5 blanke kleuterskole, t.w. die te Vrededorp, Fordsburg, Judith's Paarl, La Rochelle en Newlands, en twee nie-blanke kleuterskole onderhou. Die besture van die ander kleuterskole in Johannesburg ontvang van die Stadsraad 'n erkenningstoelae, terwyl hulle onderwerp is aan gereelde mediese toesig van die gesondheidsdepartement van die Raad.[111] Die Pretoriase Stadsraad ondersteun tans tien kleuterskole in sy gebied, maar stig en beheer self nie kleuterskole nie.[112]

Dit is ook uit die ontvange vraelyste e.a. inligting duidelik dat mynowerhede (soos die te Allenridge in die Vrystaat), nywerhede en sakeondernemings (soos Everite (Tvl), O.K. Bazaar (Jhb.) en Fichardt se Winkel (Bloemfontein) en die Tafelronde (soos in die geval van die tak te Vryburg, Kp.) kleuterskole ten behoewe van kinders van hulle werknemers/.......

---

108. K.V.K. : Uittreksels van Kongresverslag in die Sekretariële lêer.

109. Vgl. hierdie verhandeling Hoofstuk III 6 (b), pag. 176.
Kyk ook die presidensiële rede van dr. Arndt gelewer voor die jaarvergadering van die K.S.V. van S.A. te Port Elizabeth op 14.7.1949, p. 4, waarin melding gemaak word van 8 munisipaliteite in Tvl. alleen.

110. Webber, V.K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", pag. 112.

111. Stadsklerk van Pretoria, HB/RCI,22 Mei 1962; persoonlike korrespondensie.

112. Stadsklerk van Johannesburg, Verw. 111/2, 7 Junie 1962; persoonlike korrespondensie.

nemers of lede geldelik ondersteun of stig en beheer of in die verlede pogings daartoe aangewend het.

Dit is te betwyfel of kleuterskole deur Nie-opvoedkundige liggame in die eerste plek om opvoedkundige oorweginge gestig sal word. Dit kom voor dat in oorgrote meerderheid voorgaande gevalle, indien nie almal nie, die belangstelling en daadwerklike steun op maatskaplike, mediese en/of materiële oorweginge in die eerste plek berus. Dit is in daardie gevalle waar deur bepaalde reëlings of omstandighede die versorging in die natuurlike huislike verband versteur is, dat hierdie organisasies hulle die welsyn van die kind aantrek, die geleenthede wat die kleuterskool bied as middel aangryp en also 'n aanvullende of vervangende diens vir die huislike opvoeding instel.

Die bepaalde besluite van die A.T.K.V. en Vrou-en-Moederbeweging moet gesien word teen die agtergrond van die vir die Afrikaner, veral in daardie tyd, oorheersende beginsel van 'n eie, selfstandige volksbestaan, weerspieël in 'n karakteristieke lewens- en wêreldbeskouing. Volks- en kultuurvreemde elemente moes as bedreiging gesien word. Die vroeëre aangehaalde artikel van prof. B.F. Nel, die skrywe van mnr. Greybe en die stigting van die Kaaplandse Kleuterskoolvereniging in daardie tyd het immers dieselfde ondertoon laat hoor. Mej. V.K. Webber moes ook bepaald die opkoms van 'n Nasionaalgesinde Afrikanderdom in gedagte gehad het waar sy skryf:

„From 1950 reactionary forces, which had been gathering momentum during and immediately following World War II, began to make themselves felt in education throughout the country and the nursery school movement was not excluded."(113)

g./.........

113. Webber, V.K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", pag. 80.

g. KLEUTERSKOLE EN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP (D.O.K.W.):

Die aandeel van die D.O.K.W., vroeër die Unie-Onderwysdepartement, dateer sedert die dertigerjare en het bestaan in:

Die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse;[114]

die aanstelling van 'n voltydse kleuterskoolinspektrise;[115]

die organisasie van of steun aan besondere kleuterskole.

Vandag beheer of steun hierdie Departement kleuterskole van drieërlei aard:

(I) Kleuterskole verbonde aan Huishoudskole en Industriële skole vir Meisies;

(II) kleuterskole as oefenskole verbonde aan Opleidingskolleges;

(III) kleuterskole verbonde aan inrigtings vir buitengewone onderwys.

i) In die Departement se verslag van 1938 word vir die eerste keer melding gemaak van die kleuterskole wat staan gestig te word aan Huishoud- en Industriële skole. Die aanvanklike doel van die Departement was tweërlei van aard:

a. om leerlinge, as toekomstige moeders, 'n deeglike praktiese opleiding te verskaf veral wat die hantering en versorging van die voorskoolse kind betref, asook 'n teoretiese kennis van moederkunde met praktiese demonstrasies waar moontlik, aangaande die hantering van babas, hul voeding, kleding, versorging, ens;

b. om die arbeidsmark van opgeleide kinderkamerhelpsters vir kinderinrigtings te voorsien.[116]

Ten/.........

---

114. Vgl. ook Hoofstuk II paragraaf 4 h (i), pag. 85 hieronder.

115. Vgl. daarvoor Hoofstuk II paragraaf 5 b (i), pag. 110 hieronder.

116. D.O.K.W. : Brief van die Sekr. van O.K.W. aan prof. O.C.Erasmus oor die kleuterskool te Tempe; Verw. 14/98/3A, gedateer 12.5.1958.
(Ook as bylae (vgl. nr. 10) in die Verhandeling van mej. Webber opgeneem.)

Ten einde dié doeleindes te bereik het die Departement gedurende 1935 - 1937 mej. V.K. Webber oorsee gestuur om 'n spesiale studie van kleinkinderskoolaangeleenthede te maak en wat by terugkeer as organiseerster van kleuterskole in in die Departement aangestel is.[117] Gedurende die jare daarna tot 1949 het nege sodanige kleuterskole tot stand gekom en bestaan t.w. dié verbonde aan die Huishoudskole te Bethlehem, Hartebeespoort, George, Potchefstroom, Adelaide, Knysna en Christiana en dié verbonde aan die Industriële skole vir meisies te Tempe (Bloemfontein) en Standerton. Die reëling en beleid van die Departement is in Desember 1941 soos volg deur die Sekretaris van Onderwys aan die Minister van Onderwys uiteengesit:

> „At schools, however, where suitable accomodation can be provided and where nursery schools with a potential enrolment of at least 16 pupils can be established, a post of instructress in mothercraft additional to the quota at present in force will be required, as her full time will be occupied in connection with the running of the nursery school and with mothercraft instruction. It is only in such circumstances that full justice can be done to mothercraft instruction and the subject properly taught in all its phases.
>
> It is regarded that a suitable fee for infants attending the nursery school will be £8 per annum, the Secretary to have the discretion to reduce or remit the fee." (118)

Na 1949 is egter 5 van hierdie kleuterskole afgeskaf. In 'n skrywe van die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap[119] blyk dit dat

(I) die kursus in kinderkamerhelpster om verskeie redes by dogters ongewild is;

(II) waar sodanige kleuterskole bestaan het, na die oor-

deel/.......

---

117. D.O.K.W. : Brief van die Sekr. van O.K.W. aan prof. O.C. Erasmus oor die kleuterskool te Tempe; Verw. 14/98/3A, gedateer 12.5.1958.

Webber, V.K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", pag. 17. (Mej. Webber het hierdie betrekking tot 1952 beklee toe sy bedank en hoofde van die Afdeling Kleuteronderwys en Onderwysersopleiding aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege geword het.)

118. Webber, V.K. : op cit., appendix 9.

119. D.O.K.W. : op cit., Verw. 14/98/3A, 12.5.1958.

deel van die Departement, gebrekkig gebruik gemaak is van die kleuterskool as praktiese hulpmiddel by die onderrig van die vakke Moederkunde en Kindersorg en dat genoemde vakke net so doelmatig met goedkoper middele aan al die dogters onderrig kan word;

(III) die kleuterskole 'n onekonomiese las op die Departement gelê het wat nie geregverdig kon word nie.

As in gedagte gehou word dat 'n behoorlik ingerigte en bestuurde kleuterskool 'n duur onderneming is, dan is die beleid wat dié Departement na 1949 gevolg het om finansiële redes geregverdig. Daarbenewens het die Departement hom tog bereid verklaar om onder beperkinge t.o.v. personeelvoorsiening kleuterskole vir die doeleindes hierbo genoem in stand te hou waar genoegsaam belangstelling bestaan en word dié geleenthede tans ook nog gebied aan die Huishoudskole te Potchefstroom en George en die Industriële skool te Tempe, hoewel die moontlikheid sterk is dat die kleuterskool by lg. ook binnekort gaan verdwyn.

By voltooiing van 'n tweejarige kursus as kinderkamerhelpster na standerd agt word 'n kleuterskoolassistent-sertifikaat verwerf, wat die houdster o.a. in staat stel om as assistente of helpster diens by 'n kleuterskool te aanvaar. Die houdster van sodanige sertifikaat word egter nie as 'n ten volle opgeleide kleuterskoolonderwyseres beskou nie.[120]

ii) Die D.O.K.W. beheer en hou ook in stand die kleuterskole verbonde aan sy twee Opleidingskolleges vir kleuterskoolonderwyseresse, tw. dié in Johannesburg en die Barklyhuis-Opleidingskollege te Claremont, Kaapstad. Hierdie

kolleges/.......

---

120. Vgl. K.S.V. van S.A., opgestel deur : „Kleuterskool-Handboek", 1960; pag. 41.

kolleges beskik elk oor 3 kleuterskole wat as oefenskole vir die praktiese opleiding van die studente gebruik word en wat geheel-en-al deur die Departement beheer en in stand gebou word. Die personeel aan hierdie skole verbonde word deur die Departement aangestel en besoldig.

iii) Voorts verleen die D.O.K.W. steun aan die kleuterskole of -afdelings wat aan die volgende inrigtinge vir buitengewone onderwys bestaan:-

Trans-Oranje Skool vir Blinde Kleuters, Pretoria.
Trans-Oranje Skool vir Dowes, Pretoria.
Skool vir Serebraalverlamdes, Prinshof.
Hope Herstellingsoord, Johannesburg.
Skool vir Blindes, Worcester.

iv) Ten slotte moet hier daarop gewys word dat dit konsekwente beleid van die Departement is dat kleuteronderwys in die algemeen nie 'n funksie of verantwoordelikheid van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap is nie, maar wel van die Provinsiale Onderwysdepartement. Daardie beleid word gegrond op die bepalinge in Art. 85 van die Suid-Afrika Wet van 1909, waardeur Hoër Onderwys aan die Unie-Onderwysdepartement opgedra is(121) en die Departement hom dus t.o.v. kleuteronderwys slegs verantwoordelik hou vir die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse.

1. DIE OPLEIDING VAN KLEUTERSKOOLONDERWYSERESSE:

i) DIE AANDEEL VAN DIE DEPARTEMENT ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP:

Onderwyseresse van oorsee(122) en onopgeleide persone/........

---

121. Vgl. Redaksieraad onder voorsitterskap van regter J.M. Murray: „Die Unie-Wette, 1910 - 1947", dl. 3 : „Zuid-Afrika Wet 1909, Een Wet ter daarstelling van die Unie van Zuid-Afrika, 20 Sept. 1909."

122. K.S.V. van S.A. : Soos meegedeel.

Vgl. ook Webber, V.K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", pag. 18.

Vgl. ook voetnoot 125 en die Konsolidasie en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, nr. 38 van 1945, art. 17, waarvolgens die kleuterskoolonderwysersopleidingskolleges as inrigtings vir hoër onderwys verklaar is.

persone het hoofsaaklik die eerste kleuteronderwys in die land behartig. Met die te stigte kursusse aan Huishoud- en Industriële skole vir Meisies, het die Unie-Onderwysdepartement (tans die D.O.K.W.) voor die wesenlike probleem te staan gekom van die verkryging van behoorlik opgeleide persone om die onderrig in die voorgenome kursusse te behartig. Behalwe dat mej. V.K. Webber vir 'n studietydperk van twee jaar oorsee gestuur is, het die Departement sonder sukses gepoog om óf die Provinsiale owerhede óf die universiteite Kaapstad, Stellenbosch, Witwatersrand en Pretoria oor te haal om 'n opleidingskursus vir kleuterskoolonderwyseresse in die lewe te roep.

In 1937 het prof. John Orr, Direkteur van die Witwatersrandse Tegniese Kollege, met die steun van sy Raad, die toestemming van die Minister van Onderwys verkry om 'n Afdeling vir die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse en onderwyseresse in moederkunde aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege in te stel. So kom in 1938 die Departement van Voorskoolse Onderwys en Onderwysersopleiding aan hierdie Kollege tot stand en is mej. M. Saunders van Groot Brittanje, as die eerste hoof daarvan aangestel.[123]

Die U.O.D. het die behoefte aan 'n dergelike sentrum in die Suide gevoel en in 1939 daartoe oorgegaan om die werk wat die Child Life Protection Society onder die Nasionale Raad vir Kinderwelvaart in die Lady Buxton Emergency Home te Claremont, Kaapstad, verrig het te erken en vir die finansiële jaar 1939-1940 met 'n bedrag van £1,000 (R2,000) te subsideer.[124] In 1945 het die Minister van Onderwys die Buxton Pre-School Training Centre, kragtens Art. 1 van Wet nr. 30 van 1923, die Wet op Hoër Onderwys, as 'n plek

van/.........

123. Webber, V.K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", pag. 18.

124. Webber, V.K. : op cit., pag. 26.

van hoër onderwys verklaar, die naam verander na Buxton Training College en die oogmerke van die Kollege soos volg neergelê:

„(a) to train nursery school teachers;

(b) to train any other people in work, connected young children, of which the Council, with the consent of the Minister, from time to time shall approve;

(c) to provide a centre of research in connection with work relating young children;

(d) to establish and conduct demonstration and practising nursery schools, and to carry on any other activities relating to the education and care of infants."(125)

Ooreenkomstig die bepalinge in Art. 34 van Wet nr. 70 van 1955, die Wet op Beroepsonderwys,(126) wat 'n vervanging is van art. 17 van Wet nr. 38 van 1945, die Konsolidasie en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, het die D.O.K.W. eers in Oktober 1957 die vroeëre Buxton Training College en daarna weer in April 1962 die Departement van Voorskoolse Onderwys en Onderwysersopleiding oorgeneem en word hulle direk deur die Departement as selfstandige inrigtings beheer onder die name Barkly House Training College for Nursery Education en Opleidingskollege vir Kleuterskoolonderwyseresse.(127)/.......

125. Goewermentskennisgewing nr. 1803 van 28 September 1945, soos afgekondig in die Offisiële Koerant Nr. 3551 van 28 September 1945.
(Ooreenkomstig Wet nr. 30 van 1923, „Hooger Onderwys Wet", is 'n verklaarde instelling : „ . . . zulke instellingen als door de Minister by kennisgewing in de Staatskoerant verklaard worden scholen van hoger onderwijs volgens de bepalingen van deze Wet te zijn." ; Vgl. daarvoor „Die Unie-wette, 1910 - 1947", Deel 5, pag. 536.

126. Wette van die Unie van S.A. 1955, Dl. II, Nos. 56 - 70, pag. 1693.

127. Webber, V.K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", pag. 30.
Hoofde van die Opleidingskollege vir kleuterskoolonderwyseresse, Johannesburg. Verw. 3 Augustus 1962: persoonlike korrespondensie.

skoolonderwyseresse.

In 1952 het die kollege te Claremont ook 'n begin gemaak met die opleiding van Kleurling-kleuterskoolassistente. (128)

In 1938 het die U.O.D., op grond van die bepalinge in die Wet op Hoër Onderwys van 1923, 'n kommissie aangewys om die kursusse en leergange neer te lê vir die Nasionale Sertifikaat vir Onderwysers van Voorskoolse Onderwys („National Certificate for Teachers of Pre-School Education.") (129) Volgens 'n mededeling van die D.O.K.W. is die kursusse en leergange soos vervat in die „Handboek vir Nasionale Onderwyserskursusse, Leergange en Eksamens" (1952) tans verouderd, volg die twee inrigtings as't ware hulle eie leergange en is die Departement tans besig om 'n kommissie saam te stel wat hersiene leergange moet opstel.

Beide Kolleges bied twee kursusse aan:

I) 'n Drie-jarige kursus na matriek, of gelykstaande kwalifikasies, vir verwerwing van die Nasionale Onderwysersertifikaat in Kleuteronderwys.

II) 'n Eenjarige kursus vir verwerwing van die Nasionale Onderwysersdiploma in Kleuteronderwys, waarvan die toelatingsvereistes is:

(a) 'n Goedgekeurde Universiteitsgraad of -diploma waarby die minder nie as drie jaar voltydse studie betrokke was.

(b) Die Hoër of Sekondêre Onderwyssertifikaat of diploma waarby altesaam nie minder nie as drie jaar voltydse studie betrokke was.

(c) 'n Goedgekeurde Kindertuin- of Primêre Onderwysersertifikaat waarby nie minder nie as twee jaar namatrikulêre studie betrokke was.

(d)/.......

---

128. Webber, V.K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", pag. 30 verder.

129. Webber, V.K. : op cit., pag. 18 verder.
Vgl. ook „Die Unie-Wette, 1910-1947", dl. 5: „Hooger Onderwys Wet", no. 30 van 1923; pag. 536.

(d) Die Sertifikaat van die Suid-Afrikaanse Verplegingsraad, vir Algemeenopgeleide verpleegsters tesame met of die Sertifikaat van die S.A. Raad vir Kindersorg vir Athlone Moederkunde Verpleegsters of die Royal Sanitation Institute se Sertifikaat vir Gesondheidsbesoeksters en skoolverpleegsters of ander aanvaarde gelykstaande kwalifikasies."[130]

In die voorwoord van die prospektus van die Kollege in Johannesburg lees ons:

„Die opleiding van studente aan hierdie inrigting berus op die beginsel dat onderwys sowel volkome maatskaplike en verstandelike belewenis is, as 'n vreugdevolle wederwaardigheid in die soektog na kennis en vaardigheid. . . . Die opleiding is dus toegespits op die ontwikkeling van elke student se eie persoonlikheid en terselfdertyd op die aankweek in hulle van 'n gees van samewerking en liefde vir diensvaardigheid."

Voor in die prospektus van die Barklyhuis-Opleidingskollege is die „Deklarasie van Geneve" opgeteken![131]

Beide Kolleges is tweetalige inrigtings, maar volgens mededeling is die medium van onderrig Engels, omdat deur die loop van die jare 'n baie klein persentasie van die studente Afrikaanssprekend was.

Volgens Webber het 452 studente tot 1958 een van die bogenoemde sertifikate aan die twee Kolleges tesame verwerf.[132] Volgens 'n opgaaf van die Barklyhuis-Opleidingskollege het in die tien jaar eindigende Desember 1961 143 en 6 studente onderskeidelik die Nasionale Onderwysersertifikaat en die Nasionale Onderwysersdiploma in Kleuteronderwys aan daardie Kollege behaal.

ii) <u>AANDEEL VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA</u>:

In antwoord op 'n sterk gevoelde behoefte aan Afrikaanse

kleuterskole/.......

---

130. Vgl. die prospektusse van die Barklyhouse Training College en Opleidingskollege vir Kleuterskoolonderwyseresse.

131. Op cit.

132. Webber, V.K. : „The Develoment of Nursery Education in South Africa", pag. 33.

kleuterskole en kleuterskoolonderwyseresse[133] het die Universiteit van Pretoria in 1940 'n kursus vir die opleiding van Afrikaanse onderwyseresse onder sy Departement van Opvoedkunde ingestel. Volgens die jongste jaarboek (1961-1962) van die Universiteit word drie kursusse vir die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse aangebied:

(I) 'n Driejarige kursus vir verwerwing van die Diploma in Kleuteropvoeding, waarvan die toelatingsvereistes is: vereistes vir toelating tot die graad van Baccalareus, óf besit van 'n Skooleindsertifikaat, óf 'n spesiale aanbeveling deur die Fakulteit.

(II) 'n Eenjarige Diplomakursus in Kleuteropvoeding, waarvan die toelatingsvereistes is: 'n erkende onderwyssertifikaat wat getuig van 'n voltydse opleiding van minstens twee jaar na matriek of skooleindsertifikaat; minstens twee jaar onderwyservaring en 'n bevredigende rapport van die betrokke Onderwysdepartement. Kandidate met 'n Baccalaureus-graad in Sosiale Wetenskappe of met 'n Baccalaureus graad in die Lettere, waarby sielkunde en Sosiologie hoofvakke was, kom met goedkeuring van die Fakulteit ook vir die eenjarige kursus in aanmerking.

(III) 'n Vierjarige B.A.(S.W.)-graad en Diploma in Kleuteropvoeding. Kandidate ontvang die graad en die diploma aan die einde van die vierde studiejaar. Die toelatingsvereistes is dieselfde as die vir ander graadkursusse.[134]

Vir toelating tot al drie kursusse word verder 'n

bevredigende/.......

---

133. Vgl. die artikel van dr. B.F. Nel in „Koers", deel IX, nr. 1 van Augustus 1941, pag. 1 - 7.

134. Universiteit van Pretoria: Jaarboek 1961 - 62, pag. 406 verder.

bevredigende mediese sertifikaat tesame met die aansoek om toelating vereis.

Die eerste kursus kom in duur en vereistes ooreen met die eerste kursus wat die D.O.K.W. aanbied. Die tweede kursusse van die inrigtings stem ooreen in duur maar verskil in toelatingsvereistes: Die Universiteit van Pretoria bied hier aan gekwalifiseerde onderwyseresse met 'n minimum ervaring van twee jaar geleentheid, beskryf spesifiek die graadkursusse wat studente vir toelating moes gevolg het en laat geen geleentheid aan opgeleide verpleegsters om hierdie kursus te volg nie. Die derde kursus van die Universiteit van Pretoria is uniek. Die opleidingskolleges van die D.O.K.W. kan daarteenoor geen akademiese kursusse aanbied nie.

Die voertaal is hoofsaaklik Afrikaans. Die afgelope tien jaar, eindigende Desember 1961 het 59 studente aan die Universiteit sertifikate of diploma's in kleuterskool opvoeding ontvang, waarvan 55 met huistaal Afrikaans, 3 met huistaal Engels en 1 met huistaal Duits. Volgens Webber het tot 1958 altesaam 99 studente hulle kursusse in kleuteropvoeding suksesvol voltooi. Vanaf 1958 tot die einde van 1961 is nog 25 studente opgelei, wat die totaal vir die Universiteit op 124 te staan bring.

Die Universiteit beskik nie oor eie proefkleuterskole nie, maar maak vir die praktiese opleiding van studente gebruik van verskeie erkende kleuterskole in Pretoria, Johannesburg, op die Transvaalse Platteland en in die Vrystaat. Hierdie proefskole word verdeel in groepe A en B. Groep A - skole beskik oor opgeleide kleuterskoolonderwyseresse wat leiding aan studente kan gee en word eerste en hoofsaaklik deur die Universiteit vir praktiese opleidingsdoeleindes gebruik. Groep B - skole beskik gewoonlik nie oor opgeleide personeel nie en word alleen gebruik as die Groep A - skole tot beskikking van die Universiteit nie

genoeg/........

genoeg uitplasingsfasiliteite bied nie. Enkele nie-blanke-kleuterskole word ook as proefskole gebruik terwille van studente wat daarin mag belangstel.(135)

iii) DIE OPLEIDING VAN JOODSE KLEUTERSKOOLONDERWYSERESSE:

Seminaries vir die opleiding van Joodse onderwysers, waaronder ook kleuterskoolonderwyseresse bedoel vir die oorwegend Joodse kleuterskole, bestaan in Johannesburg en Kaapstad. In Johannesburg geskied die opleiding aan die Rabbi Judah Leib Zlotnik -Seminarie, wat in die veertigerjare tot stand gekom het. In die verslag van die S.A. Board of Jewish Education lees ons:

> „Since 1944, when South African Jewry was completely cut off from the traditional centres of Jewish religious inspiration and culture, the Rabbi Judah Leib Zlotnik Seminary has been the main source of the community's gradually increasing number of qualified Hebrew teachers and dedicated Jewishly-inspired lay-men."(136)

Die gees, inhoud en oogmerke van die inrigting word in die verslag mooi geteken waar 'n waarnemer en joernalis soos volg aangehaal word:

> „In four classes, with never a word of English spoken, a group of young men and women - most of them South African born - were engrossed in the assimilation of Jewish culture.
>
> „And they are studying not to seclude themselves, but because they are conscious of a mission; to spread their knowledge of Hebrew and Judaïsm throughout the South African Jewish community.
>
> „They come to the Seminary from all parts of the Union - and at the end of their training will return home to their places in their communities as Hebrew teachers, or well-informed Jewish laymen able to give guidance in Jewish matters."

'n Driejarige kleuterskoolonderwyserskursus na matriek word deur die Seminarie aangebied, bestaande uit twee jaar voltydse/........

---

135. Soos meegedeel deur mej. H.J. Naude, Hoofde van die Afdeling Kleuteropvoeding, Universiteit van Pretoria, Verw; (16 Aug. 1962);persoonlike korrespondensie

136. S.A.B.J.E. : „Reports, Balance Sheet and Accounts, Oct. 1960, pag. 9.

voltydse opleiding aan die Seminarie en een jaar praktiese onderrig aan óf die Rose Gordon - óf die King David -kleuterskool met aanvullende lesings. Indien ŉ student nie in Hebreeus gematrikuleer het nie, moet sy drie jaar aan die Seminarie deurbring en een jaar praktiese opleiding ontvang. Die Seminarie beheer die leergange en eksamens. Die diploma aan die Seminarie verwerf word nie as gelykstaande met die Nasionale Onderwysersertifikaat in Kleuteronderwys beskou nie. Die verslag van die S.A.B.J.E. klassifiseer dan ook die aan die Seminarie opgeleide onderwyseresse as ongekwalifiseerd.(137).

Die getal afgestudeerde kleuterskoolonderwyseresse aan die Seminarie bly maar gering. Van die 129 onderwyseresse wat in 1960 aan kleuterskole onder beheer van die S.A.B.J.E. verbonde was, is slegs 9 aan die Seminarie opgelei. In die drie jaar 1957 tot 1959 het 5 kleuterskoolonderwyseresse die kursus aan die Seminarie voltooi:

Een voordeel wat hierdie onderwyseresse bo hulle kollegas het, is dat die S.A.B.J.E. in 1959 ŉ pensioenskema vir onderwyseresse in die lewe geroep het.

iv) DIE VULLING VAN VAKANTE POSTE:

Vandag nog bestaan ŉ baie groot tekort aan ten volle opgeleide kleuterskoolonderwyseresse, sodat geen probleem vir afgestudeerde studente bestaan om ŉ betrekking aan ŉ erkende kleuterskool te bekom nie. Die prosedure wat gewoonlik met betrekking tot studente in hulle finale jaar gevolg word is dat kleuterskole die opleidingssentrums in kennis stel van vakatures wat bestaan of gaan bestaan. Kennisgewings van vakatures word gewoonlik teen die kennisgewingborde by opleidingsentrums aangebring. Die Onderwysdepartement van die Vrystaat is die enigste Provinsiale

departement/.......

137. S.A.B.J.E. : „Reports, Balance Sheet and Accounts, Oct., 1960, pag. 28.

departement wat kleuterskoolvakatures in sy gereelde lys van vakante poste adverteer. In laasgenoemde geval word die finale aanstelling dan ook deur die Departement gedoen. In die geval van alle ander provinsiaal erkende kleuterskole word aansoeke gerig aan die besture van die betrokke kleuterskole en die aanstellings deur hulle gedoen.[138]

v) SALARISVOORUITSIGTE:

Geen eenvorminge salarisskale bestaan vir betrekkings aan dié kleuterskole wat deur private liggame of besture georganiseer word nie, terwyl in kleuterskole wat deur persone in hulle private hoedanigheid georganiseer word, die salaris bepaal word deur die inskrywingsgelde wat per kleuter neergelê word.

Die onderstaande tabel toon egter die vooruitsig van 'n vaste salarisskaal in geval van enkele bepaalde betrekkinge:

(I) Kleuterskole verbonde aan Hoër Huishoudskole en Industriële skole vir Meisies onder die D.O.K.W.:

R1080 x 60 - R1440 x 80 - R2080.

(II) Kleuterskole onder beheer van Plaaslike Owerhede (bv. Jhb.):

R1176 x 48 - R1368.

(III) Kleuterskole as oefenskole verbonde aan onderwyseresopleidingskolleges:

R1080 x 60 - R1440 x 80 - R2080.

(IV) Kleuterskole in die Vrystaat waar die Onderwysdepartement ten volle opgeleide onderwyseresse besoldig:

R1020 x 60 - R1500 - R1620 x 60 - R1860.[139]

Hierdie skale vergelyk redelik goed met dié van onderwyseresse met gelyke opleiding verbonde aan provinsiale laerskole.

vi)/........

138. Hoofde van die Opleidingskollege vir Kleuterskoolonderwyseresse, Johannesburg, Verw. 3 Aug. 1962; persoonlike korrespondensie.

139. Opleidingskollege vir Kleuterskoolonderwyseresse, Johannesburg: Prospektus, par. 4.

vi) STATUS:

Oor die algemeen word kleuterskoolonderwyseresse as van laer finansiële en professionele status beskou as laerskoolonderwyseresse, gelyke duur in opleiingskursusse of selfs die besit van 'n Nasionale Onderwysersdiploma in Kleuteronderwys (4 jr.) ten spyt. In die Kaapprovinsie word gekwalifiseerde kleuterskoolonderwyseresse toegelaat om vir die beginners in die laerskool skool te hou. In die Vrystaat geniet hulle dieselfde diensvoorwaardes en daarmee dieselfde status as laerskoolonderwyseresse en mag hulle as sodanig aangestel word.(140)

Daar bestaan 'n Kleuterskoolonderwysersvereniging met sekretariële adres in Johannesburg. Hierdie vereniging is geaffilieer met die K.S.V. van S.A. Op die jaarvergadering van lg. Vereniging, gehou te Bloemfontein op 5 tot 7 Julie 1961, is nog besluit om die Kleuterskoolonderwysersvereniging uit te nooi om 'n verteenwoordiger op die U.K. van die K.S.V. van S.A. te benoem.(141) Die Kleuterskoolonderwysersvereniging geniet uit die aard van die saak nie gelyke status met ander provinsiaal en nasionaal erkende onderwysersverenigings nie, soos bv. die T.O., O.V.S.O.V., T.T.A. of S.A.O.U.

i. DIE PRIVAAT KLEUTERSKOOL IN SUID-AFRIKA:

Die privaat kleuterskool, wat deur 'n indiwiduele persoon in sy private hoedanigheid gestig en om geldelike gewin onderhou word, moet duidelik onderskei word van:

(I) die privaat kleuterskool wat van plan is om, sodra die vereiste standaarde bereik is, aansoek te

doen/......

---

140. O.D.O.V.S. : Deel XXV van die Onderwysregulasies beherende die Stigting, Beheer en Finansiering van ondersteunde kleuterskole; lêer Z 443/6.

Vgl. ook hierdie verhandeling Hfst. II 5 b (ii), pag. 118. hieronder.

141. O.D.O.V.S. : Afskrif van die verslag van verrigtinge in lêer Z 443/8.

doen om 'n subsidie;

(II) die privaat of onafhanklike kleuterskool wat wel by 'n provinsiale owerheid geregistreer is en erken word, maar geen subsidies ontvang nie.

Wanneer die heel eersgenoemde tipe privaat skool, die sgn. „om eie-gewin-skole", in Suid-Afrika ontstaan het, is nie te bepaal nie. Reeds in 1936 lê die U.K. van Transvaal in die voorwaardes van subsidiering van kleuterskole neer dat „Geen subsidie sal betaal word aan skole wat vir geldelike voordeel gedrywe word nie . . ."[142] en in 1948 het die Sentrale komitee van die K.S.V. van S.A. met sy vergadering te Oos-Londen op 27 en 28 September kommer uitgespreek oor die paddastoelontwikkeling van nie-geregistreerde sogenaamde kleuterskole.[143] In 'n skrywe van die Departement van Volkswelsyn aan die Departement van Onderwys van die O.V.S. in 1960 word melding gemaak van 'n soort onderneming wat die afgelope jare sy verskyning gemaak het wat nie 'n volwaardige versorgingsoord is nie, maar ook nie 'n kleuterskool nie.[144]

In die Kaapprovinsie en Natal is die registrasie van alle privaatskole, dus ook privaat kleuterskole, verpligtend.[145] Tog bestaan in die Kaapprovinsie ten minste 'n hele paar van hierdie skole onder die voorwendsel dat hulle slegs speelskole, -hoekies of -sentrums is en ontduik also registrasie.[146] Daarbenewens is hierdie skole deur die beleide van die Transvaalse en Vrystaatse Adminstrasies

uitgesluit/........

---

142. T.O.D. : Verslag vir die jaar eindigende 31 Desember 1936.

143. O.D.O.V.S. : Afskrif van die verslag van verrigtinge in lêer Z 443/4.

144. O.D.O.V.S. : Departement van Volkswelsyn, diensbrief S.W.1, gedateer 1 Oktober 1960; lêer Z 443/7.

145. K.S.V. van S.A. : Memorandum presented to the Financial Relations Commission, November 1961; stukke van die K.S.V. van S.A.

N.O.D. : Regulasies betreffende die betaling van toelaes aan staatsondersteunde blanke kleuterskole.

146. Vgl. Tabel X. pag.136 hieronder.

uitgesluit van verpligte registrasie of die handhawing van sekere standaarde. Wat meer is, geen owerheidsliggaam, hetsy provinsiaal of van die sentrale regering, het nog enige standaarde neergelê waaraan spesifiek hierdie privaatskole moet voldoen nie, of die tuiste van verantwoordelikheid oor hierdie tipe skole afdoende bepaal nie.

Sommige plaaslike owerhede wend pogings aan om d.m.v. hulle gesondheidsdepartemente 'n mate van beheer oor die higiëniese toestande van sodanige skole in hulle gebiede uit te oefen. So lees ons in die verslag van die jaarvergadering van die K.S.V. van S.A. gehou te Bloemfontein vanaf 5 tot 7 Julie 1961:

„Dr. Kreher said that 'mushroom' schools had become such a problem in Johannesburg that the City Council had been forced to appoint an inspector on whose advice some 100 of these institutions had been closed."

Voorts het dr. Kreher gewys op:

„the proposed regulations drawn up in the Transvaal to govern the Health aspect of all institutions for preschool children; once these by-laws had been promulgated official inspection would take place regularly."(147)

Een van die voorwaardes waarop Natal kleuterskole gesubsideer het, was dat hulle tegelyk deur plaaslike owerhede gesubsideer moet word. Na 1951 het hierdie regulasie egter verval.

So bestaan hierdie „om-eie-gewin-kleuterskole" in Suid-Afrika dus sonder behoorlike beheer en standaarde. In die reël was en is die stigter dan ook geen opgeleide kleuterskoolonderwyseresse nie en in sekere gevalle beskik onderwyseresse selfs oor geen onderwyserskwalifikasies nie. (148) Daarin was en is baie van hierdie skole dan niks meer as versorgingsoorde onder die naam van kleuterskole nie. Dat die hele kleuterskoolgedagte in sy ontwikkeling hier te lande ernstig geskaad is deur 'n begrip dat hierdie

„kleuterskole"/........

---

147. O.D.O.V.S. : Afskrif van verslag van verrigtinge, Lêer 443/8.

148. Vgl. ook hierdie verhandeling hfst. III, 6 c (i), pag. 191.

„kleuterskole" wesenlik die kleuterskool in Suid-Afrika verteenwoordig, is ŉ moontlikheid wat nie uit die oog verloor moet word nie.

Die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika, wat as die argitek van die hedendaagse erkende Suid-Afrikaanse Kleuterskool beskou moet wórd, het dan ook alle assosiasie met dié tipe skole vermy, hulle as kleuterskole misken, standaarde vir kleuterskole daargestel en sertifikate uitgereik aan dié skole wat aan daardie standaarde voldoen het.(149)

Tog bestaan daar van hierdie „mush-room"-kleuterskole wat in inhoud en gees heeltemal gunstig vergelyk met sommige erkende kleuterskole en in sekere opsigte selfs bo erkende kleuterskole te verkies is.

Die dringendste vraag bly: Het die privaat nie-geregistreerde kleuterskool, wat om eie gewin in stand gehou word, wetlike reg op bestaan en wie se verantwoordelikheid is dit?

In die woordbepaling van Wet Nr. 33 van 1960, Kinderwet, word ŉ „versorgingsoord" omskryf as:

> „enige gebou of perseel wat in stand gehou word vir die opname, beskerming en tydelike of gedeeltelike versorging van meer as ses kinders weg van hulle ouers af, met of sonder winsbejag, maar dit sluit nie in nie ŉ kosskool, ŉ koshuis of ŉ instelling wat hoofsaaklik vir die onderrig van kinders in stand gehou of aangewend word en wat deur ŉ provinsiale onderwysdepartement beheer word of deur hom geregistreer of goedgekeur is."(150)

Sodanige versorgingsoord is dan kragtens art. 42 van genoemde wet verplig om as sodanig by die Minister van Volkswelsyn te registreer.

Hiervolgens/.......

149. Vgl. O.D.O.V.S. : memo 26.4.41; Lêer 443/1; en verder ook:
K.S.V. van S.A. : Verslag van vergadering van die Sentrale Komitee gehou te Oos-Londen op 27 en 28 September 1948,
K.S.V. van S.A. : „Kleuterskool-Handboek" (1960).

150. Wet Nr. 33 van 1960, Kinderwet, soos afgekondig by kennisgewing nr. 548 in die Buitengewone Staatskoerant van 14 April 1960.

Hiervolgens is enige privaat kleuterskool wat oor 'n inskrywing van meer as 6 kleuters beskik en nie deur 'n provinsiale onderwysdepartement beheer word nie of deur hom goedgekeur of geregistreer is nie, 'n versorgingsoord en onderhewig aan verpligte registrasie, op 'n wyse soos deur die Wet bepaal.

In hierdie lig en teen die agtergrond van die beleide van die Provinsiale Administrasies, moet nou afgelei word dat alle privaat kleuterskole, wat nie van plan is om erkenning of registrasie van die onderwysdepartemente van die provinsies ingevolge hulle ordonnansies en regulasies te verkry nie :

(1) onwettige inrigtings is; en

(II) die verantwoordelikheid van die Departement van Volkswelsyn is, wat behoort toe te sien dat hulle kragtens wet geregistreer word.

Amptenare van die Departement van Volkswelsyn verklaar egter dat dié Departement hierdie inrigtings nie as volwaardige versorgingsoorde beskou nie, hullè eerder sien as skole met opvoedkundige oogmerke in die eerste plek, daarom as Provinsiale verantwoordelikheid en dring aan daarop dat die Onderwysdepartemente (veral Transvaal en die Vrystaat) voorsiening maak vir die verpligte registrasie of goedkeuring van alle kleuterskole.[151] Die standpunt van die provinsies is daarteenoor dat hierdie privaat kleuterskole kragtens die bepalings van die Kinderwet moet registreer en dat voorsiening gemaak behoort te word vir oorplasing van die registrasie na die betrokke Onderwysdepartement sodra 'n bepaalde privaat kleuterskool later 'n gesubsideerde inrigting

word./........

151. Geblyk uit onderhoude gevoer met amptenare.
Vgl. ook die diensbrief van die Sekr. van Volkswelsyn aan die Sekretarisse van Onderwys van Transvaal en die Oranje-Vrystaat, S.W.1, gedateer 1 Oktober 1960.

word.[152]

Op dié wyse val die privaat kleuterskool tussen die verantwoordelikhede van twee departemente deur en bly also op 'n losse voet voortbestaan.

Ooreenkomstig die eerste opname wat gemaak is[153], is die opsteller bewus van die bestaan van ten minste 50 van hierdie tipe skole in die Republiek teen die einde van 1961. Daarby is die kleuterskole of -klasse, wat by kloosters bestaan en deur die Roomskatolieke kerk beheer word, nie inbegrepe nie.[154]

5. DIE ONTWIKKELING VAN PROVINSIALE BELEID, BEHEER EN PRAKTYK:

a. DIE VRAAGSTUK VAN VERANTWOORDELIKHEID:

Waar oor die privaat kleuterskool wat om geldelike gewin onderhou word gehandel is, is reeds daarop gewys dat die beheer-probleem t.o.v. daardie tipe skole daarin bestaan dat geen staatsdepartement dusver gewillig was om volle verantwoordelikheid vir of oor hulle te aanvaar nie.

Wat die toestand m.b.t. die erkende en gesubsideerde kleuterskool is, moet nou hier nagegaan word.

i) DIE STANDPUNT VAN DIE DEPARTEMENTE VOLKSWELSYN EN GESONDHEID:

Die departement Volkswelsyn aanvaar t.o.v. voorskoolse kinders ten volle verantwoordelikheid vir kinderbewaarhuise of versorgingsoorde (créches) wat ooreenkomstig die bepalinge van die Kinderwet van 1960 geregistreer moet word

en/........

---

152. O.D.O.V.S. : Afskrif van antwoord aan die Sekretaris van Volkswelsyn op 8.11.60, Lêer 443/7.

T.O.D. : Afskrif van antwoord aan die Sekretaris van Volkswelsyn, 23/2; 30/11/60.
(In die Direkteur van Onderwys van Transvaal se verslag vir die jaar 1956 is egter gewys op die noodsaaklikheid van registrasie van kleuterskole „weens die groot aantal „Mushroom" skole wat nie aan die algemeen erkende standaarde voldoen nie." Verpligte registrasie is egter nog nie in Transvaal neergelê nie.)

153. Vgl. die Inleiding tot hierdie verhandeling, par. 3 en bylae 1.

154. Vgl. hierdie verhandeling hoofstuk II, 4 e (iii), pag. 78. hierbo.

en gesubsideer en geadministreer moet word ooreenkomstig die regulasies van dié Departement soos neergelê in omsendbrief nr. 1 van 1961, gedateer 3 Januarie 1961. Die aanduiding van hierdie inrigtings met die naam „bewaarskole" is juis verander na „versorgingsoorde" om sprekender die doel van hierdie inrigtings weer te gee en om enige moontlike assosiasie daarvan met „skole" en daarmee die indruk as sou hierdie Departement die terrein van die Onderwys wil betree te verhoed. In 1946 was daar reeds 46 sodanige inrigtings, waarvoor vir die finansiële jaar 1947/48 die som van £46,000 (R92,000) bewillig is.(155) In 1958 het 48 geregistreerde inrigtings van dergelike aard vir blanke kinders in die land bestaan en 85 vir nie-blankes (di. Kleurlinge en Bantoes.(156(a)) Tans bestaan daar 172 vir blankes (Tvl. 93, Kp. 48, Natal 28 en O.V.S. 3).(156(b))

Die Departement van Volkswelsyn het t.o.v. kleuterskole vanaf die begin konsekwent die standpunt gehuldig soos reeds in 1937 uitgespreek:

> „that Nursery Schools or Nursery Health Classes are the responsibility of the Provincial Education Authorities; that the Provincial Administrations be requested to support by subsidy the establishment of Nursery Schools or Nursery Health Classes by local boards or local authorities." (157)

Die diensbrief van die Sekretaris van Volkswelsyn aan die Provinsiale Onderwysdepartemente, waarna reeds hierbo verwys is, bevestig dat dit nog die standpunt van hierdie Departement is.

Daarbenewens het die Departement egter nie beswaar teen gesamentlike versorgingsoord-kleuterskole (cum-créches) nie.

Geen/........

155. Onderwysburo, T.O.D. : „Die Beleid en Praktyk insake Kleuterskole (Transvaal)", pag. 18, par. 41.

156. (a) Webber, V.K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", pag. 108.

(b) Jongste beskikbare syfers verstrek deur die Departement van Volkswelsyn en pensioene. Volgens mededeling word versorgingsoorde vir Kleurlinge en Bantoes deur die Departemente van Kleurlingsake en Bantoeadministrasie respektiewelik beheer.

157. Vgl. Onderwysburo, T.O.D. : op cit., pag. 18, par 41.

Geen kind wat egter ingeskrywe is in die kleuterskool (-klas of -afdeling) mag tegelykertyd voorkom op die register van die versorgingsoord nie. Daar is ook geen beswaar dat kleuterskoolmetodes ingevoer word in die versorgingsoord nie, met dié voorbehoud dat lg. voldoen aan die neergelegde subsidievoorwaardes. Daarbenewens het die Departement ook geen beswaar daarteen dat cum-créches hoofdelike subsidie uit twee regeringsbronne ontvang nie, op voorwaarde dat die subsidie van die Departement van Volkswelsyn verminder word met 50% van die subsidie wat deur die Provinsiale Administrasie betaal word.(158) Volgens mededeling van die Departement het daar in 1961 ses sodanige geregistreerde inrigtings in die land bestaan.

Die Departement van Gesondheid huldig ook die standpunt dat kleuterskole nie onder sy jurisdiksie val nie, en wel op grond van die feit dat provinsiale en regeringskole tog gesondheidsdienste voorsien wat nie in die eerste plek die verantwoordelikheid van hierdie Departement is nie. Die Departement beskou gesondheidsopvoeding as 'n onmisbare aspek van kleuteronderwys, maar as deel van 'n breëre begrip wat vir alle onderwys geld.(159)

ii) DIE STANDPUNT VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP:

Hierdie Departement aanvaar ooreenkomstig die bepalinge van art. 34 van Wet nr. 70 van 1955,(160) die Wet op Beroepsonderwys, volle verantwoordelikheid vir die

opleiding/.......

---

158. Departement van Volkswelsyn en Pensioene : Omsendbrief nr. 1 van 1961, gedateer 3 Januarie 1961 en S.W. 65 „Subsidiëring van Bewaarskole vir Blanke kinders."

159. K.S.V. van S.A. : Memorandum presented to the Financial Relations Commission, November 1961; stukke van die K.S.V. van S.A.

160. Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1955, dl. II, nrs. 56 - 70, pag. 1693.

opleiding van kleuterskoolonderwyseresse, en hou ewe-eens die provinsiale owerhede verantwoordelik vir kleuteronderwys en -skole as sodanig, op grond van die feit dat alle laer onderwys aan die Provinsies opgedra is.

Die Departement stig en onderhou slegs kleuterskole aan inrigtings onder sy beheer om as oefenskole te dien by die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse en kinderkamerhelpsters.

iii) DIE POSISIE VAN DIE PLAASLIKE OWERHEDE:

Interessant is dit dat die Departementele Onderwyskomitee van Transvaal in 1935 reeds aanbeveel het(161) dat kleuterskole geadministreer sal word deur 'n komitee van 9 lede waarvan 3 deur die plaaslike owerheid benoem sal word. Dit is deur geen provinsie in die praktyk gebring nie. Hoewel Natal kleuterskole eers (tot 1951) gesubsideer het op voorwaarde dat hulle ook steun van plaaslike owerhede geniet, is nie vereis dat sodanige skole ten volle verantwoordelikheid van plaaslike owerhede moes wees nie.

In 1942 het die U.K. van die Verenigde Munisipale Vereniging van S.A. aan die K.S.V. van S.A. soos volg op 'n navraag geantwoord:

> „That whatever financial burdens may be entailed in the furtherance of the activities of the Nursery School Association, in the opinion of the United Municipal Executive of S.A., such burdens should be borne by the National or Provincial Government.(162)

Sommige Munisipaliteite het egter d.m.v. hulle gesondheidsafdelings 'n mate van beheer toegepas. Drie Munisipaliteite het oorgegaan tot die stigting van kleuterskole vir mindergegoedes, terwyl enkeles jaarliks geldelike skenkings aan kleuterskole in hulle gebiede doen, of vry reinigingsdienste verskaf en/of behulpsaam is met die verkryging van terreine/.........

161. T.O.D. : Verslag vir die jaar eindigende 31 Des. 1935, Memorandum nr. 6.

162. K.S.V. van S.A. : Notule van vergadering van die Uitvoerende Komitee, 3 Maart 1942, par. II (1); stukke van die K.S.V. van S.A.

terreine vir kleuterskole. Die Munisipaliteite het egter nooit behoorlike jurisdiksie besit om ten volle verantwoordelikheid vir alle kleuterskole in hulle gebiede te aanvaar nie. In 'n memorandum wat die K.S.V. van S.A. in November 1961 aan die Finansiële Verhoudingskomitee voorgelê het word verder beweer:

> „. . . now those (local authorities) in the Transvaal have been expressly told by the Provincial Administration that this is not their work and the Johannesburg City Council has been instructed to stop running its nursery schools." (163)

Daarenteen deel die Johannesburgse Stadsklerk in 'n onlangse skrywe mee:

> „Die Afdeling wag tans op toestemming van die Administrateur aan plaaslike besture om hierdie inrigtings te bestuur." (164)

Dit is duidelik dat sodanige toestemming alleen die reg tot die bestuur van kleuterskole aan plaaslike owerhede sal verleen en nie die opdrag inhou tot aanvaarding van volle verantwoordelikheid van beheer oor alle kleuterskole in munisipale gebiede nie. Dit kom dus ten slotte neer op goedkeuring in Transvaal van 'n praktyk wat reeds sedert jare in Kaapstad, Oos-Londen en Johannesburg toegepas is.

iv) ONTWIKKELING VAN DIE PROVINSIALE BELEIDE:

(I) TRANSVAAL:

Die Provinsiale Administrasie van Transvaal, wat reeds vanaf 1 Julie 1936 kleuterskole ooreenkomstig bepaalde voorwaardes subsideer,(165) het konsekwent vanaf daardie jaar die standpunt gehuldig dat „voorskoolse onderwys nie 'n funksie van die provinsie is nie, maar dat die Administrasie nogtans gewillig is om genoegsame fondse beskikbaar te stel om sulke skole te ondersteun."(166)

In/......

---

163. K.S.V. van S.A. : Memorandum presented to the Financial Relations Commission, November 1961; stukke van die K.S.V. van S.A.
164. Vgl. in dié Verband ook die antwoord van die T.O.D. aan die Dept. Volkswelsyn (voetnoot 152), waarin dit onder andere lui: „Die Departement het ook verneem dat die Munisipale Vereniging oorweeg om wetgewing te vra om Munisipaliteite meer magte te gee om kleuterskole te beheer met die oog op higiëniese vereistes."
165. T.O.D. : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1936.
166. T.O.D. Omsendbrief nr. 2 van 1950, item 40 en Omsendbrief nr. 46 van 1951 aan hoofde van Kleuterskole.

In 1948 is die Transvaalse Onderwyswet van 1907 so geamendeer dat kleuterskole vir subsidiedoeleindes binne die perke van daardie wet gebring is. Tot op daardie stadium is kleuterskole as privaat skole geklassifiseer en kon ooreenkomstig die wet 'n subsidie ontvang, die helfte van die salarisse van onderwyseresse aan dié skole verbonde nie te bowe gaande nie.(167)

Ingevolge art. 6 c. van die Onderwysordonnansie van 1953, nr. 29 van 1953 soos gewysig, is aan die Administrateur die mag verleen om toelaes ter ondersteuning van kleuterskole toe te staan, ooreenkomstig bepalings en voorwaardes wat hy in elk geval mag bepaal, mits sodanige kleuterskool nie 'n deur wet bepaalde Staatsondersteunde inrigting is nie of 'n inrigting vir hoër onderwys nie.(168)

Na herhaalde oorweginge deur die U.K. is die beleid van die provinsie in 1949 soos [redacted] volg geformuleer en in 1951 en 1955 herbevestig:

„Die Provinsie is nie bereid om die aanspreeklikheid vir georganiseerde voorskoolse onderwys te aanvaar nie, maar in sekere areas waar voorskoolse opvoeding nodig is, bv. in die stede waar woonstelle baie algemeen is en waar dikwels altwee ouers ver van die huis gaan werk en waar dit nie moontlik is vir die kinders om hulle voorskoolse opvoeding op die gewone manier te ontvang nie, mag kleuters skole met hulptoelaes deur die provinsie gesteun word." (169)

Hierdie beleidsformulering het gevolg op verwerping van die aanbevelinge van die de Villierskommissie (Die Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys) deur die Lynch-komitee, wat benoem is om die verslag van die de

Villiers/.......

---

167. Arndt, dr. R. : Aangehaal in presidensiële rede gelewer voor die S.K. van die K.S.V. van S.A. op 27 en 28 Sept. 1948; stukke van die K.S.V. van S.A.

Vgl. ook die afskrif van die Waarn. Administrateur van Tvl. se toespraak tydens die tweede lesingsdebat oor die Voorgestelde Wysingsordonnansie ontwerp op Onderwys in die Tvl. Prov. Raad: O.D.O.V.S. Lêer 443/4.

168. Die Provinsie Transvaal Onderwysordonnansie 1953 (Ord. nr. 29 van 1953) soos gewysig.
Gereproduseer ingevolge die Staatsdrukker se Ouditeurs, gunning nr. 2856 van 9/1/1961.

169. T.O.D. : Memorandum, Dir. van Onderwys, E.42/40, gedateer 12/11/1952; en ongenommerde en ongedateerde Memo. Dir. van Onderwys.

Villiers-kommissie na te gaan.(170)

Uit die aanvanklike voorwaardes, soos neergelê in 1935, en dié hierbo genoemde verklaring moet afgelei word dat die Transvaalse Administrasie die kleuterskool nog altyd as 'n sosiale en gesondheidsdiens, nodig onder bepaalde maatskaplike toestande in bepaalde gebiede, beskou het en bereid was om dit op grond daarvan geldelik te ondersteun. Hierdie standpunt word bevestig in die antwoord van die Direkteur van Onderwys op 'n brief van die Departement van Volkswelsyn oor die registrasie van kleuterskole, waarin dit o.a. soos volg lui:

> „Tot dusver het die Departement die mening gehuldig dat dit eerder die aanspreeklikheid is van die liggaam wat verantwoordelikheid vir die gesondheid en sosiale welsyn van die volk aanvaar het." (171)

Daaruit moet ook afgelei word dat die Departement nie oortuig was en is van die beweerde oorwegend opvoedkundige waarde van die kleuterskool vir alle voorskoolse kinders nie. Op grond van die subsidie wat die provinsie bereid was en is om te betaal, moes egter verantwoordelikheid vir die opvoedkundige sy van kleuterskole aanvaar word, soos uitgedruk in die neergelegde subsidievoorwaardes.(172)

Die Departement het na herhaalde vertoë, van veral die K.S.V. van S.A., onlangs aan sy Onderwysburo opdrag gegee:

> „om die aangeleentheid weer te ondersoek met die oog daarop om te bepaal watter rol onderwys in voorskoolse opvoeding speel in verhouding tot die essensiële funksies van kleuterskole t.o.v. veilige bewaring, die kweek van sosiaal-aanneemlike gedrag en die liggaamlike gesondheid van die kleuter, asook vas te stel in watter mate die Departement meer uitgebreide beheer oor kleuterskole behoort uit te oefen."(173)

Dit/.......

---

170. Onderwysburo, T.O.D. : „Beleid en Praktyk insake Kleuterskole (Transvaal)", pag. 25, adendum, par. 54(ii).

171. T.O.D. : Direkteur van Onderwys, 23/2, gedateer 30.11.1960 Kyk ook voetnoot 152.

172. T.O.D. : Departementele Omsendbrief nr. 2 van 1955, item 53.

173. T.O.D. : Memo Direkteur van Onderwys, ongenommerd en ongedateer.

Dit is daaruit blykbaar moontlik dat die Departement bereid sal wees om sy benadering tot die beheerprobleem in heroorweging te neem.

(II) ORANJE-VRYSTAAT:

In artikel 60 van Ordonnansie nr. 15 van 1930 is neergelê dat:

> „waar bewys gelewer is ten genoeë van die Administrateur dat daar in 'n gemeenskap 'n wesenlike behoefte aan 'n kindergarten bestaan en waar die gemeenskap self 'n geskikte gebou en ander benodigdhede verskaf, kan die Administrateur toelaes toestaan tot die ondersteuning van die salarisse van die onderwysers." (174)

Die begrip „wesenlike behoefte aan 'n kindergarten" is blykbaar geïnterpreteer as sou dit net betrekking het op mindergegoedes, want tot 1945 het die Departement van Onderwys 'n beleid van steun aan kleuterskole vir mindergegoedes alleen streng toegepas. In 1944 nog het die destydse Direkteur van Onderwys hom teenoor die Administrateur ten sterkste uitgespreek teen kleuterskole vir kinders van welgestelde ouers, omdat sodanige kinders volgens die Direkteur reeds baie voorregte geniet, die behoefte in ruim Suid-Afrika nie so groot is as in Engeland en die V.S.A. nie en omdat dit uit finansiële oogpunt alleen die gegoedes sou bevoordeel.(175)

Na ondersoek en aanbeveling deur 'n Provinsiale Onderwyskommissie in 1944 na die stigting van kleuterskole vir meer gegoede ouers en die uitbreiding van die destyds bestaande stelsel van kleuterskole,(176) het die U.K. van die Oranje-Vrystaat in 1945 goedkeuring verleen aan die stigting van kleuterskole in gegoede omgewings en by regulasie te dien effekte o.a. neergelê:

> „Wanneer so 'n kleuterskool egter opgerig word vir kleuters wat nie in art. 2(a) hierbo genoem word nie en die skool nie vir geldelike wins gedryf word nie,

kan/........

---

174. O.D.O.V.S. : Afskrif van Ordonnansie; lêer Z 443/1.

175. O.D.O.V.S. : Memo. Dir. van Onderwys gedateer 5.7.1944; lêer Z. 443/2.

176. O.D.O.V.S. : Direkteursverslag aan Administrateur, gedateer 7.9.1944, lêer Z. 443/2; en Afskrif van U.K. -besluit nr. 1355, 1945; lêer Z. 443/2.

kan die Administrateur ook die leerkrag(te) verskaf en haar (hulle) salaris betaal, dog skoolgelde van minstens £6 p.j. vir elke leerling word gehef wat deur die beherende liggaam ingevorder word, en waarvan daar 'n bedrag van £5 per kind per jaar aan die Administrasie oorbetaal moet word." (177)

Hoewel die bewoording van art. 43(b) van Ordonnansie nr. 16 van 1954[178] nie in wese verskil van die van art. 60 van Ordonnansie nr. 15 van 1930 nie, is daar sedert 1945 'n uitgebreider betekenis geheg aan die begrip „behoefte", deurdat die Vrystaat vanaf daardie jaar konsekwent 'n tweestroom-beleid van, ingevolge die ordonnansies gewettigde, steun aan kleuterskole vir gegoedes enersyds en mindergegoedes andersyds in die praktyk gehandhaaf het, soos tewens ook uit artikels 2, 4, 5 en 6 van die jongste regulasies betreffende die „Stigting, Beheer en Finansiëring van Ondersteunde Kleuterskole[179] afgelei kan word.

Die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat is daarom bereid om volle verantwoordelikheid vir die salarisse, lewenskostetoelaes en die Administrasie se bydrae tot die pensioene van ten volle opgeleide blanke kleuterskoolonderwyseresse te aanvaar wanneer hulle in diens geneem word deur soos by regulasies neergelê goedgekeurde kleuterskole. Volle verantwoordelikheid vir alle kleuterskole in die provinsie word dus nog nie aanvaar en toegepas nie.

(III) KAAPPROVINSIE:

Ook hierdie provinsie het gedeeltelike verantwoordelikheid vir kleuteronderwys aanvaar toe ingevolge art. 19 van die Wysiginsordonnansie op Onderwys, nr. 12 van 1941, aan die Administrateur mag verleen is om finansiële steun

te/.......

---

177. O.D.O.V.S. : Deel XXIX van die Onderwysregulasies beherende die Stigting Beheer en Finansiëring van Kleuterskole, lêer Z 443/2.

178. Die Ordonnansie op Onderwys 1954 (Ordonnansie nr. 16 van 1954).

179. O.D.O.V.S. : Afskrif van regulasies in Lêer Z 443/7.

te verleen, ooreenkomstig die regulasies wat hy mag neerlê, aan kleuterskole vir leerlinge (behalwe naturelle-leerlinge) tussen die ouderdomme van 2 en 6 jaar. Na aanleiding van hierdie ordonnansiewysiging vestig die Superintendent-Generaal van Onderwys in sy verslag vir die jaar 1947 die aandag op die feit dat:

> „ons stilswyend erken het dat my Departement vir die voorsiening van onderwys aan kinders van voorskoolse ouderdom aanspreeklik is." (180)

Hierdie verslag van die S.G.O. is 'n sterk pleidooi ten gunste van kleuterskole en die toepassing van omvangryker beheer deur die Kaaplandse Provinsiale Administrasie.

Besondere kenmerke van die beleid van die Kaapprovinsie is verder dat hy sy verantwoordelikheid beperk het:

(1) Tot finansiële steun aan blanke en kleurling-kleuterskole (Vgl. art 239 van Onderwysord. nr. 20 van 1956).

(2) Blanke kleuterskole wat deur kerklike of sektariese liggame gestig en bestuur word, kom nie in aanmerking vir subsidiedoeleindes nie. (Vgl. art. 2 van die Regulasies).(181)

(3) Vanaf November 1961 word slegs die getal kleuters tussen die ouderdomme van 4 en 6 jr, in skole wat na genoemde datum gestig staan te word, vir subsidiedoeleindes erken.(182)

Met lg. ingrypende beleidsverandering het die Provinsiale Administrasie van Kaapland die ouderdomsgrense wat gewoonlik vir die kindergarten aanvaar word vir die toekomstige kleuterskool neergelê as voorwaarde vir erkenning en steun, en daarmee die kleuterskool t.o.v. ouderdomsgrense as't ware binne bereik van die laerskool gebring. Hoewel die beleid van die provinsie soos uit voorgaande mag blyk,

op/........

---

180. K.O.D. : Verslag van die S.G.O. vir die jaar eindigende 31 Desember 1947, Hoofstuk IV.

181. K.O.D. : Kyk ook L. 15/64/42.

182. K.O.D. : Afskrif P.K. 859/1961, 10 November 1961.

op toenemende beperking van verantwoordelikheid dui, moet ook nie uit die oog verloor word nie dat die verwysing onder punt 3 hierbo vir 'n provinsie uit die aard van die saak 'n makliker en praktieser moontlikheid skep om uiteindelik kleuteronderwys as integrale deel van die provinsiale onderwysstelsel in te skakel.

(IV) NATAL:

Die Natalse Provinsiale Administrasie het ooreenkomstig art. 67 van die Natalse Onderwysordonnansie van 1942,(183) ewe-eens beperkte verantwoordelikheid aanvaar vir die geldelike ondersteuning van kleuterskole, ooreenkomstig voorwaardes soos deur die Administrateur neergelê en het daarmee die laaste geword van die vier provinsies om hierdie stap te doen. Aanvanklik het Natal sy verantwoordelikheid beperk tot die volgende besondere voorwaardes:

(a) Kleuterskole wat om subsidie aansoek doen moet deur die K.S.V. van S.A. erken word.

(b) Daar moet 'n opgeleide kleuterskoolonderwyseres aan die hoof staan.

(c) 'n Kleuterskool moet ook deur die plaaslike owerheid gesubsideer word.

Na 1951 het lg. voorwaarde verval, terwyl die eersgenoemde nog in die vorm van 'n „undeclared official recognition of the Nursery School Association" bestaan.(184)

b. DIE ONTWIKKELING VAN PROVINSIALE BEHEER t.o.v. KLEUTERONDERWYS:

i) INSPEKSIE VAN KLEUTERSKOLE:

(I) GESKIEDKUNDIG:

Vanaf die aanvang van provinsiale subsidies het die onderskeie provinsies in hulle regulasies die reg op inspeksie/.......

183. Ordinance No. 23 of 1942; The Natal Education Ordinance 1942 (As Amended to December 31, 1955); came into operation 1st September 1942 (Proclamation no. 29 of 1942).

184. K.S.V. van S.A. : Notule van die U.K. van 1.2.44, par. V 3; stukke van die K.S.V. van S.A.

sie van gesubsideerde kleuterskole voorbehou. Dit is slegs Natal wat selfs in sy jongste regulasies betreffende die subsidering van kleuterskole nog geen spesifieke stipulasies in dié verband neergelê het nie.(185)

Die inspeksie het, ten minste in Transvaal, Vrystaat en Kaapprovinsie, reeds vanaf die begin sover moontlik ooreenkomstig die deur die Onderwysdepartement aanvaarde standaarde plaasgevind. In hoofsaak het die Departemente gebruik gemaak en maak nog gebruik van die standaarde wat deur die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika opgestel is,(186) daar hierdie Vereniging vanaf die begin as gesaghebbende op die gebied van kleuteronderwys en -skole aanvaar is.

Aanvanklik het in al die Provinsies 'n nypende tekort bestaan aan bevoegde persone wat ten volle reg aan die inspeksie van kleuterskole kon laat geskied.(187) Die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika (1939) het egter sy diens in dié verband aangebied.(188) Drie van die vier provinsies het vanaf die vroeë en middel veertigerjare van dié diens begin gebruik maak vir die erkenning van kleuterskole vir subsidiedoeleindes en in prosedure die aanbeveling van die Onderkomitee van Onderwyshoofde toegepas.(189)

Aangesien die Kleuterskoolvereniging naas die ondersoek met die oog op aanbeveling vir subsidiedoeleindes ook 'n eie inspeksiestelsel met die oog op uitreiking van die sertifikate aan kleuterskole wat aan die vereistes voldoen ingestel het en die Administrasies van Transvaal en Kaap-

provinsie/.......

185. N.O.D. : Afskrif van Administrateurskennisgewing, nr. 160 van 31 Maart 1959.

186. Vgl. vir Transvaal bv. die Direkteur van Onderwys se verslag vir die jaar eindigende 31 Des. 1957, pag. 30.

187. K.S.V. van S.A. : Memo 1947; stukke van die K.S.V. van S.A.

188. K.S.V. van S.A. : op cit.,

189. O.D.O.V.S. : Afskrif van die verslag van die Onderkomitee van Onderwyshoofde, Jan. 1941; lêer Z 443/1.

provinsie 'n stelsel van voorlopige sertifisering deur die Kleuterskoolvereniging t.o.v. sommige skole aanvaar het, het die vrywillige inspeksiediens van die Kleuterskoolvereniging na 1940 geweldig uitgebrei.(190) Herinspeksies was nou nodig, terwyl Kaapland en Transvaal jaarliks ook verslae van gesubsideerde skole ontvang het, via die Vereniging.

In 1941 verleen die Unie-Onderwysdepartement vergunning aan sy kleuterskoolinspektrise, mej. V.K. Webber, om kleuterskole namens die Kleuterskoolvereniging te inspekteer, maar dié vergunning word in 1942 teruggetrek t.o.v. skole wat provinsiaal gesubsideer word,(191) sodat die Vereniging daarna op eie krag en finansies aangewese was. In 1946 versoek die Kleuterskoolvereniging in 'n memorandum die provinsiale owerhede om self voorsiening te maak vir die deeglike inspeksie van kleuterskole. Op sy vergadering van 10 tot 12 Augustus 1946 besluit die Onderwyshoofde soos volg oor die inspeksie van kleuterskole:

> „Die Onderwyshoofde onderneem om geleidelik in die verskillende provinsies hulle eie reëlings te tref in verband met inspeksies van kleuterskole asook mekaar daarmee behulpsaam te wees namate die aantal kleuterskole in die land toeneem." (192)

Transvaal het die inspeksie van kleuterskole aan die verantwoordelikheid van sy Hoofinspekteur van Onderwys opgedra, mej. Cuffe vir 'n kort opleidingskursus in kleuterskoolaangeleenthede na Engeland gestuur en sedert die helfte van 1948 vind gereelde inspeksie van hierdie skole in Transvaal plaas.(193)

(II) HUIDIGE TOESTAND:

Natal is nog die enigste provinsie wat 'n aanbeveling

van/........

190. K.S.V. van S.A. : Memo insake Inspeksie van Kleuterskole, 1947.
T.O.D. : Memo Direkteur van Onderwys, I 6 (T.O.A. 23/2) van 19.12.1957.
191. K.S.V. van S.A. : Notule van die Uitvoerende Komitee, 23.10.41, par. V 2; stukke van die K.S.V. van S.A.
192. O.D.O.V.S. : Uittreksel uit die Notule van die Vergadering van Onderwyshoofde, E.53/7; lêer Z 443/3.
193. T.O.D. : Memo Dir. van Onderwys 1960; ongenommerd; en Onderwysburo, T.O.D.: „Beleid en Praktyk insake Kleuterskole (Transvaal)", par. 53 (iii).

van die Kleuterskoolvereniging van S.A. verlang t.o.v. kleuterskole wat om subsidies aansoek doen.

In die ander provinsies word hierdie diens deur die Inspekteurs van Onderwys of ander amptenare van die Onderdepartemente in opdrag van die Onderwyshoofde verrig.(194)

In die Kaapprovinsie en Vrystaat neem die Inspekteurs periodiek die normale inspeksie van kleuterskole in hulle onderskeie kringe waar, soos uit inspeksieverslae oor kleuterskole in dié provinsies af te lei is.

In Transvaal is die inspeksie van kleuterskole hoofsaaklik aan drie Inspektrises van Onderwys opgedra.(195) Inspektrises is in hulle eie kringe verantwoordelik vir hoofsaaklik die inspeksie van kleuterskole en juniorskole. Daarbenewens is die provinsie in drie streke verdeel, waarin die plaaslike Inspekteurs van Onderwys en skole in hulle onderskeie kringe, maar waarin die inspeksie van gesubsideerde kleuterskole plaasvind in noue samewerking met genoemde Inspektrises, onder wie die drie streke verdeel is.(196)

ii) PROVINSIALE REGULASIES BETREFFENDE DIE SUBSIDIERING VAN KLEUTERSKOLE:

By wyse van vergelykende samevatting word voorts op enkele aspekte van die provinsiale regulasies hier ingegaan.(197)

(I) BESONDERE VOORWAARDES VIR SUBSIDIETOEKENNING:

Natal (par. 3(1)(a)) vereis dat n kleuterskool ooreenkomstig art 26 van Ordonnansie nr. 23 van 1942/........

---

194. T.O.D. : Departementele Omsendbrief nr. 2 van 1955, par. 3(1) en 3(2).
195. T.O.D. : Verslag vir die jaar eindigende 31 Des. 1957. Vgl. ook Memo Direkteur van Onderwys, I 6 (T.O.A. 23/2), E 42/40, v II f 182. van 19.12.1957.
196. T.O.D. Omsendbrief nr. 55/58 van 12 September 1958, aan Inspekteur van Onderwys.
197. Vgl. bibliografie A II 2.(b). (L.W. In die samevatting word telkens verwys na die betrokke paragraaf of paragrawe van die onderskeie provinsies se regulasies.)

1942 geregistreer moet wees en verbied in par. 11 die naam „kleuterskool" vir enige inrigting wat nie ooreenkomstig die regulasies van dié provinsie geregistreer is nie.

Die Kaapprovinsie (par. 2) en Vrystaat (par. 2(a) vereis dat 'n kleuterskool deur 'n deur die provinsie goedgekeurde liggaam bestuur moet word. Die Vrystaat bepaal verder in paragrawe 9 en 12 onderskeidelik hoe die komitee of beherende liggaam saamgestel moet word en wat die magte en pligte daarvan sal wees en is daarin die enigste van die vier provinsies wat direkte verteenwoordiging in die beheer en toesig van ondersteunde kleuterskole in die provinsie vereis. In die ander twee provinsies (Transvaal en Natal) word slegs verwys na beherende liggame.

In Transvaal (par. 1(b) word 'n minimum inskrywing by aansoek van 10 kleuters vereis en in Natal (3(1)(b)) en die Vrystaat (par. 3) beide 'n minimum van 20. Die Kaapprovinsie het geen verwysing na 'n vereiste aanvangsinskrywing nie.

Die Vrystaat (par. 16) en Natal (par. 8 en bylae by regulasies) stel beide 'n volledige lys minimum vereistes t.o.v. geboue, terrein en uitrusting. Transvaal (par 1 (c)) vereis dat dit na die bevrediging van die Direkteur moet wees. Volgens mededeling maak beide Transvaal en die Kaapprovinsie in breë trekke van die neergelegde standaarde van die Kleuterskoolvereniging gebruik.

Transvaal (par. 1(a)) is die enigste provinsie wat vereis dat 'n bepaalde persentasie van die kinders op die rol (nl. 40%) behoefte moet hê aan kleuteronderwys en word kleuterskole in dié provinsie in die lig van genoemde artikel verplig om vir ten minste 40% van hulle bestaan sosiale instellings te wees. Natal (par. 2) en Vrystaat (par. 4, 5 en 6) maak by wyse van verskillende subsidie-toekennings onderskeid tussen kleuters uit gegoede/........

goede en mindergegoede huise.

Die vereiste ouderdomsgrense in Transvaal (par. 1(b)) Vrystaat (par.1.) en Natal (par. 3(a)) is tussen 2 jaar en verpligte skoolouderdom, terwyl die Kaapprovinsie (PK 859/ 1961; 10 Nov. 1961) dit beperk tot die leeftye tussen vier en ses jaar.

Drie provinsies, tw. Natal, Vrystaat en die Transvaal, lê spesifiek as subsidievoorwaarde neer dat kleuterskole nie ter wille van wins gedryf mag word nie.

(II) BASIS VAN BETALING VAN SUBSIDIES:

In Transvaal (par. 4(3)), die Kaapprovinsie (par. 5) en Natal (par. 3(2) word die hulptoelaes gebaseer op die gemiddelde inskrywing van kleuters op die rol vir een kwartaal en word drie-maandeliks uitbetaal. Die Vrystaat (par. 4 en 5) onderneem die betaling van ten volle opgeleide onderwyseresse se salarisse asook ꞌn toelae van R4 per jaar per leerling uit ꞌn behoeftige huisgesin woonagtig in ꞌn buurt van ꞌn stad of dorp waar die woningtoestand swak is. Die lengte van die kleuterskooldag vorm in geeneen van die provinsies ꞌn basis vir subsidietoekenning nie. In Transvaal (par. 4 (2)) en Kaapland (198) word subsidies op aanbeveling van die betrokke inspekteur van onderwys aan die einde van die kwartaal betaal.

(III) SKOOLGELDE:

Natal (par. 2) bepaal die grootte van die subsidie op drieërlei wyse ooreenkomstig die persentasie voorgeskrewe skoolgelde wat deur die ouer betaal kan word. Die Vrystaat (par. 5) is egter die enigste provinsie wat ꞌn minimum

bedrag/........

198. K.O.D. : Voorbeeld in lêer 856/58.

bedrag skoolgeld (R16) vir kleuters uit gegoede huise neerlê en bepaal watter bedrag (R10) t.o.v. sodanige leerlinge aan die Administrasie oorbetaal moet word. Transvaal (par. 1) bepaal slegs dat 40% van die kleuters op die rol behoefte moet hê aan kleuterskoolonderwys. Slegs in die geval van die Vrystaat (par. 7) beslis die Departement oor aansoeke om vry toelating.(199)

(IV) VOERTAAL:

Net die Transvaal (par. 6) en die Vrystaat (par 15) het regulasies in dié verband neergelê en bepaal uitdruklik dat die voertaal by aanspreke of onderrig in die kleuterskool wat subsidie ontvang die natuurlike spreektaal of moedertaal van die kind moet wees. Transvaal lê ook neer dat slegs personeel wat in staat is om die kleuter in sy moedertaal aan te spreek in diens geneem moet word.

Dit is nodig dat hier kortliks op die besondere ontwikkeling in die beleid van Transvaal in dié verband gelet word. In hulle verslag oor kleuterskole het Inspekteurs Voss en van der Merwe reeds in 1937 die volgende beklemtoon:

„Die opvoedkundige beginsel dat onderwyseresse in staat behoort te wees om met die kind te praat in die amptelike taal wat die kind die beste verstaan, behoort gehandhaaf te word." (200)

In die regulasies betreffende die subsidiering van kleuterskole en -klasse wat in Augustus 1936 van krag geword het, was nog geen verwysing na die voertaal van die kleuterskool nie.(201) Dat na 1937 in dié opsig steeds

nie/........

---

199. Die basis waarvolgens bepaal word of kleuters vry tot kleuterskole toegelaat mag word is die volgende:
Met 1 kind in die huis mag die ouers se inkomste nie R150 p.m. oorskrei nie.
Met 2 kinders in die huis mag die ouers se inkomste nie R200 p.m. oorskrei nie.
Met 3 kinders in die huis mag die ouers se inkomste nie R240 p.m. oorskrei nie.

200. T.O.D. : Verslag vir die jaar eindigende 31 Des. 1937.

201. T.O.D. : Verslag vir die jaar eindigende 31 Des. 1936.

nie die gewenste toestand in kleuterskole in Transvaal (en ook Kaapland) ontwikkel het nie, moet afgelei word uit die vroeëre aangehaalde artikel van dr. B.F. Nel, die skrywe van mnr. J.H. Greybe, die ontstaan van Afrikaanse kleuterskoolverenigingе en die onomwonde beleidsverklaring van die I.C.N.O.

Selfs nadat die Transvaal voorwaarde 6 in sy regulasies van 1955 neergelê het, het onreëlmatighede m.b.t. dié voorwaarde by skole wat deur Engels- en Afrikaanssprekende kinders besoek word, onder aandag van dié Onderwysdepartement gekom en was die Departement genoodsaak om die volgende bykomstige voorwaardes vir die betaling van subsidies aan goedgekeurde kleuterskole neer te lê:

(1) Onderwysers(-esse) wat na die inwerkingtreding van die betrokke voorwaardes, nl. 1 April 1955, in diens geneem is en nie aan die bepalings van par. 6 van die voorwaardes voldoen nie, mag nie langer in diens gehou word nie;

(2) onderwysers(-esse) wat in diens was ten tye van die inwerkingtreding van die voorwaardes en wat nie aan die vereistes van paragraaf 6 van die voorwaardes voldoen nie, mag nie na Desember 1957, in diens gehou word nie tensy hulle hulself intussen ten opsigte van hierdie bepaling bekwaam;

(3) slegs persone wat bevoeg is om aan die vereistes van paragraaf 6 van die betrokke voorwaardes uitvoering te gee, mag in vervolg as onderwysers(-esse) in diens geneem word.[202]

Daarmee pas die Transvaalse Onderwysdepartement behoorlike kontrole toe t.o.v. sy neergelegde voertaalvoorwaardes/........

202. T.O.D. : Omsendbrief nr. 3 van 1956, gedateer 9 Januarie 1956 en Omsendbrief nr. 46 van 1956, gedateer 28 Januarie 1956: Aan hoofde van kleuterskole.

waardes. Geeneen van die provinsies vereis egter ŉ stelsel van suiwer moedertaalkleuterskole as voorwaarde vir subsidietoekenning nie.

(V) PERSONEEL:

Die Oranje-Vrystaat is die enigste van die vier provinsies wat regulasies neerlê betreffendie die aanstelling en ontslag van onderwyseresse (par. 10), diensvoorwaardes van onderwyseresse (par. 11) en gee ŉ breedvoerige skaal van personeelvoorsiening vir ondersteunde kleuterskole (par. 8).

In 1956 het die U.K. van die Oranje-Vrystaat verder dié volgende belangrike beleid t.o.v. kleuterskoolonderwyseresse op aanbeveling van die Direkteur neergelê:

„a. Dat met ingang van die vierde kwartaal van 1956, word slegs onderwyseresse wat reeds in diens van erkende kleuterskole is en wat gekwalifiseerde kleuterskool- of kindergarten-onderwyseresse is deur die Departement besoldig.

b. Dat by vulling van vakatures wat in die vervolg ontstaan, d.w.s. vanaf die datum van hierdie besluit, slegs gekwalifiseerde kleuterskool-onderwyseresse deur die Departement goedgekeur en besoldig sal word.

c. Dat kleuterskole wat uitsluitlik bedoel is vir kleuters wat -

i) bona fide inwoners van ŉ weeshuis is; of
ii) uit behoeftige huisgesinne kom en oordag in ŉ wieg is; of
iii) wat kom uit behoeftige huisgesinne woonagtig in buurte van stede of dorpe waar die woningtoestande swak is, uitgeskakel word van bepalings (a) en (b) van hierdie besluit."(203)

Transvaal/........

203. O.D.O.V.S. : Afskrif spesiale omsendbrief aan Skoolraadsekretarisse nr. 39/56 van 26 Junie 1956 m.b.t. U.K. besluit nr. 517 van 5 Junie 1956; lêer Z 443/5.

Transvaal vereis dat die onderwyspersoneel na die bevrediging van die Direkteur moet wees (par. 1(c); vgl. ook IV hierbo).

Natal gee 'n beknopte personeelvoorsieningskaal in die bylae (par. 3) by sy regulasies, beveel die noodsaaklike addisionele dienste aan en vereis dat die toesighouer of hoof 'n opgeleide kleuterskoolonderwyser moet wees. Hierdie provinsie lê ook neer dat die aanstelling van die hoof onderhewig is aan goedkeuring van die Direkteur.

Ingevolge 'n besluit van die U.K. van Kaapstad, nr. 2562 van 23 Augustus 1956, moet die Kaaplandse Onderwysdepartement by oorweging van 'n subsidie-aansoek besondere aandag daaraan skenk dat die personeel opgelei moet wees. Hierop het die Superintendent Generaal van Onderwys aan die Administrateur geantwoord:

„ . . . only if the Department is satisfied that adequate teaching staff is provided for pupils and that satisfactory school accommodation and equipment are available is the granting of aid recommended in any instance to you." (204)

(VI) REGISTERS:

Al vier provinsies vereis dat besonderhede aangaande kleuters en hulle bywoning behoorlik in daarvoor bedoelde registers aangeteken word (Tvl: par. 9; O.V.S.: par. 13(a) en (b); Natal: par. 6 en Kaapprovinsie par. 3).

(VII) KALENDER EN SKOOLURE:

Transvaal (par. 8) lê slegs neer dat dit onderhewig is aan die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys. Die Vrystaat (par. 12(c)) vereis dat die skooldag hoogstens 6 en ten minste 3 uur lank moet wees, terwyl Natal (par. 7) bepaal dat die skooldag, met in begrip van alle pouses, nie korter as vier uur mag wees nie, met dien verstande dat dit uit twee sessies bestaan wat na gelang van plaaslike omstandighede gereël moet word. Beide die Vrystaat (par. 12(d)) en Natal (par. 5) vereis dat die skoolkalender van die Departemente gevolg moet word, behalwe dat

Natal/.........

204. T.O.D.: Afskrifte in lêer 856 - uitbreiding 145, par. 2.

Natal nog bykomstige sub-regulasies in dié verband neergelê het (par. 5(1) (b); (2) en (3)).

(VIII) OPHEFFING VAN HULPTOELAE:

Die volgende redes vir gehele of gedeeltelike staking van die betaling van hulptoelae kan onderskei word:

1. Daling van die inskrywing benede die vereiste minimum: Transvaal 10 (par. 5(b)); O.V.S. 15 (par. 3); Natal 15 (par. 3(2).
2. Wanbestuur of daling van die peil van werksaamhede: Transvaal (par. 5(c); Natal (par. 3(5)); Kaapprovinsie (par. 6); O.V.S. (par. 14.)
3. As geen behoefte vir sodanige skool meer bestaan nie: Kaapprovinsie (par 6): na een jaar kennisgewing; Transvaal (par. 5(a)): nadat die getal wat behoefte het benede 35% van die inskrywing gedaal het.

(IX) GEBOUE EN TERREIN:

Dit is die aanvaarde standpunte van al vier provinsies dat die beherende liggame van kleuterskole of die deur Administrateurs vir stigting van kleuterskole goedgekeurde liggame self verantwoordelik is vir die verkryging en/of oprigting en instandhouding van kleuterskoolgeboue en terreine, asook vir die voorsiening van alle nodige toerusting.

Die Uitvoerende Komitee van Transvaal het egter voor en tot 1947 by twee geleenthede spesiale hulptoelaes goedgekeur as skenkings aan kleuterskole vir die delging van kapitaaluitgawes. Sedert 1947 is geen sodanige aansoeke meer goedgekeur nie.[205]

Na/........

205. T.O.D. : Memo Direkteur van Onderwys, 1960: ongenommerd. (Vgl. ook die reeds aangehaalde verhandeling van die Onderwysburo, par. 54(iv), pag. 26, waarin vermeld word: „Voorbeelde van sulke skenkings is die aan dié Wes-End Kleuterskool (£100 - E.C. 2245 van 1946) en die aan die Pretoria Kleuterskoolkommissie, wat die Wes-End en Goede Hoop Kleuterskole verteenwoordig het (£325 - E.C.R.469 van 1947)".

Na aanleiding van 'n aansoek deur bemiddeling van die K.S.V. van S.A. het die U.K. van die Vrystaat in 1949 hom bereid verklaar om 'n lening tot die helfte van die kapitale koste, bereken teen 4% rente per jaar, te oorweeg.(206) Dit kon egter nie vasgestel word of enige kleuterskool in die Vrystaat van dié aanbod gebruik gemaak het nie. In dieselfde jaar het die Onderwysdepartement van die Vrystaat ook by die Dorperaad van die O.V.S. aanbeveel dat grond gereserveer word vir kleuterskole wanneer uitbreidings in stede en dorpe oorweeg word.(207)

iii) DIE ADMINISTRASIE VAN KLEUTERSKOLE:

Die Vrystaat is die enigste van die vier provinsies waar die administrasie van ondersteunde kleuterskole langs die normale administratiewe kanale van die Onderwysdepartement geskied. In Transvaal moet alle korrespondensie i.v.m. kleuterskoolsake in die eerste plek aan die Inspektrise van Onderwys in Johannesburg gestuur word. In geval van die Kaapprovinsie en Natal word in die reël direk met die Onderwysdepartemente onderhandel.

Transvaal het met sy drie Inspektrises van Onderwys vir kleuterskoolsake die naaste gekom aan 'n afsonderlike Sub-Departement vir kleuterskole. In geeneen van die provinsies word kleuterskoolaangeleenthede uitsluitlik deur afsonderlike amptenare behartig nie.

c. DIE ONTWIKKELING VAN PROVINSIALE HULPTOELAES t.o.v. KLEUTERSKOLE:

(I) TRANSVAAL:

Die volgende tabel toon die groei in die grootte van hoofdelike subsidies t.o.v. blanke kleuters aan:(208)

TABEL I:/........

---

206. O.D.O.V.S. : Afskrif van U.K. - besluit nr. 199 van 1949, lêer Z 443/4.

207. O.D.O.V.S. : op cit.,

208. T.O.D. : Memo Direkteur van Onderwys, 1960; ongenommerd.

TABEL I: Die ontwikkeling in hoofdelike subsidies in Transvaal:

| J a r e: Jare. | Julie 1936 - Maart 1942. | April 1942 le Kwt. 1945. | 2e Kwt.1945 - le Kwt. 1955. | 2eKwt. 1955 - tans. |
|---|---|---|---|---|
| Sub. per kind per jaar. | R6. | R12. | R20. | R40. |

Op 27 September 1946 het die U.K. ook die beginsel aanvaar van subsidiëring van kleuterskole vir kleurling- en Asiate kinders. Vanaf 1 April 1948 is 'n toelae van R16 per kind per jaar betaal. Vanaf 1955 is hierdie toelae verhoog na R32 per kind per jaar.(209)

Die volgende tabel toon die groei vir enkele jare aan in die totale bedrag waarvoor begroot is of wat werklik bestee is t.o.v. blanke, kleurling- en Asiate kleuterskole in Transvaal:(210)

TABLE II: Toename in bedrae begroot (Transvaal).

| Jare. | 1950-51 | 1951-52 | 1952-53 | 1955-56 | 1958-59 |
|---|---|---|---|---|---|
| Bedrag begroot of bestee. | R51,000 | R47,000 | R61,000 | R120,000+ | R168,000+ |

In die reeds aangehaalde verhandeling van die Onderwysburo van die Transvaalse Onderwysdepartement (1953, pag. 24) word as redes vir die toename van die grootte van subsidies genoem:

(1) die stygende lewensduurte;

(2) herhaalde vertoë van die Kleuterskoolvereniging in samehang met die verhoging van salarisse van onderwysers in die provinsie.

(II). KAAPPROVINSIE:

Die volgende tabel toon die groei in die grootte van die subsidies betaal t.o.v. leerlinge, anders as naturelle-

leerlinge,/........

209. T.O.D. : Memo, Direkteur van Onderwys, 1960; ongenommerd. en E. 50/50, gedateer 1.12.1947.

210. T.O.D. : Jaarverslae vir die jare eindigende 1950, 1951, 1952, 1955 en 1958.

leerlinge, in kleuterskole aan:

TABEL III: Ontwikkeling in hoofdelike subsidies in die Kaapprovinsie.

| Jare. | 1942 - 1958 | 1959 - tans. |
|---|---|---|
| Subsidie per kind per jaar. | R12. | R20. |

In Kaapland word die uitbetaling van kwartaallikse subsidies deur die Inspekteurs van Onderwys aanbeveel.[211]

(III) NATAL:

Die volgende tabel toon die groei aan in die drieledige basis van hoofdelike subsidies wat hierdie provinsie ooreenkomstig provinsiale kennisgewing nr. 283 van 1951, soos gewysig deur Provinsiale kennisgewing nr. 368 van 1952, en nr. 28 van 1958, t.o.v. blanke kleuters bewillig het:[212]

TABEL IV: Die ontwikkeling van hoofdelike subsidies in Natal.

| Subsidie per kind per jaar t.o.v. wie skoolgeld betaal word. | 1952-1958 | 1959-Tans. |
|---|---|---|
| 1. Tot hoogstens 25% van die voorgeskrewe gelde. | R28. | R40. |
| 2. Meer as 25% maar hoogstens 75% van die gelde. | R20. | R30. |
| 3. Meer as 75% van die voorgeskrewe gelde. | R12. | R20. |

(IV) ORANJE-VRYSTAAT:

Die volgende tabel toon vir enkele jare, waarvan die gegewens uit beskikbare bronne opgespoor kan word, die bedrae wat hierdie provinsie aan die salarisse van opgeleide blanke kleuterskoolonderwyseresse bestee het, toelaes en die salarisse van onderwyseresse ingevolge U.K.-besluit nr. 517(c) van 5 Junie 1956 is ingesluit:

Tabel V:/.........

211. K.O.D. : Vgl. voorbeeld in lêer Z 856/58, gedateer 7 Sept. 1957.
212. N.O.D. : Provinsiale Kennisgewing nr. 160 van 31 Maart 1959.
Webber, V.K. : „The Development of Nursery Education in South Africa", pag. 108 verder.

TABEL V: Bedrae bestee deur die Oranje-Vrystaat:

| JARE | AANTAL ONDERWYSERESSE | TOTALE SALARISSE. |
|---|---|---|
| 1940 | 3 | R 1,348. |
| 1941 | 4 | R 1,872. |
| 1954 | 13 | R24,872. |
| 1959 | 10 | R19,660. |

(213)

d. VOEDINGTOELAES AAN KLEUTERSKOLE:

Kleuterskole in Transvaal is in 1948 ingesluit in die provinsie se skoolvoedingskema en 6d (5 sent) per kleuter per skooldag is dienooreemkomstig aan alle ondersteunde kleuterskole betaal. In 1954 is die toelaag verminder na 3d. (2½c.) per kleuter per dag, in 1959 na 2d. (2c.), en in 1960 is dié toekenning gestaak, tegelyk met die staking daarvan in die provinsiale skole.

Aan 'n deputasie van die K.S.V. van S.A. het die Transvaalse Administrateur hom nie bereid verklaar om 'n praktyk in kleuterskole te steun wat nie eens in die provinsiale skole toegepas word nie, en hy het aanbeveel dat by die Departement van Volkswelsyn aangeklop word om hulp in dié verband m.b.t. werklik behoeftige kleuters.(214)

e. DIE TOENAME IN DIE GETAL PROVINSIAAL GESUBSIDEERDE KLEUTERSKOLE:

i) Tabel: /.........

---

213. O.D.O.V.S. : Vgl. gegewens in lêers Z 443/1, 6 en 7.

214. K.S.V. van S.A.: Memorandum insake Voedingtoelaes(1960), aan die Administrateur van Transvaal gesamentlik voorgelê deur die K.S.V. van S.A., die Suid-Afrikaanse Nasionale Vroueraad en die Transvaalse Vereniging vir Kleuteropvoeding; stukke van die K.S.V. van S.A.

Vgl. ook die verslag van 'n onderhoud wat lede van die U.K. van die K.S.V. van S.A. met die Administrateur van Transvaal gevoer het?; stukke van die K.S.V. van S.A.

**e) Die toename in die getal Provinsiaal gesubsidieerde Kleuterskole:**

(i) Tabel:

Die volgende vergelykende tabel toon baie duidelik die toename in die getal gesubsidieerde kleuterskole, met hulle inskrywings en getal onderwysers, in die onderskeie Provinsies, insoverre die syfers vir die verskillende jare opgespoor kon word:

TABEL VI: TOENAME IN DIE GETAL ONDERSTEUNDE KLEUTERSKOLE IN S.A.

| JARE | TRANSVAAL | | | | | | ORANJE-VRYSTAAT | | | KAAPPROVINSIE | | | | | NATAL | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | SKOLE | | INSKRYWINGS | | ONDERWYSERS IN SKOLE VIR | | SKOLE | INSKR. | OND. | SKOLE | | INSKRYWINGS | | O | SKOLE | INSKR | O |
| | Blank | Gekl | Blank | Gekl | Blank | Gekl | Blank | Blank | Blank | Bl. | Gekl. | Blank | Gekl | | Bl.en Gekl. | Bl.en Gekl. | |
| 1936 | 7 | | 303 | | | | | | | | | | | | | | |
| 1937 | 10 | | | | | | 2 | | | | | | | N | | | N |
| 1940 | | | | | | | 2 | | | | | | | I | | | I |
| 1941 | 12 | | 542 | | | | 2 | 94 | 3 | | | | | E | | | E |
| 1942 | | | | | | | 4 | 140 | 4 | 5 | 4 | 140 | 157 | | | | |
| 1943 | | | | | | | 4 | | | 5 | 9 | 151 | 359 | B | | | B |
| 1944 | | | | | | | 4 | | | 5 | 11 | 128 | 560 | E | | | E |
| 1945 | | | | | | | 5 | | | 9 | 11 | 222 | 611 | S | | | S |
| 1946 | | | | | | | | | | 8 | 10 | 256 | 571 | K | | | K |
| 1947 | | | | | | | 7 | | | 7 | 10 | 254 | 578 | I | | | I |
| 1948 | | | | | | | 7 | | | 8 | 10 | 297 | 547 | K | | | K |
| 1949 | 50 | 3 | 2,197 | ? | | | | | | 8 | 10 | 297 | 578 | B | 4 | 189 | B |
| 1950 | 56 | 3 | 2,524 | ? | | | | | | 8 | 13 | 289 | 802 | A | 4 | 123 | A |
| 1951 | 60 | 3 | 2,862 | ? | | | | | | 7 | 13 | 349 | 891 | A | 4 | 177 | A |
| 1952 | 66 | 3 | 2,918 | ? | | | | | | 7 | 13 | 355 | 924 | R | 12 | 512 | R |
| 1953 | 70 | 3 | 3,150 | ? | | | | | | 7 | 13 | 345 | 940 | | 13 | 623 | |
| 1954 | | | | | | | 13 | 454 | 21 | 7 | 13 | 337 | 992 | N | 15 | 703 | N |
| 1955 | 79 | 4 | 3,467 | 155 | 275 | 10 | | | | 7 | 13 | 321 | 989 | I | 14 | 750 | I |
| 1956 | 74 | 4 | 3,313 | 163 | 219 | 13 | | | | 9 | 16 | 357 | 1,074 | E | 15 | 779 | E |
| 1957 | 78 | 4 | 3,503 | 249 | 262 | 14 | | | | 10 | 18 | 391 | 1,200 | | 17 | 887 | |
| 1958 | 81 | 5 | 3,799 | 299 | 253 | 19 | | | | 11 | 18 | 521 | 1,403 | | 17 | 914 | |
| 1959 | 86 | 5 | 4,318 | 242 | 288 | 13 | 10 | 487 | 15 | 11 | 18 | 563 | 1,311 | | 15 | 767 | |
| 1960 | | | | | | | | | | 11 | 18 | 532 | 1,331 | | 16 | 905 | |
| 1961 | 102 | 5 | 5,825 | ? | 387 | ? | 14 | 621 | 28 | 17 | 23 | 763 | 1,658 | | 17 | 974 | |
| | 1(a) | 1(b) | 1(c) | 1(d) | 1(e) | 1(f) | 2(a) | 2(b) | 2(c) | 3(a) | 3(b) | 3(c) | 3(d) | 3(e) | 4(a) | 4(b) | 4(c) |

OPMERKINGS:

(I) Die syfers in bostaande tabel is van die volgende bronne verkry:

Transvaal: Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys: die opgaafvorms van blanke kleuterskole vir Desember 1961; en die argiewe van die K.S.V. van S.A.

Oranje-Vrystaat: O.D.O.V.S. lêers Z.443/1 - 8.

Kaapprovinsie: Onderwysstatistiek K.O.D., kamer 333.

Natal: Syfers verstrek deur die Sekretaris van Onderwys: en die Statistiese Byvoegsel N.O.D., September 1961.

(II) Die syfers t.o.v. Natal verteenwoordig gesubsideerde kleuterskole (4(a)) en kleuters (4(b)) vir blankes en gekleurdes. (Kyk egter ook ii),(I) en (II) hieronder).

(III) Die getalle kleuters in Transvaal (1(c)) vir die jare 1949 tot 1953 verteenwoordig blykbaar blanke en gekleurde kleuters.

(IV) Die Oranje-Vrystaat ondersteun nie kleuterskole vir gekleurdes nie.

(V) Die getalle onderwyseresse in Transvaal (1(c) en (f)) en die Vrystaat (2(c)) verteenwoordig opgeleide en onopgeleide kleuterskoolonderwyseresse. Vir Natal (kyk egter ii),(III) hieronder) en die Kaapprovinsie was die gegewens nie beskikbaar nie.

ii) DIE OMVANG VAN PROVINSIAAL GESUBSIDEERDE KLEUTERONDERWYS TEEN DIE EINDE VAN 1961:

(I) KLEUTERSKOLE VIR BLANKE KINDERS:

TABEL VII/.....

TABEL VII: Getal kleuters in ondersteunde kleuterskole: (1961)

| Provinsies. | Aantal Kleuter-skole. | Inskrywings. | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Seuns | Meisies | Totaal |
| Transvaal | 102 | 3033 | 2792 | 5,825 |
| Oranje-Vrystaat | 14 | 321 | 300 | 621 |
| Kaapprovinsie | 17 | - | - | 763 |
| Natal | 15 | - | - | 856 |
| TOTAAL | 148 | - | - | 8,065 |

OPMERKINGS: Die gemiddelde inskrywing per kleuterskool volgens bostaande tabel is dus 54.5.

(II) KLEUTERSKOLE VIR GEKLEURDES:

Teen die einde van 1961 is die volgende aantal kleuterskole vir Kleurlinge en Indiërs deur drie provinsies ondersteun:

TABEL VIII: Getal gekleurdes in ondersteunde kleuterskole. (1961)

| PROVINSIE | AANTAL KLEUTERSKOLE | INSKRYWINGS. |
|---|---|---|
| Transvaal | 5 | ± 250 |
| Kaapprovinsie | 23 | 1,658 |
| Natal | 2 | 118 |
| TOTAAL : | 30 | 2,026 |

OPMERKINGS: 1. Die gemiddelde inskrywing per kleuterskool volgens bostaande tabel is dus nagenoeg 67.5.

2. Vergelyk vir Natal die Statistiese Byvoegsel tot die maandberig aan skole, N.O.D., September 1961.

(III) DIE/......

III. DIE PERSONEELPOSISIE IN GESUBSIDEERDE KLEUTERSKOLE IN TRANSVAAL, ORANJE-VRYSTAAT EN NATAL SOOS IN SEPTEMBER - DESEMBER 1961.

TABEL IX.

| PROVINSIE. | ONDERWYSERESSE. | | |
|---|---|---|---|
| | OPGELEI | ONOPGELEI | TOTAAL |
| TRANSVAAL | 150 | 237 | 387 |
| ORANJE-VRYSTAAT | 20 | 8 | 28 |
| NATAL | 15 | 29 | 44 |

OPMERKINGS: 1). Die gegewens vir Transvaal is geneem uit die jaarlikse opgaafvorms van Kleuterskole aan die T.O.D. vir Desember 1961. Vir die doel van hierdie tabel is enkele onderwyseresse wat oor die Nasionale sertifikaat vir Kleuterskool-hulponderwyseresse beskik en onderwyseresse wat aan die Joodse Seminarie opgelei is saam met behoorlik opgeleide kleuterskoolonderwyseresse gereken.

2.) Die syfers vir Natal verteenwoordig die personeel van 14 kleuterskole soos verstrek deur 'n eksterne informant verbonde aan die N.O.D., terwyl die van die Vrystaat verstrek is deur die Sekretaris van die Onderwysdepartement van daardie provinsie.

3.) Die gemiddelde getal kleuters per onderwyseres in die kleuterskole van die drie provinsies (55.7 kleuters, synde die gem. inskrywing per skool in die drie provinsies, buite rekening gelaat t.o.v. die een skool in Natal waarvan geen personeelgegewens beskikbaar was nie) kom dus op 13.6 te staan, terwyl die gem. per opgeleide kleuterskoolonderwyseres nagenoeg 39.2 is.

4.) Die getal opgeleide onderwyseresse vorm slegs 40.3% van die totale getal diensdoende onderwyse-

resse in die/.....

resse in die drie provinsies saam. In Transvaal is 38.8%, in Natal 34.1% en in die Vrystaat 71.1% van die kleuterskoolonderwyseresse in daardie provinsies opgeleide onderwyseresse.

f. SAMEVATTENDE AFLEIDINGE:

Uit die voorgaande oorsig van die ontwikkeling van Provinsiale beheer, beleid en praktyk kan nou afgelei word:

i) Daar bestaan geen sprake daarvan dat kleuteronderwys 'n integrale deel van die land se onderwysstelsel(-s) is nie. Wat meer is, in S.A. het die erkende of gesubsideerde kleuterskool geen by landswet bepaalde amptelike tuiste nie, soos bv. in Engeland en Wallis nie en soos dit hier te lande die geval is met alle laer, middelbare en hoër onderwys nie, maar dit het veeleer die "onegte kind" onder maatskaplike dienste geword, waarvoor die verantwoordelikheid om die beurt deur die onderskeie owerhede mekaar voor die voete gelê word. Daardie toestand moet hoofsaaklik toegeskrywe word aan die feit dat dit hier te lande nog nooit finaal uitgemaak is of die kleuterskool in die eerste plek 'n onderwysdiens, 'n welsynsdiens of 'n gesondheidsdiens is nie en die tuiste van die kleuterskool dienooreenkomstig nie afdoende bepaal is nie.

ii). Hoewel die feite dat die Provinsies eerste die verantwoordelikheid van subsidering van kleuterskole aanvaar het, die Unieregering in 1941 aan die Provinsies 'n toelaag ter ondersteuning daarvan bewillig het, die Sentrale regering vanaf 1945 50% tot alle provinsiale uitgawes bydra en hierdie inrigtings algemeen in die praktyk deurgaan onder die naam "skole", daarop dui dat dit 'n provinsiale onderwysverantwoordelikheid is, buite die Onderwysdepartemente in die

eerste plek/....

eerste plek so gesien word en in die praktyk in toenemende mate als gevestig raak, het die Onderwysdepartemente tot op hierdie stadium nog nie een ten volle verantwoordelikheid vir kleuteronderwys aanvaar nie en bemoei die Provinsiale Administrasies hulle nie met die daarstelling en algehele instandhouding van kleuterskole nie. Die verantwoordelikheid vir kleuterskole kom dus in die praktyk neer op privaat inisiatief met provinsiale steun. Waar Art. 85(iii) van die "Zuid-Afrika Wet", aan Provinsiale Rade mag gegee het oor „Onderwÿs , uitgezonderd hoger onderwÿs, voor vyf jaren tot het Parlement anders bepaald," moet afgelei word dat nie een van die Provinsies hierdie diens, kleuterskole, na die bedoeling van die wet as onderwys beskou nie en hulle daarom nie wetlik verplig ag om die verantwoordelikheid van informele kleuteronderwys te aanvaar nie. Desondanks het die toename in die getal kleuterskole en die toename in omvang van die hoofdelike subsidies en andersins die verantwoordelikhede van die Provinsies t.o.v. die diens sodanig verhoog, dat steeds omvangryker beheermaatreëls oor privaat inisiatief toegepas is en die kleuterskool vandag as permanente deel van die Provinsiale Administrasies se onderwyswerksaamhede aanvaar moet word.

iii). Die vraagstuk van verantwoordelikheid het vir die Provinsies besondere probleemvrae na vore gebring, wat allereers afdoende beantwoord sal moet word alvorens ten volle verantwoordelikheid vir die diens aanvaar sal word. Die belangrikste daarvan is:

(I) Is die oorwegend opvoedkundige waarde van die kleuterskool vir alle kinders bo alle twyfel gestel?

(II) Indien die Provinsies, op grond van die opvoedkundige belangrikheid van kleuterskole

vir alle /....

vir alle kinders, ten volle verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar, wat behels die begrip „volle verantwoordelikheid"? In hoeverre sal die beginsel van ouerlike verantwoordelikheid vir die opvoeding van voorskoolse kinders daardeur aangetas word? Of, in watter besondere verhouding tot mekaar moet die verantwoordelike partye in die organisasie van kleuteronderwys dan betrek word?

(III) In hoeverre is georganiseerde voorskoolse opvoeding 'n lands- of volksbehoefte?

(IV) Hoe moet doeltreffend voorsien word in die vraag na voldoende behoorlik opgeleide kleuterskool-onderwyseresse, wat as deskundiges reg aan die wese van kleuteropvoeding kan laat geskied?

(V) Watter toename in onderwysuitgawes sal die aanvaarding van „volle verantwoordelikheid" vir die Provinsie meebring? Sal die belastingbetaler gewillig wees om vir die doel bykomstige belastings te betaal en hoe sal dit die populariteit van die regeerder beïnvloed?

iv). In die Provinsiale regulasies en praktyk kom bepaalde leemtes voor waarop hier kortliks gewys moet word:

(I) Slegs Natal en die Kaapprovinsie vereis die registrasie van alle kleuterskole. Natal verseker ten minste ook dat die wese van die tipe inrigting nie in die praktyk verkrag sal word nie deur te verbied dat 'n inrigting wat nie as sodanig geregistreer is nie onder die naam „kleuterskool" bekend sal staan. In die ander twee provinsies is vrye teuels gelaat aan die bestaan van onbeheerde "mushroom schools". Die vereiste van eersgenoemde Provinsies ten spyt, bestaan daar in hulle ook nie-geregistreerde privaat-

ondernemings/...

ondernemings wat dikwels as „afgewaterde" kleuterskole om finansiële gewin voorskoolse kinders betrek. Hoewel van die standpunt uitgegaan mag word dat die verantwoordelikheid by die ouer op grond van sy private prerogatief berus om sy kind na 'n voorskoolse inrigting of sentrum te stuur soos hy (die ouer) verkies, is dit andersyds verantwoordelikheid van die Staat om ook, hetsy deur sy welsyns- of opvoedkundige diens, te waak oor die belange van die opkomende geslag en deur behoorlike beheer toe te sien dat slegs kultureel, maatskaplik en opvoedkundig bevorderlike dienste aan sy burgers (-esse) verskaf sal word. Also kon ook al veel gedoen gewees het om kleuteropvoeding in sy ware wese van moontlike assosiasie met versorgingsoorde en oningeligte antagonisme te vrywaar.

(II) Die provinsies maak in praktyk geen onderskeid tussen halfdag- en voldagkleuterskole nie; alle erkende kleuterskole ontvang dieselfde subsidie of steun. 'n Belangrike vraag is in hoeverre die voldagskole oorwegend sosiale instellings is waarvoor die Onderwysdepartement dan stilswyend in praktyk verantwoordelikheid aanvaar, sodoende die terrein van die Departement van Volkswelsyn betree en hierdie praktyk juis die vraagstuk na die tuiste van kleuteronderwys verhewig.(215)

(III( Slegs twee Provinsies vereis dat kleuters deur daartoe bevoegde persone in hulle natuurlike spreektaal aangespreek en onderrig sal word, terwyl geen Provinsie/...

---

215: Vgl. die T.O.D. Verslag vir die jaar eindigende 31 Desember 1956, pag. 16.

Provinsie uitsluitlik moedertaalkleuterskole vir subsidiedoeleindes vereis nie. Aangesien die sogenaamde gemengde kleuterskole vir blankes algemeen gangbare praktyk is, (216) word 'n stelsel van kulturele vermenging, waarby die moontlikheid van die toepassing van 'n dubbelmediumstelsel prakties geskep word op 'n, soos algemeen aanvaar word, vir die kind uiters ontvanklike stadium in sy lewe oogluikend toegelaat en deur al groter subsidies bevorder. (Kyk verder hoofstuk III hieronder).

(IV) Op grond van hulle aanvaarde beleide het Transvaal, die Kaapprovinsie en Natal nog as't ware niks gedoen om die ernstige tekort aan opgeleide kleuterskoolonderwyseresse die hoof te bied nie en daarmee te verseker dat enersyds die peil van voorskoolse onderwys tot voordeel van die kind ten beste verhoog sal word en die hoë geldelike uitgawes sal regverdig, en andersyds sekuriteit aan 'n tot nog toe „vlottende kleuterskool-personeelkorps" te bied deur behoorlike diensvoorwaardes en salarisskale daar te stel. (217) Die O.V.S. verseker in teorie deur sy beleid ten minste 'n hoë peil van gesubsideerde kleuteronderwys en sekuriteit aan kleuterskoolonderwyseresse, maar vul self nie die tekort aan opgeleide onderwyseresse aan nie. Die hele probleem van tekort aan kleuterskoolonderwyseresse moet eerstens ook gesien word in die lig van die feit dat twee uit die drie opleidingssentra berig dat dit hoofsaaklik Engelssprekende dames is wat hulle vir die

tipe opleiding/....

---

216: Vgl. die T.O.D. Verslag vir die jaar eindigende 31 Desember 1956, pag. 15.

217: Vgl. ook die T.O.D. se jaarverslae vir die jare 1956 en 1957.

tipe opleiding aanbied, en tweedens ook teen die agtergrond van die voertaalvraagstuk in die kleuterskool van gemengde blanke nasionaliteite. Daarmee word allermins beweer dat hierdie onderwyseresse nie tweetalig is nie.

v) Uit die gegewens betreffende die omvang van gesubsideerde kleuteronderwys in die vier provinsies kan die volgende afleidinge gemaak word :

(I) Die getal gesubsideerde kleuterskole vir blanke kinders toon in die geval van al vier provinsies 'n steeds stygende neiging: sedert 1949 het die getal skole in Natal (Kolom 4(a) van tabel VI ) vervierdubbel en in elk van die drie ander provinsies ten minste verdubbel (kolomme 1(a), 2(a) en 3(a)). So het ook die getal kleuters in die skole toegeneem: in 1961 was in Natal reeds meer as vyf keer soveel kleuters in kleuterskole as in 1949, terwyl die inskrywings van Transvaalse en Kaaplandse Kleuterskole in 1961 ongeveer twee-en-half keer soveel was as in 1949. Uit die jaarverslae van die Direkteur van Onderwys van Transvaal vir die jare 1958 en 1959 blyk dit dat by die bevolking, in Transvaal altans, 'n groeiende behoefte aan kleuterskole bestaan en word verdere uitbreiding van die diens verwag. Dit is dan ook opvallend dat die getal ondersteunde kleuterskole in Transvaal vanaf 1959 met 16 vermeerder het.

(II) Kleuteronderwys vir blanke kinders het in Transvaal die uitgebreidste omvang: in hierdie provinsie word meer as dubbel die getal kleuterskole in die ander provinsies saam ondersteun. (102 teenoor 48).

(III) In die Kaaprovinsie het die getal kleuterskole vir Kleurlinge en Indiërs die grootste omvang bereik: 23 teenoor 7 van Transvaal en Natal

saam/.....

saam.

(IV) Die personeelposisie toon 'n nypende tekort aan opgeleide kleuterskoolonderwyseresse in Transvaal en Natal. Die verwagting is dat dit in die Kaapprovinsie nie anders gesteld is nie. In die Vrystaat, waar soos reeds gesien die salarisse van opgeleide onderwyseresse deur die Onderwysdepartement betaal word en hulle die sekuriteit van gelyke diensvoorwaardes en status met laerskool-onderwyseresse mag geniet, is die posisie heelwat gunstiger. Hoewel dit nie veel aan die posisie in kleuterskole vir blanke kinders sal verbeter nie, moet in gedagte gehou word dat dit hoofsaaklik blanke onderwyseresse is wat kleuteronderwys vir gekleurdes behartig. In Transvaal was in 1959 9 uit 13 van hierdie onderwyseresse blankes.(218)

6. <u>DIE HUIDIGE OMVANG VAN KLEUTERONDERWYS IN SUID-AFRIKA</u>:

a) Die tabel op pag.136 gee enigsins 'n gesistematiseerde beeld van die aantal kleuterskole en -klasse waarvan die opsteller bewus is dat hulle teen die einde van 1961 in Suid-Afrika bestaan het.

<u>OPMERKINGS BY TABEL X</u>:

1). Die getalle teenoor (a) is verkry uit die amptelike lyste van geregistreerde skole van die Provinsies. Die getalle vir die Kaapprovinsie en Natal is soos op 30 September 1961 en die van Transvaal en Vrystaat soos in Desember 1961. By hierdie getal is ook ingesluit i) die 6 gekombineerde versorgingsoord - kleuterskole (cum-crèches) wat in die land bestaan en waarvan die kleuterskoolafdeling deur die Provinsies

ondersteun/... (pag.137)

---

218: T.O.D.: Verslag vir die jaar eindigende 31 Desember 1959.

TABEL X : GESISTEMATISEERDE OPGAWE VAN KLEUTERSKOLE EN -KLASSE IN S.A. (1961)

| AARD VAN VERANTWOORDELIKHEID. | TRANSVAAL. | | KAAP-PROVINSIE. | | NATAL. | | O.V.S. | TOTAAL. | | GROOT TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bl. | Gekl. | Bl. | Gekl. | Bl. | G. | Bl. | Bl. | G. | |
| 1. Private Liggame, deur Provinsies gesubsidieer | 102 | 5 | 17 | 23 | 15 | 2 | 14 | 148 | 30 | 178 (a) |
| 2. Dept. O.K.W. Stig en onderhou geheel: | | | | | | | | | | |
| (a) Aan Huishoudskole : | 1 | | 1 | | | | | 2 | | |
| (b) Aan Industriële Skole | | | | | | | 1 | 1 | | |
| (c) Aan Opleidings kolleges | 3 | | 3 | | | | | 6 | | 9 (b) |
| 3. Spesiale Kleuterskole, vir afwykendes, ondersteun deur D.O.K.W. | 3 | | 1 | | | | | 4 | | 4 (c) |
| 4. Onafhanklike Persone en Liggame | | | | | | | | | | |
| (a) Geregistreer: | | | | | | | | | | |
| i) Seksioneel : | | | 15 | 2 | | | | 15 | 2 | |
| ii) Privaat : | | | 9 | 3 | | | | 9 | 3 | 29 (d) |
| (b) Nie-Geregistreer: | | | | | | | | | | |
| i) Seksioneel | 5 | | 2 | | 3 | | | 10 | | |
| ii) Munisipaliteite | 1 | | | | | | | 1 | | |
| iii) Sake en Nywerhede | 1 | | | | | | 2 | 3 | | |
| iv) Privaat Persone waarskynlik om eie gewin : | 24 | | 18 | | 2 | | 6 | 50 | | |
| v) Privaat Organisasies waarskynlik nie om gewin: | 9 | | 6 | | 1 | | 1 | 17 | | 81 (e) |
| TOTAAL: BLANK: | 149 | | 72 | | 21 | | 24 | 266 | | 301 |
| TOTAAL: GEKLEURD: | | 5 | | 28 | | 2 | | | 35 | |

L.W.

Bl. staan vir: Kleuterskole vir blankes.

Gekl. of G. staan vir: Kleuterskole vir gekleurdes.

ondersteun word, en ii) 4 van die 5 kleuterskole wat deur die Johannesburgse Munisipaliteit gestig is en beheer word, omdat hulle ook 'n provinsiale subsidie ontvang.

2). Vgl. vir die getalle teenoor (b) Hoofstuk II., 4.g, pag. 82.

3). Vgl. vir die getalle teenoor (c) ook Hoofstuk II. 4(g)(iii), pag.85. Die skool vir blinde kleuters het in 1961 nog nie bestaan nie.

4). Die getalle teenoor (d) is verkry uit die lys van geregistreerde privaat skole in die Kaapprovinsie soos op 30 September 1961, wat deur die Sekretaris van Onderwys in Kaapland voorsien is.

5). Die getalle teenoor (e) is verkry uit gegewens verstrek in die eerste vraelys (kyk bylae 1) wat uitgestuur is, asook van die Stadsklerk in Johannesburg. (Vgl. die Inleiding, par. 3, pag. vi hierbo.) Hierdie 81 skole verteenwoordig die nie-geregistreerde of nie-erkende kleuterskole in die land. Die 10 skole of klasse teenoor 4 b (i) is nie-geregistreerde of nie-gesubsideerde Roomskatolieke en Joodse kleuterskole en -klasse, terwyl die 50 skole teenoor 4 b (iv) die sogenaamde "mush-room schools" verteenwoordig. Die skole teenoor 4 b (v) word hoofsaaklik deur liefdadigheidsorganisasies georganiseer.

6). In die ware sin van die woord is onder die 266 kleuterskole en -klasse vir blankes slegs 12 kleuterklasse, verbonde aan Roomskatolieke kloosterskole (Vgl. 4 e (iii) pag.78 hierbo) soos opgeneem in die getalle teenoor 4 a (i) en 4 b (i) van die tabel.

b) Indien nou 'n gemiddeld van 40 kleuters per skool en of klas, geregistreer en privaat tesame, geneem word, (Vgl. Hoofstuk III 6 (c)(iii), pag.196) dan was daar

teen die/.....

teen die einde van 1961 10,440 kleuters tussen die ouderdomme 2 tot 6 jaar in 266 kleuterskole en -klasse in die Republiek. Dit verteenwoordig by benadering 3% van die totale getal blanke kinders tussen 2 en 6 jaar wat daar in die Republiek was met die sensus-opname in September 1960. 'n Suiwer berekening is nie moontlik nie, nie alleen omdat tabel X nie bedoel is om 'n volledige opname van alle kleuterskole en -klasse in die Republiek weer te gee nie, daar selfs nie 'n presiese opname van die totale inskrywing van die 266 kleuterskole en -klasse moontlik was nie en die berekende opname ooreenkomstig tabel X en die verstrek deur die Direkteur van Sensus en Statistiek twee afsonderlike jare geld nie, maar ook omdat met die sensus geen afsonderlike opname gemaak is van die getalle kinders in elke lewensjaar tot die vierde jaar nie en die getal kinders tussen die ouderdomme 2 tot 4 jaar uit 'n totale getal van 354,905 van die ouderdomme 0 tot 4 jaar by benadering bereken moes word ooreenkomstig die verhoudinge weerspieël in die syfers van die bevolkingsensus van 1951, toe 'n afsonderlike opname van die getal kinders vir elke lewensjaar gemaak is. Daar is also bevind dat daar in 1960 in die Republiek die volgende getalle kinders van kleuterskoolouderdom was :

| | | |
|---|---|---|
| twee- tot vierjariges | : | 212,943 |
| vyfjariges .......... | : | 66,669 |
| sesjariges .......... | : | 67,494 |
| | | 347,106 (219) |

Ooreenkomstig die totaal in tabel VI, pag.127 was

dan nagenoeg/...

219: Berekeninge en getalle ooreenkomstig gegewens verstrek deur die Direkteur van Sensus en Statistiek uit die bevolkingsensussyfers van 1951 en 1960.

dan nagenoeg 2.3% van die blanke kinders tussen die ouderdomme 2 en 6 jaar in 148 ondersteunde kleuterskole in die land in 1961. Die kleuterskool in Suid-Afrika is dus 'n onderneming van beperkte omvang.

c). Daarbenewens kom dit in sy beperking hoofsaaklik ook in stedelike en semi-stedelike gebiede in Suid-Afrika voor. Slegs 16.1% van die 266 kleuterskole vir blankes in tabel X genoem is op plattelandse dorpe of sentra gevestig. Die res (83.9%) is almal in stedelike en semi-stedelike gebiede aan te tref waaronder gereken is Pretoria, die hele Randse gebied, Vereeniging en Vanderbijlpark, Bloemfontein, Kroonstad en die Vrystaatse Goudvelde, Kaapstad en voorstede, Port Elizabeth, Oos-Londen, Pietermaritzburg en Durban. Van die 266 kleuterskole is 31.8% alleen in Johannesburg en Pretoria gevestig.

7. <u>SLOTOPMERKINGE OOR DIE ONTWIKKELING VAN DIE KLEUTERSKOOL IN SUID - AFRIKA</u>:

a. Onteenseglik is die gedagte en eerste poginge tot daarstelling van voorskoolse versorging, naas die diens wat die Departement van Volkswelsyn gebied het, hier te lande soos in Engeland uit sosio-ekonomiese nood gebore, teen die begin van die dertigerjare. Geen oorseese faktor was dan direk verantwoordelik vir die ontstaan van die Suid-Afrikaanse kleuterskool nie. Daar kan hoogstens beweer word dat die Suid-Afrikaanse kleuterskool uiteindelik na die voorbeeld van sy geesverwante in veral Engeland en Amerika ingerig is, want pogings tot die daarstelling van sisteem in die nuwe gedagte tree dan eers in as die leiding uit liberaalopvoedkundige oord, na die konferensie van die New Education Fellowship (1934), na vore kom.

b. Hoewel/ .....

b. Hoewel vanuit hierdie oord, sterk onder invloed van die kinderstudiebeweging en die nuwe opvoedkundige strominge in hierdie eeu, in benadering en formuleringe 'n inrigting met opvoedkundige program gans anders as die versorgingsoord beoog en bepleit is, sou die kleuterskool in Suid-Afrika nog vir baie jare - indien nie volgens die opvatting van baie mense en onderwysowerhede vandag nog, deur veral die medebemoeienisse van allerlei liefdadigheids- en ander nie-opvoedkundige liggame, gekenmerk staan as 'n tipe versorgingsoord met 'n gesistematiseerde program ter wille van voorskoolse kinders in bepaalde maatskaplike omstandighede vasgevang. Tot daardie opvattinge het die Suid-Afrikaanse kleuterskoolbeweging aanvanklik nie min bygedra nie, met sy aanvangsbeleid ter wille van 'n „small beginning."

Dit was eers na die stigting van die Kleuterskoolbeweging van Suid - Afrika (1939) en veral na die Tweede Wêreldoorlog, dat vir al meer kleuterskole om hulle opvoedkundige belangrikheid na die opvatting van die voorstanders van die beweging gepleit is, en also by die algemene publiek gepropageer is. Die klem het in hierdie tyd dan ook opmerklik verskuif van die agitasie om voorsiening van diè diens aan behoeftige, maatskaplik minderbevoorregte en/of sosiaal ontwrigte kinders na die pleit om aanvaarding en daarstelling daarvan aan alle kinders van voorskoolse ouderdom tussen 2 en 6 jaar.

c. Dit is duidelik dat die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika, na die patroon van Engeland en Amerika, aan die kleuterskool in Suid-Afrika gestalte en inhoud gegee het. Daardie gestalte en inhoud is

op grond/....

op grond van die bevindinge van die sielkunde en biologie die afgelope 50 jaar opgebou en die argument van noodsaaklikheid van die voorsiening van kleuterskole gegrond in die aanpassingsprobleme van die moderne gesin aan 'n snel veranderende en veeleisende maatskappy. Tevergeefs word dan ook na Skriftuurlike grondslae in die beskouinge van diè Vereniging gesoek, terwyl dit hoogstens 'n liberale godsdiens huldig en in die lig daarvan 'n godsdienstig en nasionale neutrale kleuterskool voorstaan.

d. Om daardie bepaalde rede is ook teenkanting vanuit Afrikaans-Christelike kant ondervind. Dit is ook opvallend dat die amptelike bemoeiinge van twee Afrikaanse kerke in die praktyk beperk gebly het tot die voorsiening van diè tipe onderwys en opvoeding aan weeskinders, vir wie die fundamentele beskermende en opvoedende funksies van 'n huisgesin weggeval het of deur ontwrigting in verval geraak het. Hierdie praktyk dui op toepassing van kleuteronderwys as bruikbaar wanneer dit die ouerlike funksies geheel vervang.

e. Van owerheidsweë aanvaar slegs die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ten volle verantwoordelikheid vir die deur hom gestigte kleuterskole. Die provinsiale beleide en praktyk is uiteenlopend, terwyl geeneen van die provinsies nog kleuteronderwys as onderwysverantwoordelikheid aanvaar het nie, en hoewel die Vrystaatse beleid die sterkste dui op 'n staatstelsel van kleuterskole, bly die probleem van wetlike tuiste en verantwoordelikheid vir kleuteronderwys tot op hede onbeantwoord in hierdie land en is daarmee 'n ernstige leemte en behoefte geskep aan vastigheid en uniformiteit t.o. hiervan in 'n

beskaafde/....

beskaafde demokratiese staat.

In Transvaal is die hele kleuterskoolgedagte in beleid en praktyk, kwantitatief vir 40% altans, gekenmerk as 'n sosiale diens, terwyl die gedagte om kleuterskole 'n verantwoordelikheid van nie-opvoedkundige liggame soos munisipaliteite te maak, alleen die gedagte versterk dat hierdie provinsie nie oortuig is van die onderwyswaarde van hierdie inrigtings vir sy formele skole nie en dit bloot as 'n maatskaplike diens met bepaalde maatskaplike en mediese voordele wil beskou.

Daar bestaan bowe-al uit die aard van hulle onderwysfunksies 'n kloof tussen die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap aan die een kant en die provinsiale departement aan die ander kant en tewens geen skakeling wat betref die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse nie.

Uit die beleid en propagering van en deur die kleuterskoolverenigings in Suid-Afrika is dit af te lei dat geagiteer word vir opname van die kleuterskool in die neutrale staatskoolstelsel.

f. Die inrigtings en afdeling vir die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse is nie openlik verklaarde Christelik-Nasionale instellings nie.

g. Hoewel meerderheid Onderwyskommissies asook die Onderwyshoofde van die provinsies na 1940 herhaalde male die daarstelling van kleuterskole om hulle opvoedkundige waarde aanvaar en bepleit het, die kleuterskoolverenigings hulle invloed wyd laat geld het, het die gedagte en die gebruik steeds geleidelik ingeslaan en kan dit selfs op hierdie stadium nie as 'n volks- of nasionale behoefte beskryf word nie.

Die verklaring/....

Die verklaring daarvoor sal in die volgende faktore gesoek moet word:

(i). Vir die Afrikaner sal sy godsdienstige en nasionale opvattinge 'n bepaalde rol in sy oorweginge speel;

(ii). die oningeligtheid van die algemene publiek;

(iii). die feit dat die kleuterskool in Suid-Afrika tot nog toe, anders as die vry onderwys in die provinsiale skole, gereelde vasgestelde geldelike eise aan ouers stel, t.o.v. kapitale en lopende uitgawes;

(iv). die beperkte mate van verantwoordelikheid en ondersteuning wat die provinsiale onderwysdepartemente tot dusver onderneem het. Daarby moet egter in gedagte gehou word, dat die Provinsies sekerlik in die bepaling van hulle beleide en praktyk hulle moet laat lei deur, eerstens die omvang en dringendheid van 'n bepaalde behoefte by die inwoners van die provinsie en tweedens die feit dat die voorsiening van enige bykomstige nie wetlik bepaalde onderwysfunksies, nie ten koste van sy by wet bepaalde onderwysdiens mag geskied nie.

h. Saam met die gedagte van kleuterskole het daar ook gekom en gegroei 'n ongewenste maar nooit in praktyk onwettig gereelde inrigting nie, nl. die privaat, nie-geregistreerde kleuterskool wat om eie gewin deur 'n elk en 'n ieder gestig kan word en die netelige saak van voorskoolse opvoedig, daarmee as't ware op die handelsmark geplaas het, tog is daar ook van hierdie skole wat goeie diens aan die gemeenskap gelewer het.

--- oOo ---